# POËSIE IN 'N GRENSLAND-SITUASIE.

Verkenning van die
ontwikkeling van 'n
tema en 'n houding
in die Afrikaanse
digkuns.

deur

J. VORSTER.

Verhandeling aangebied ter voldoening
aan die vereistes vir die graad
Magister Artium in Afrikaans
aan die
UNIVERSITEIT RHODES GRAHAMSTAD.

Januarie 1963.

## INHOUDSOPGAWE.

VOORWOORD . . . . . i

HOOFSTUK EEN . . . . . 1
Inleiding.

HOOFSTUK TWEE . . . . 10
Die Poësie van die jare ongeveer 1875 tot 1900.

HOOFSTUK DRIE . . . . 31
Die Poësie van die jare ongeveer 1900 tot 1920.

HOOFSTUK VIER . .. . . 52
Die Poësie van die jare ongeveer 1920 tot 1934.

HOOFSTUK VYF . . . . 68
Die Poësie van die jare ongeveer 1934 tot 1945.

HOOFSTUK SES . . . . 85
Die Poësie van die jare ongeveer 1945 tot die hede (1962).

SLOTBESKOUING . . . . 103

BIBLIOGRAFIE . . . . 106

# VOORWOORD

In hierdie studie word 'n poging aangewend om 'n sekere aspek van, en 'n sekere ontwikkeling binne die Afrikaanse Poësie toe te lig.

Onder Afrikaanse Poësie verstaan ons enige digwerk in Afrikaans, sy dit epies, liries of dramaties.

Omdat ons o.m. belangstel in 'n sekere ontwikkeling, is ons uiteraard op 'n chronologiese indeling aangewys. Verskeie faktore (geskiedenis, kwaliteit van digwerk of gebrek aan kwaliteit, ens.) het daartoe bygedra dat ons in die Afrikaanse Poësie vyf groot periodes het wat vrywel onbestrede aanvaar word: die tydperk van die Genootskappers (vóór 1900); die tydperk van die Driemanskap (tussen 1900 en 1920); die insinking van die twintigerjare (1920 tot 1934); die vernuwing van Dertig (1934 tot 1945); die jongste tydperk (tot 1962). Hierdie algemeen aanvaarde indeling dien ons doel. Dit is egter noodsaaklik om dit onomwonde te stel dat die geesteshouding van die digter, soos ons dit uit die gedig leer ken, van groter belang is by ons studie as die ontstaansdatum van die gedig.

Hierdie saak behoort aan die hand van 'n voorbeeld ten beste verduidelik te kan word: Toon van den Heever se Gedigte ontstaan vóór 1919 - in dieselfde tyd as Celliers se Jopie Fourie en Leipoldt se Uit Drie Wêrelddele. Maar ons skakel vir Van den Heever by die twintigerjare in, en vir Leipoldt en Celliers by die Driemanskap. En om die saak verder to kompliseer, is Leipoldt in genoemde bundel in sekere opsigte net so nonkonformisties as Van den Heever, terwyl Celliers in Jopie Fourie koesterend konserwatief is. Indien die houding wat in Uit Drie Wêrelddele uitgespreek word, 'n ommekeer by Leipoldt verteenwoordig het, sou dit seer sekerlik as deel van die nuwe houding van die twintigerjare bespreek moes word. Maar Leipoldt verskil van meet af aan van sy meer konvensionele tydgenote, en derhalwe is Uit Drie Wêrelddele slegs 'n voortsetting van die Leipoldt wat ons al van Oom Gert Vertel af ken. Van Den Heever egter is 'n debutant met 'n nuwe klank. As Gedigte sê in 1925 verskyn het, in plaas van in 1919, dan kon beide die ontstaansdatums van sy gedigte én sy

geestestoestand by ons indeling ingepas het. Soos dit ís, pas net die geesteshouding, maar dit is ons oortuiging dat vir hierdie studie dít 'n belangriker oorweging is as die ontstaansdatums.

Wanneer ons egter ter verduideliking van 'n standpunt van kontrastering gebruik maak, kan dit gebeur dat ons sulke uiteenlopende geesteshoudings soos 'n Van Wyk Louw en 'n D.F. Malherbe saam bespreek, en dan wel op grond van 'n gemeenskaplike tydsfaktor.

Omdat ons met die verkenning van 'n ontwikkeling besig is, gaan ons nie alle voorbeelde van grensland-poësie bespreek nie. Dit kan slegs nuttelose herhaling tot gevolg hê. Wat ons ons wel ten doel stel, is om elke nuwe aspek, elke volgende stap in die ontwikkelingsgang wat ons bestudeer, te ondersoek en te verklaar.

* * *

Dit was vir my 'n voorreg om onder leiding van professor R.K.J.E. Antonissen te kon studeer. Ek wil graag aan hom my waardering betuig vir sy vriendelike hulp by die skrywe van hierdie studie.

# HOOFSTUK EEN.

## INLEIDING.

"Geen stryd om waardevolle dinge is denkbaar sonder 'n neerslag in die kuns nie."

"In ons Afrikaanse kultuur sal die weerbare en strydbare nog lank noodsaaklike elemente bly."

N.P. van Wyk Louw.

Wanneer 'n mens die Afrikaanse poësie in sy geheel deurlees, is dit moontlik om tot sekere gevolgtrekkinge aangaande die Afrikaner te kom en om sekere stellinge aangaande hom aan die hand van die gelese tekste te verdedig. Want waar die Afrikaner gewikkel raak in 'n "stryd om waardevolle dinge", word "'n neerslag in die (dig)kuns" agtergelaat, en hierdie neerslag ontsluit vir ons nie net die wese van die stryd nie, maar ook die wese van die stryder.

Is hierdie neerslag 'n noodwendigheid, en is dit geldig om te sê dat hierdie neerslag van die stryd, in die digkuns, 'n sleutel bied tot die wese van die volk aan wie die digkuns behoort? Om hierdie vrae te beantwoord, is dit eers nodig om die verhouding tussen die digter en die volk van naderby te beskou.

Dit is die noodlot van elke mens om in 'n volk gebore te word en om tot daardie volk te behoort. Aan hierdie noodlot van in 'n volk gebore te wees, kan geen mens een iota verander nie. Onder normale omstandighede, "normaal" vanuit die oogpunt van die indiwidu, óf "normaal" wat betref die volk as geheel, aanvaar elke mens hierdie lidmaatskap sonder meer. Hy mag inderdaad dikwels maar vaagweg - some glad nie - bewus wees van hierdie lidmaatskap. Wanneer omstandighede nie meer "normaal" is vanuit die oogpunt van die indiwidu nie, wanneer hom byvoorbeeld die volwassenheid ontbreek om sy verantwoordelikheid te aanvaar ten opsigte van sekere aangeleenthede in sy volkslewe, of wanneer voordele inherent in die "lid-wees" van 'n ander volk vir hom te aanloklik word, kan hy

probeer om sy lidmaatskap van sy volk te verloën. Hy kan probeer om sy noodlot weg te rasionaliseer. Wanneer die omstandighede wat betref die volk as geheel abnormaal word, in tyd van oorlog, byvoorbeeld, of van politieke omwenteling, word elke mens bewus van sy lidmaatskap van sy volk, en besluit elke mens of hy sy noodlot sal aanvaar of nie. Enkeles sal dan weer die verantwoordelikheid van standpunt-inneem ten opsigte van die abnormaliteit probeer ontduik, en hulle lid-wees van die volk verloën. Maar die gemiddelde mens sal sy noodlot, en daarmee die verantwoordelikheid van standpunt-inneem, aanvaar. Hy moét 'n standpunt ten opsigte van die abnormaliteit inneem, want die abnormaliteit raak die volk waarvan hy 'n lid is.

Soos elke mens in 'n volk gebore word en lid van daardie volk bly totdat hy sy lidmaatskap probeer verloën.- en selfs daarna, hoewel nie vrywilliglik nie - so ook die digter. En wanneer daar vir die volk abnormale omstandighede heers, wanneer die volk byvoorbeeld in 'n "stryd om waardevolle dinge" gewikkel is, moét die digter 'n standpunt ten opsigte van dié stryd inneem. Dán word die neerslag noodwendig, want dit is juis die digters wat "die Edele en Kosbare veilig deur die skare dra." En sodra die digter as <u>lid van die volk</u> sy standpunt inneem, word daardie standpunt vir ons 'n openbaring van die wese van die volk.

Dit is allermins ons bedoeling om te beweer dat die standpunt wat die digter inneem, noodwendig en altyd die standpunt van die meerderheid van die volk moet wees. Dit gebeur gewis dat digters juis die teenoorgestelde van die standpunt van die meerderheid inneem; en wanneer dit gebeur, is dit gewoonlik onmiskenbaar, omdat die in die oog lopende meerderheidstandpunt altyd daar is om die "afwyking" teen te meet. Wat van belang is, is dat die digter die standpunt inneem as verantwoordelike lid van die volk, en juis die uiteenlopendheid tussen sy standpunt en dié van die volk lei tot dieper insig in die wese van die volk.

Hierdie verskynsel van meerderheid- en minderheidstandpunte is van groot belang vir ons ondersoek. Die verskynsel moet dus nader bepaal word.

'n Fundamentele behoefte in die lewe van elke mens is die behoefte aan sekuriteit. In die oog lopend is in die eerste plek die rede vir die behoefte aan 'n

sekere mate van materiële sekuriteit, waarsonder die mens moeilik volle uiting aan die baie aspekte van sy menswees kan gee. Maar ewe groot, of groter selfs, is die behoefte aan geestelike en emosionele sekuriteit. Die mens wil tot 'n groep behoort, en in daardie groep moet daar orde en norme wees waarmee die mens vertroud is. Hy wil 'n plek in die groep inneem, want dit gee hom die sekuriteit van met die groep geïdentifiseer te wees. Hy wil 'n funksie in die groep vervul, want dit gee hom die sekuriteit van vir die groep nodig te wees. En hy wil handel op 'n wyse wat die goedkeuring van die groep wegdra, die norme van die groep onderskryf, want dit gee hom die sekuriteit van beskerming teen groepsgenote, sowel as, en dit is belangrik, die sekuriteit dat hy nie self die gehele verantwoordelikheid hoef te dra vir sy dade nie, nie self hoef te besluit oor sake nie; die sekuriteit wat voortvloei uit die stelling: "Befehle sind Befehle". Omdat die groep aan die mens norme bied waarmee hy vertroud is, is konserwatiwiteit 'n wesenstrek van groepsgebondenheid.

Nie alle mense is ewe sterk aan die groep gebonde nie. Uit ons uiteensetting van die menslike behoeftes waaraan die groep voldoen, blyk dit dat die mens se groepsgebondenheid in 'n omgekeerde verhouding staan tot sy bereidheid om verantwoordelikheid vir sy denke en dade te aanvaar. En die bereidheid om die verantwoordelikheid vir sy denke en dade te aanvaar, is een van die wesenstrekke van die volwasse mens. Intussen moet daar besef word dat dit hier nie gaan om die vraag of die denke en dade van die groepsgebondene aan die een kant, en dié van die verantwoordelike, volwasse persoon aan die ander, waar of onwaar, goed of kwaad is nie. Van belang is slegs of dit aan die groep ontleende pseudo-denke is óf die resultaat van 'n eie poging, en of die daad geskied met aanvaarding van die verantwoordelikheid daarvoor óf vanuit die anonimiteit van die groep.

Die fenoneem pseudo-denke, wat die indiwidu byna altyd as sy eie denke beskou maar wat in werklikheid denke is wat aan die groep behoort, word verder duidelik in die lig van die groepsdinamiek. Verhoogde kontak tussen mense, 'n sine qua non vir alle groepsaktiwiteite, het as onmiddellike gevolg 'n gevoel van mekaar nabywees, van simpatie, en hieruit spruit "ons"-vorming, die neiging om soos mekaar te wees. Hierdie neiging

fungeer op twee vlakke: aan die buitewêreld vertoon die "ons" uiterlike tekens soos 'n uniform, die dra van lang hare en sonbrille miskien, of die een of ander simbool; na die binnekant behou die "ons" sigself deur middel van die klein-hou van indiwiduele verskille, dus deur die nastreef van homogeniteit. Ook uit die groepsdinamiek straal dus die essensiële konserwatiwiteit van die groep. Homogeniteit bring 'n selfbeeld (of outostereotiep) en 'n heterostereotiep mee: aan die eie groep word sekere positiewe eienskappe toegeskrywe, wat dié wat buite die groep staan - of wat binne 'n ander groep staan - mis. Die feit dat hierdie soort veralgemening uiteraard geen noue kontak met die werklikheid kan hou nie, open vir die groep die moontlikheid om los van die werklikheid te bestaan; dit gee aan die groep 'n bowe-realiteits-dimensie.

Ons het hierbo gesê dat nie alle mense ewe sterk aan die groep gebonde is nie. Hoe nader een mens egter aan die middelpunt van die groep staan, hoe sterker sal die prosesse van die groepsdinamiek op hom inwerk, hoe naarstigliker sal hy indiwiduele verskille probeer klein hou of selfs elimineer, en hoe moeiliker sal hy dit vind om te onderskei tussen "sy" groep-georiënteerde denke en 'n mening waartoe hy kom deur eie poging.

Die groep is dikwels 'n groot en positiewe krag in die lewe van die lede, en groep-georiënteerde denke, alhoewel dit as grondslag 'n onwerklike outostereotiep mag hê, kan verrykend en rigtinggewend inwerk. Maar die groep, soos gesê, is essensieel konserwatief, en die groepsdinamiek 'n blinde en irrassionele mag. Wanneer omstandighede waaronder die groep as positiewe krag fungeer, dan verander, is dit nie te verwagte dat die norme van die groep, byvoorbeeld 'n gevestigde heterostereotiep, min of meer spontaan sal verander om by die omstandighede aan te pas nie. Teen prikkels tot verandering van buite sluit die groep sy geledere. Slegs van binne die groep self sal die teweegbring van 'n verandering geduld word.

Wanneer dit nou om die een of ander rede vir 'n indiwidu binne die groep moeilik of onmoontlik word om hom met sekere dinge in die lewe van die groep te vereenselwig, sal hy, indien hy sy lidmaatskap van en verantwoordelikheid teenoor die groep aanvaar, as prikkel van binne die groep werk. Dit spreek egter

vanself, dat slegs hy wat in meerdere of mindere mate buite die blinde kragveld van die groep staan, dus ver van die digte kern van die groep, tot 'n kritiese aanskouing van die groep in staat sal wees en as prikkel sal kan werk. Maar dat hy steeds lid bly, is van kardinale belang, want dan praat hy nie van "Julle" nie, maar van "Ons". Hy sê nie: "Julle maak sus of so" nie, wat per slot van sake weer sou neig in die rigting van 'n heterostereotiepe veralgemening, maar hy sê: "Ons moet sorg dat dit of dat regkom."

Wanneer ons sê dat die groep sy geledere sluit teen prikkels van buite, volg daaruit glad nie dat daar andersyds geredelik aan prikkels van binne gehoor gegee word nie. Vanweë die aard van konserwatiwiteit tree meganismes in werking om die prikkel uit te werp, maar solank die vermaning geldig is en die "Ons" met waaragtigheid gesê word, kan die groep nooit daarin slaag om sy geledere volkome teen die inwendige prikkel te sluit nie.

Daar is 'n ooreenkoms tussen die werking van die prikkel in die lewe van die groep en die werking van die gewete in die lewe van die mens. Wanneer 'n mens 'n besluit neem wat hy nie vanuit sy basiese lewensbeskouing kan verantwoord nie, raak hy in 'n toestand van angs, omdat hy deur so 'n besluit dié dinge verloën waarin hy sy hele eksistensie veranker het. Hierdie angs is 'n gewetensverskynsel. Dit dryf die mens telkens terug tot die punt waar hy die noodlottige besluit geneem het; dit wil dat hy wéér moet besluit. Maar hierdie angs is onhoudbaar, en die mens leef in 'n doodse vrees vir dié angs. Hy probeer die angs bekamp deur sy besluit met sy rede te verantwoord, deur te rasionaliseer. Blywende welslae het hy gewoonlik nie, omdat rasionalisasie beswaarlik die plek van sy basiese lewensbeskouing kan inneem.

Met sekere wysiginge is die beskrywing van hierdie proses ook van toepassing op die lewe van die groep. Die prikkel vanuit eie geledere spreek deur die gewete van elke lid van die groep tot die groep, en dryf aldus die groep terug tot die "noodlottige" besluit, sodat die besluit in heroorweging geneem kan word. Soos in die geval van die enkele mens, tree daar nou by die groep ook sekere meganismes in werking om aan die gewetensangs

te ontkom. Die groep probeer ook om sake in die groepslewe waarmee die basiese lewensbeskouing van die lede in botsing begin kom, reg te "rasionaliseer". En hoe nader aan die digte kern van die groep en hoe dieper onder die invloed van die blinde irrasionele mag, hoe groter die ywer om die kohesie van die groep te bewaar, die verskille klein te hou, die prikkel uit te werp.

Terwyl 'n groep nie altyd 'n volk is nie, is 'n volk altyd 'n groep. En met betrekking tot sekere sake, wat wissel na gelang van omstandighede en met verloop van tyd, staan die volk-as-groep reëlreg onder die werkinge van die groepsdinamiek.

Die verskynsels outo- en heterostereotiep, wat ons by die groep aangetref het, speel 'n baie belangrike rol in die lewe van die volk. Onder gewone omstandighede, wanneer die bestaan van die volk op gelyke gang voortbeweeg, het die "ons-hulle" -distansiëring 'n geringe funksionaliteit. Die mens is daar noulike bewus van. Wanneer die volk hom egter in 'n situasie bevind waar sy volk-wees of sy volkswese bedreig word, is distansiëring na buite en kohesie na binne 'n onvermydelike gevolg. Hy vorm 'n heterostereotiep om hom van "die ander" te verwyder, en hy beroep hom op sy outostereotiep (met byvoegings, indien nodig, na gelang van die omstandighede) om sy homogeniteit te verseker. Vir boumateriaal vir sy outostereotiep wend die volk hom telkens, en met vrug, tot sy geskiedenis. Heldedade, roemryke oorwinnings en voorbeelde van opvallende beginselvastheid by sy voorouers, gebruik die volk nie slegs om homself te tipeer deur hom daarmee te identifiseer nie, maar hy heg daaraan 'n eie vertolking. Hy maak byvoorbeeld die afleiding dat hy 'n God-geroepe volk is. Hy skep 'n mite. En wanneer daar nou van binne die geledere van die volk prikkels kom in verband met sake in die volkslewe waarmee indiwidue hulle nie meer kan vereenselwig nie, dan word by voorkeur daardie mite, en die uitbouing van die mite, vir dieselfde doel aangewend as die rasionalisasie waarmee die indiwidu poog om aan sy gewetensangs te ontkom.

Ons het gesê dat, wanneer die volk in 'n stryd om waardevolle dinge gewikkel raak, die digter 'n standpunt ten opsigte van die stryd moet inneem, dat ons 'n neerslag daarvan in sy werk mag verwag, en dat daardie neerslag vir ons 'n insig in die wese van die volk sal gee.

Dit is denkbaar dat 'n digter, wat wel 'n standpunt ten opsigte van die stryd ingeneem het, hom daarvan onthou om sy standpunt neerslag in sy werk te laat vind. In so 'n geval mag hy dan op negatiewe wyse te kenne gee wat hy dink of voel. Staan 'n digter vas binne die mite van sy volk wanneer hy sy standpunt ten opsigte van die stryd inneem, bring hy insig deurdat hy die meerderheidstandpunt ten opsigte van daardie stryd of daardie fase van die stryd openbaar. Staan die digter buite die mite, en vind ons in hom 'n minderheidstandpunt, 'n gewetenshandeling, dan is die insig wat hy bring des te dieper. Want dan openbaar hy nie slegs hoedat die meerderheid van die volk teenoor die stryd staan nie, maar watter gewetensaktiwiteit op daardie tydstip in die volk plaasvind. En dít mag 'n openbaring wees van die mate van volwassenheid waartoe die volk al gekom het.

Ons het nou aangekom by die punt waar ons aandag moet skenk aan die begrippe "stryd" en "waardevolle" dinge. Volk-wees beteken onder andere in besit wees van waardevolle dinge - en die voortbestaan van die volk hang daarvan af of dié dinge na waarde geskat word. Die dinge is op verskillende vlakke te vinde, maar wanneer een daarvan nie meer na waarde geskat word nie, word die voortbestaan van die volk op daardie vlak, en dalk in sy geheel, bedreig. Selfbeskikkingsreg is een van die opvallendste dinge-van-waarde vir elke volk, maar wanneer die selfbeskikkingsreg 'n volk ontneem word, beteken dit nie dat die volk ophou bestaan nie. Wanneer selfbeskikking egter deur die volk nie na waarde geskat word nie, dan is die bedreiging wel daar dat die volk op daardie (dws. die politieke) vlak besig is om sy voortbestaan in te boet. Wanneer 'n volk sy selfbeskikkingsreg ontneem word, dan is die mate waarin hy hom teen dié daad verweer, 'n aanduiding van die waarde wat sy selfbeskikking vir hom het. Dus ook 'n aanduiding van die gevaar, al dan nie, wat sy voortbestaan op daardie vlak loop. Die waarde wat selfbeskikking vir die volk inhou, is dat dit, meer as enigiets anders, teenoor ander volkere geld as bewys van sy volk-wees.

Die kultuurgoedere van 'n volk is 'n tweede ding-van-waarde in die lewe van 'n volk. In teenstelling met selfbeskikking, kan 'n volk se kultuurgoedere hom nooit vi et armis ontneem word nie. Onderwyswette, taalproklamasies en verkleinering kan slegs die milieu

skep waarin die volk se waardeskatting van sy kultuurgoedere aan ondermyning blootstaan. Kulturele kapitulasie moet van die volk self kom; en wanneer dit gebeur, dui dit daarop dat die volk, deur nie sy kultuurgoedere na waarde te skat nie, besig is om sy voortbestaan op daardie vlak in te boet. Die waarde wat sy kultuurgoedere vir 'n volk inhou, lê onder andere daarin dat hulle, tasbaarder as enigiets anders, teenoor homself geld as bewys van sy volk-wees.

Die mees fundamentele ding-van-waarde in die lewe van die volk is die volk se basiese verhouding tot die transendente. Soos elke mens in 'n basiese verhouding tot die transendente staan en 'n aftakeling van sy persoonlikheid te wagte kan wees indien hy hierdie verhouding misken of verdraai, so ook moet die volk, wat uit mense bestaan, 'n desintegrasie van sy volk-wees tegemoetgaan indien hy in hierdie verhouding faal. Hierdie feit staan ewe onverbiddelik in die lewe van die mens en in die lewe van die volk, omdat én mens én volk volkome van hierdie verhouding afhanklik is om aan hul bestaan 'n "sin" te gee. Binne hierdie verhouding het die kultuurgoedere geldigheid en het die soewereinheid sin; buite hierdie verhouding verloor alle ander dinge-van-waarde al hulle geldigheid. Geen mag van buite kan hierdie verhouding aantas nie, maar sélf kan die volk die moontlikhede skep waardeur dit in 'n wanverhouding kan begin ontaard. Sou so 'n wanverhouding toegelaat word om tot universele houding in 'n volk te ontwikkel, dan sou desintegrasie van die hele volksbestaan volg. Wanneer 'n volk hierdie proses nog kan bekamp, geld dit teenoor God as bewys van sy volk-wees.

* * *

Die Afrikanervolk se stryd om "waardevolle dinge" speel hom in 'n "grensland" af. Met die stigting van die Republieke Graaff-Reinet en Swellendam is daar vir die eerste keer sprake van 'n Afrikanernasie. Op daardie tydstip bestaan Suid-Afrika uit 'n strook land seshonderd myl lank en tussen een- en tweehonderd myl breed. Maar in 'n eeu van konflik met die inboorlinge

en van stryd teen die Engelse landsbestuur wat hom telkens weer agterhaal, skuif die Afrikaner sy grense uit. Gedurig bevind hy hom op die grense van 'n nuwe land. Maar die uitskuiwe van fisiese grense kon nie vir 'n onbepaalde tyd die voortbestaan van die Afrikanervolk, met alles wat daarin beslote lê, verseker nie. Met 'n woestyn in die Weste en die onbegaanbare trope (en Engelse!) in die Noorde het die land "opgeraak". Geïsoleerde groepe - die Dorsland-Trekkers en die Boere van Kenia en Argentinië - het hierdie perke oorskry. Die trek-mentaliteit het by hulle so diep ingeslaan dat daar vir hulle nooit die moontlikheid van 'n ander oplossing bestaan het nie, al het hulle naderhand getrek ad absurdum. Maar vir die groot Afrikanerdom was die fisiese trek verby. Die laaste fisiese grens was bereik, en nou het die grootser proses van "geestelike grense uitbrei" begin. Die Afrikaner moes nou "kaalvoet oor die Drakensberge" van die gees, die grense tussen hom en die ander bevolkingsgroepe binne 'n gemeenskaplike geografiese gebied verken. En ook hierdie grense-van-die-gees is grense wat diep wortels het in hierdie besondere land.

Ons taak is dit nou om die neerslag in die Afrikaanse poësie van die Afrikaner se stryd om "waardevolle dinge" na te gaan. Oftewel: om die Grenslandkarakter van die Afrikaanse Poësie te ondersoek.

# HOOFSTUK TWEE.

## DIE POëSIE VOOR 1900.

Die oorgrote meerderheid van die gedigte met 'n grensland-inslag uit die tyd voor ca. 1900 staan in die teken van mite-bouing. Hierteenoor staan enkele gedigte waarin die gewete hom hoorbaar maak. By die mite-gedigte tref ons 'n verskeidenheid van motiewe aan, en by die gewete-gedigte slegs twee.

### A. Die Mite-gedigte.

Ons deel die gedigte wat aan die mite help bou of die gevormde en sig-vormende mite weerspieël, soos volg in :

i. Gedigte wat die Afrikaner se voortreflikheid en dapperheid onder die aandag bring.

ii. Gedigte wat vertel van die onreg gepleeg en die smarte gely.

iii. Gedigte waarin gejuig word oor oorwinnings en gespot word met die vyand.

#### Die Afrikaner se voortreflikheid en dapperheid.

Van die Afrikaner se voortreflikheid en dapperheid word in bykans elke gedig wat in die teken van die mite staan, gewag gemaak. Dit is soms hoofsaak in 'n gedig, maar kom meer dikwels voor as aksiomatiese gegewe by die stel van die een of ander standpunt of die relaas van die een of ander gebeurtenis. Uit die aard van die saak speel dit dan ook op verskillende vlakke af. In die eerste instansie is daar die God-geroepenheid van die Afrikanervolk, wat telkens te voorskyn tree. 'n Suggestie daarvan tref ons reeds uit die staanspoor aan in "Di Afrikaanse Folksliid" [1] en in "Ons Toekomstige Folksliid", [2] waar in eersgenoemde gedig gewag gemaak word van " 'n Oog wat alles merk" en wat die onreg sal beëindig, terwyl die tweede die bede bevat dat God met guns op die volk moet neersien, "nes op ons faders".

---

1) Afrikaanse Gedigte, byeenfersameld uit wat in die laaste 30 Jaar ferskyn is, 1876 - 1906, Paarl, 1906. p.1. Ons haal telkens aan uit bogenoemde uitgawe, met behoud van die oorspronklike spelling.

2) Ibid. p. 2.

"Afrikaner Liid"[3] stel die hele standpunt in dié woorde:

"God het ons self met yge hand,
Hiir op dees bodem ingeplant."

In Januarie 1877 annekseer Sir Theophilus Shepstone die Transvaal in die naam van Groot-Brittanje. Nadat twee deputasies sonder welslae na Engeland gestuur is om vir die Transvaalse vryheid te pleit, besluit 'n volkstemming te Kleinfontein in Maart 1879 met 6591 stemme teen 587 om nie die anneksasie te duld nie. Hierdie daad vind weerklank in "Ons wil weer fry",[4] en daar bestaan geen twyfel aan wie se kant God gaan veg nie :

"Ons wil weer fry",
Daar bly ons by;
En an ons sy
Sal God self stry."

Dit is die houding waarmee hulle in die stryd tree, en toe hulle sukses op sukses behaal, word dit telkens aan die besondere begunstiging van God toegeskryf. So word byvoorbeeld in "Di Slag by Skuinshoogte"[5] die slotgedeelte gewy aan 'n kategoriese uiteensetting van God se partydigheid vir die Boere, en die slotstrofe lui :

"Hy sal nog groter dade doen,
Dat ons ferbaas sal staan, -
En al die wêreld sal moet sê:-
"DI HEER HET DIT GEDAAN!" "

Die woord "ferbaas" bied 'n verrassende en interessante nuanse. Waarom dan verbaas staan? Dit kan óf wees omdat God nie tot al die wonderdade in staat gewaan word nie, en derhalwe die volk verbaas, - wat beswaarlik 'm bevredigende uitleg sou wees -, óf dit kan wees dat die volk verbaas staan oor soveel begunstiging. Dit sou tog vreemd wees om verbaas te staan by die aanskou van dade wat met so veel oortuiging in die vooruitsig gestel word. Hierdie oënskynlike teenstrydigheid staan in noue verband met die stadium van ontwikkeling wat die proses van mitebouing hier bereik het. Die mite van God-geroepenheid en uitverkorenheid word in hierdie tydperk vir die

---

3) Ibid. p. 4.
4) Ibid. p. 33
5) Ibid. p. 39.

eerste maal werklik geformuleer en bestendig; dit staan nie reeds vir geruime tyd as 'n voldonge feit op kliptafels ingegraveer nie. Indien laasgenoemde die geval was, sou die woord "ferbaas" wel 'n sekere teenstrydigheid ingehou het. Maar neem ons in ag dat hier bewustelik aan 'n mite gestalte gegee word, en dat die proses nog nie voltooi is nie maar inderdaad op 'n sekere onwikkelingsstadium afgeloer word, verdwyn daardie beswaar.

As nabetragting na die oorlog vat S.J. du Toit hierdie hele emosie saam in die gedig "Dit is Gods Finger",[6] wat begin met dié woorde :

"Nooit was hiir in ons land,
So sigbaar Godes Hand,
As nou in di Transfaalse stryd."

Die diepgewortelde oortuiging dat die Afrikanervolk 'n uitverkore volk van God is, het egter nie met die Eerste Vryheidsoorlog ontstaan nie. Hierdie oorlog bied wel die eerste geleentheid aan die digters om aan hierdie emosie uiting te gee, en bring vir die eerste keer die omstandighede mee waaronder bewustelik tot mite-vorming oorgegaan kon word. Abel Coetzee sit, in 'n beskouing oor die Afrikaanse volksaard,[7] die omstandighede uiteen wat by die vorming van die Afrikanervolk daarvoor verantwoordelik was "dat die trekboere, weg van die Kaap af, hulle self gaan beskou het as die "Nuwe Israel", die uitverkore volk van God, met 'n besondere roeping in hierdie nuwe land." [8] Die eerste gegewe is dat die H.O.I.K., hoewel dit aanvanklik nie 'n volksplanting aan die Kaap beoog het nie maar slegs 'n verversingspos, naderhand daartoe oorgegaan het om grond aan mense te gee om vir eie voordeel te bewerk. En hierdie mense is streng gekeur "na lewenswandel en karakter, en slegs getroude mans van Nederlandse of Duitse afkoms, en van die Hervormde (Gereformeerde) godsdiens is aanvanklik as vryburgers toegelaat." [9] Heel spoedig begin die vryburgers die binneland intrek op soek na weiveld en wild, en hulle gaan al hoe meer geïsoleerd leef. Maar hulle

6) Ibid. p. 50.

7) Die Afrikaanse Volkskultuur. Kaapstad, 1953. Aan die hand van C.C. Nepgen se proefskrif: Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes.

8) Ibid. p. 124.

9) Ibid. p. 124.

is die mense wat o.m. godsdienstig moes wees om te kwalifiseer as vryburgers, en 'n gereeld gelese Bybel was deel van hulle basiese toerusting in die woesteny. Die ooreenkoms tussen die Ou Testament en hulle eie omstandighede het gesorg dat hierdie dan ook by uitstek dié deel van die Bybel sou wees wat hulle lees, met die gevolg dat hulle hulself naderhand heeltemal met die Israel van ouds identifiseer. Hierdie feit vertoon sig in plekname soos Bethlehem, Ebenhaeser, Mispah; in die geloof van party trekkers dat hulle op pad was na Kanaan, soos Nylstroom in die Transvaal aandui; in die agting van die gesin en die rol van die vader as patriarg, leier en priester; in die jaarlikse "optrek" na die kerk vir Aprilmaand se nagmaal; in die verootmoediging in nood, die dankfeeste na uitkoms en die sluit van geloftes met God; in die gewoonte om aan 'n man met 'n "Jacobsgesin" - 12 seuns en een dogter - 'n plaas te gee. Verstaanbaar dus dat, toe hierdie volk 'n eie literatuur begin ontwikkel, die digter woorde soos hierdie in die mond van Kaptein Joubert lê voor die slag van Bronkhorstspruit:

"Hiskia, David, Josafat,
Denk an di Makkabeen,
An Gideon - an ons yge folk ...
En di nog frees - gaat heen." 10)

'n Volgende aspek van die Afrikaner se voortreflikheid, wat by die vorige aansluit en wat ook telkens voorkom, is wat ons kan noem sy morele moed. Oortuig van God se goedgesindheid, bewus van sy roeping, is dit vir die Afrikaner moontlik om sy standpunt teen wie ook al onwrikbaar in te neem, en om sy vryheid te verdedig al staar dalk ook algehele vernietiging hom in die gesig. In die poësie van hierdie tydperk tree dié karaktertrek die treffendste te voorskyn in drie gedigte wat "Republiekyn" skryf na aanleiding van 'n toespraak wat P.J. Joubert by die vergadering op Kleinfontein in Maart 1879 gehou het. Joubert het onder andere gesê: "Maar ik zie op eene Hoogere Hand boven ons, en indien Engeland zoo sterk was dat het my tot stof kon fermorzelen, dan zou ik, met hare hulp, liever fermorzeld worden, dan myne vryheid op te geven". 11)

---

10) Afrikaanse Gedigte, Byeenfersameld ... ., p. 34.
11) Ibid. p. 33

Hiervan sê die digter in "P.J. Joubert op Klynfontyn" [12]:

"Myn Reg en myn Fryhyd di ge ek nooit op;
Ek kan en ek mag fer geen onreg ooit wyk;
Myn plig an myn folk sal as burger ek doen.
Al moet ek in diins fan di fryhyd beswyk."

Die digter wek by ons die indruk van 'n volk wie se morele oortuiging grens aan roekeloosheid, waar hy in die slotstrofe van "Ons wil weer fry" [13] sê:

"Fermorsel ons dan as jul wil;
Jul het di mag."

Met hierdie morele moed hang ten nouste saam die Afrikaner se fisiese dapperheid, en hieroor kan die eerste digters nouliks uitgepraat raak. Ons onderskei twee groepe: gedigte oor indiwiduele helde uit die volksgeskiedenis, en gedigte waarin die dapperheid van die volk oor die algemeen besing word. Die opvallendste kenmerk van die eerste groep is die herhaalde opweeg van die eie helde teen dié van die res van die wêreld. Die slotstrofe van die gedig "Di jonge Thomas Woltemade", [14] wat vertel van Suid-Afrika se vroegste en een van die aangrypendste heldedade, lui so :

"Europa kan syn helde noem,
Ons sal ons Woltemade roem,
Wat feertiin man red uit di nood
Hul lewe koop met yge dood."

In "Ter Nagedagtenis Fan Kommandant Louw Wippenaar" [15] word die held met Tromp en Nelson vergelyk, en eintlik meerderwaardig bevind, want

"Hul't oek hul lewe neergeleg,
Maar tog ni fer di Frystaat."

Die motivering hier is interessant. Dit is terselfdertyd byna belaglik en besonder treffend dat die digter vir Tromp en Nelson ondergeskik stel aan Wepener .... omdat hulle nie hulle lewe vir die Vrystaat opgeoffer het nie. Tromp en Nelson is die twee grootste admiraals in die geskiedenis van Holland en Engeland; die Vrystaat besit nie eens 'n bevaarbare rivier om dit met die see te verbind nie. Maar in sy suiwer bewondering vir Wepener

12) Ibid.
13) Ibid. p. 34.
14) Ibid. p. 16.
15) Ibid. p. 18.

soek Reitz na name wat soos donder slaan, en in sy brandende liefde vir sy vaderland kan geen vreemde held vergelyk word met iemand wat sy lewe vir die Vrystaat opgeoffer het nie. Op die wyse kom hy daartoe om vir Tromp en Nelson, die vermaardste twee admiraals van twee van die grootste seemoondhede, ondergeskik te stel aan Wepener, omdat hulle nie vir sy dierbare hoogland-republiekie gesterf het nie.

Die heldedood van Dirkie Uys, juis omdat dit handel oor 'n kind van twaalf jaar, is die eerste stukkie landsgeskiedenis wat die meeste Afrikanerkinders ken, en dit bly die groot heldeverhaal van die volk. Dit word verhaal in die gedig "Dapper Dirki Uys",[16] en weer betwyfel die digter die bestaan van groter dapperheid :

"Dirki Uys? gen édler jonge
Kry jy op di wêreld rond!
Afrikaners! roer jul tonge!
Prys Dirk Uys met hart en mond?[17]
Wi op aarde haal syn waarde?"

Die glorieryke veldslae van die Eerste Vryheidsoorlog bring vir die digters 'n ryke bron van massaheldeverering. Let op hoedat die digter se geesdrif met hom die loop neem in "Di Triomftog fan di Boere". [18] Van die manne wat in dié triomftog ry, is nie een meer eenvoudig 'n gewone sterfling nie :

"Mar di Boer het 'n hart en 'n buks en 'n paard,
En hy fliig na di grens fer geen fyand ferfaard,
Ȯ handjiefol Bȯere, wȧt waag jul te doen?
Di Britte is talloos, desnoods 'n miljoen ...
Ẇat is di Boere? Di oudheid alleen
Had helde soos hul is, mar dapperder geen!
Ėn di Boėre geadel door eenfoud en mȯed,
Keer terug uit di stryd soos 'n ou Ridderstoet."

Oorverheerliking van hierdie aard is eintlik net die neerslag in die poësie van 'n baie pertinente mite-vorming wat ook op ander gebiede merkbaar is. In sy boek Die Afrikaner en sy Geskiedenis [19] ondersoek F.A. van Jaarsveld, in die hoofstuk oor die ontstaan van die Afrikaanse geskiedenisbeeld,

---

16) Ibid. p. 25.
17) Vraagteken in teks.
18) Ibid. p. 50.
19) Johannesburg, 1959.

die gees waarin die Afrikaner die doen en late van sy volk bejeën. Een van die faktore wat bepaal het dat die Afrikaner, sodra hy 'n siening van homself gee, 'n ongelooflik voortreflike beeld skilder, is die Afrikaanse nasionalisme. "Alles wat edel is, word in hulle (hier die voorgeslagte, met wie die geskiedskrywer besig was, maar ewe seer die burger op kommando, oor wie die digter skryf (J.V.) ) gesien. Soms word hulle blindelings verheerlik." [20] Die voorgeslagte, wat die onmoontlike kon doen en wat roofdiere en hordes barbare byna met kalme minagting bejeën het, was almal helde. En toe die Boere die wapens opneem om vir hulle land te veg, word "Burger" en "Transvaalse Held" dadelik omtrent sinonieme.

By die God-geroepenheid en die heldhaftigheid van die Afrikaner sluit 'n hoë moraliteit aan, 'n regskapenheid teenoor die vyand, waarvan die digters gedurig gewag maak. Alhoewel die Transvalers ("Di Slag fan Bronkers Spruit"[21])

"Genoeg geterg, te lank fertrap,
Tot barstens ingetoom"

was, gee hulle dadelik gehoor wanneer die Engelse om genade smeek :

"Transfaalse helde hoor di kreet,
En het di fuur gestaak;
Want hul feg net alleen fer reg,
En laat an God di wraak."

En ná die oorgawe word die Engelse met groot menslikheid behandel :

"Fraag di soldate wat nog leef,
Hoe water is gehaal;
Hoe di gewonde is ferpleeg,
Fraag hoe hul na Pretoria
Is saggiis weggefoer."

Maar om 'n neergeslane vyand te spaar en fisiese hulp te verleen is nog 'n algemeen menslike, hoewel baie lofwaardige handeling. Om egter die insig te hê om nie die instrument van gepleegde onreg met die bron daarvan te verwar nie, grens aan die Goddelike, en ook hierdie karaktertrek van die Afrikaner wys die digter vir ons aan:

---

20) Ibid. p. 117.
21 ) Afrikaanse Gedigte, byeenfersameld ....., p. 34.

"Di Engelse soldaat, helaas,
Hy, hy kan ni daarfoor;
Om leugen en om lastertaal
Word duisende fermoor.
Mog God hul siil genadig wees! "

Die Onreg gepleeg en die Smarte gely.

Aan hierdie aspek van die Afrikaner se mitevorming word ook soms hele gedigte gewy, en soms maak dit net deel van die gegewens uit. Dit word in elk geval gedurig genoem en in verband gebring met die voortreflikheid van die Afrikanervolk, wat dan vanself verseker dat die verdrukker voorkom as die verteenwoordiger van alle boosheid. Hiervan sê Van Jaarsveld: "Hy (die volk) het geglo dat hy nie die reg van bestaan gegun word nie en dat hy 'n "onreg" aangedoen is." [22] Die volk ontwikkel 'n geskiedenisbeeld in diens van die nasionalisme, en Van Jaarsveld se karakterisering van hierdie beeld is regstreeks op die digters van die tydperk van toepassing : "Dit is suiwer uit die Afrikaanse gesigspunt gekonsipieer... emosioneel-gekleurd en negatief .... tipies apologeties, aggressief, verdedigend, afwerend, ontmaskerend en suiwerend ... diensbaar aan die hede en sterk subjektief." [23]

Die digters stel vir ons die onreg op verskillende vlakke voor. Eerstens is daar die bedrog op politieke en propagandistiese gebied wat die Engelse teen die Boere pleeg. In die gedig "Ons Parlement" [24] vertel die digter hoe die Engelse selfbestuur aan die Boere gegee het: [25]

"Hul roep ons by makaar
En seg: "Maak jul nou klaar
Nou kan jul self regeer;
Wat wil jul nou nog meer?
Kiis nou 'n Parlement;
Maak wette sonder end! " "

22) Van Jaarsveld. Ibid. p. 116.
23) Ibid. p. 118.
24) Afrikaanse Gedigte, byeenfersameld...., p. 7.
25) Toe Engeland in 1872 onder die laat-maar-loop-beleid vir die Kaap verantwoordelike bestuur toeken, het die landelike bevolking daar omtrent niks by gebaat nie. Deur 'n half-eeu van politieke vreemdelingskap in eie land, het hulle byna alle politieke belangstelling verloor, en wanneer iemand nog sover gekom het om hom verkiesbaar te stel, is hy op grond van sy onvermoë om Engels te praat gediskwalifiseer.

Die Boere is verheug by die vooruitsig, en besluit om vir Joubert te kies, maar "Hy het dit ferliis." Die Boere eis 'n rede vir dié ongerymdheid

"Toen seg hulle: "Joubert
Ken Engels ni so fêr." ",

en hulle besef dat hulle heuning om die mond gesmeer is. 'n Soortgelyke strekking tref ons aan in die gedig "Onder di Anneksasi",[26] waarin vertel word hoe, deur sake te "plooi", Engeland die Transvaal in die hande gekry het. Die Goewerneur kom toe troos met sy "grote heuningkwas", maar alhoewel die smaak van heuning hoog aan te prys is, help dit die Boere niks :

"Wat baat di foorreg fan di smaak?
Dit doen tog wynig an di saak;
Dit blyf met onafhanklikheid
Nog net so fêr as foor di tyd."

Die Engelse propaganda gedurende die Eerste Vryheidsoorlog en die Jamseon-inval laat veral vir Hoogenhout welsprekend word van verontwaardiging. Ons het reeds by die bespreking van "Di Slag fan Bronkers Spruit" (p. 16) gesien hoe hy leuenagtige propaganda probeer teenwerk deur die Engelse gewondes as getuies in te roep. Hy daag die propagandiste woedend uit :

"Gaat telegraaf nou o'er di sé;
Fan moord en fan ferraad, -
Belaster di Transfaalse Boer
En floek syn heldedaad.
Skre luid om wraak, ferwens di Boer;
Di floeke deer hom niit".

Sewentien jaar later skryf hy met dieselfde heftigheid in "Di mislukte Jameson Komplot":[27]

"Mar hoor nou hoe raas, hoe beliig hul di "Boers"
In hul pers, met di kabel en draad;" .

Die onreg van bedrog en laster, morele geweldpleging teen die Boere, gaan gepaard met die onreg van fisiese geweldpleging. Die ontsettende afmetings wat hierdie onreg in die oë van die volk aanneem, blyk uit die gedig "Hendrik en Letti"[28] van S.J. du Toit. Ná 'n idilliese jeug en fabelagtige trou gedurende moeilike

26) Ibid. p. 32.
27) Ibid. p. 28.
28) Ibid. p. 39.

jare van skeiding, raak Hendrik en Lettie getroud en straal hulle 'n heerlike toekoms tegemoet. Maar kort ná die huwelik breek die oorlog uit, en

" "Na Langnek! Na Langnek! " so klink deur Transfaal.
"Na Langnek! Jaag daarheen nou, helde! ...."
Ėn Hendrik is nou oek deur niks meer te keer,
Hy's onder die dapperste helde."

Voor die groot slag kry Hendrik 'n voorgevoel dat hy gaan sneuwel, en hy laat sy neef belowe dat dié sy lyk na Lettie sal terugneem sodat sy hulle ongebore kind, wanneer dié tot sy jare van verstand gekom het, op sy vader se graf kan leer om die Engelse te haat. Soos Hannibal se vader hom die Romeine leer haat het,

"So moet Letti oek myn kind
By syn faders graf dit leer:
Teen di Britte haat inprint;
Laat hom op myn graf dit sweer:
Nooit di Britse mag te eer."

Die toon in Hoogenhout se jammerklag "Smeekstem fer Transfaal" 29) :

"Ag, kyk hoe word ons bloed
in strome snood fergote ...."

staan in skerp kontras met die aggressiwiteit van die fantastiese "Hendrik en Letti", maar dit is eweseer 'n bewoording van die oorweldigende gevoel van veronregting wat dié tyd se oorlogspoësie kenmerk.

Met die veronregting hang menslike lyding saam. Alhoewel lyding by die oorlogsgedigte gedurig op die agtergrond skuil, slaan dit nooit werklik deur nie. Die oorlogsgedigte is te heroïes vir werklike smart. Die manne op die slagveld sterf blykbaar met stoïese gelatenheid, soos Kieser by Bronkhorstspruit :

"Hy spreek sy makkers sterwend an;
"O, treur ni om myn lot,
"Ik weet dat myn ferlosser leef'
"Hou moed, fertrou op God! " "; 30)

en die beproefde weduwees, soos Hendrik se Lettie, neem 'n "stiff upper lip"-houding aan wat menslikheid te bowe gaan. Heel anders is dit gesteld met Ons Klyntji se

29) Ibid. p.45.
30) Ibid. p.35.

eerste bekroonde prysvraag, "Di Moord by Moordspruit",31) 'n studie in gruwelikheid. Die digter begin die gedeelte waar die mans niksvermoedend terugkeer na die verwoeste laer, met dié woorde:

"Waar is di ferbeelding en waar is di taal
Instaat di ontsettende skouspel te maal
Di morre?",

maar gaan nietemin voort om die oorblyfsels van vrou, kind en beminde, en die reaksie van man, vader en minnaar in die bloedstollendste besonderhede te skilder. Die minnaar kniel by die lyk van sy beminde, in wie se afskeidskus hy

"Di suiwere gloed fan haar hart het gelees.
En daar lê dieselfde hart koud aan haar sy!
Regferdige God! is dit freemd dan dat hy
Dit soen en weer soen en nog druk aan syn bors?"

By die verwoording van die veronregting van die Afrikaner is dus ook 'n poging gedoen om menslike lyding op ondubbelsinnige wyse uit te druk.

Ook in die Moedertaal-gedigte, wat so 'n belangrike deel van die vroeë poësie uitmaak, klink die veronregting van die Afrikaner deur. Ons het reeds gesien, in "Ons Parlement", hoe taal as politieke struikelblok deur die digter aangewys is. In "Engels is Alles" 32) katalogiseer "Frytater" die letterlik dosyne gebiede waarop Engels op die Afrikaanssprekendes afgedwing word. Die natuurlike reaksie is dan om Afrikaans hemelhoog aan te slaan; en die algemene strekking :

"Want al di tale in een skaal,
Sal Afrikaans tog ni ophaal",

soos P.P. Spies dit in "Ons Afrikaanse Taal"33) stel. Een gedig, Cachet se "Di Afrikaanse Taal",34) onderskei hom van die ander. In hierdie gedig word, in plaas van die gewone betoogstyl, van knap allegorisasie gebruik gemaak. Belangriker is egter die feit dat Cachet in elk

31) Ibid. p. 18. Op 6 Februarie 1838 word Retief en sy geselskap deur Dingaan uitgemoor, en onmiddellik stuur Dingaan sy impis om die Voortrekkerlaers langs die Blaukrans en Boesmanriviere te gaan verras. Baie van die mans was op 'n jagekspedisie uit, en by hulle terugkeer het hulle die getuienis van die impis se moordlus (16 Februarie) aangetref.

32) Ibid. p. 10.

33) Ibid. p. 13.

34) Ibid. p. 12.

geval nie sonder meer die "Afrikaans-is-die-beste-taal-in-die-wêreld"-houding aanneem nie. Hy laat die Afrikaanse taal sê :

"Ek is 'n arme boerenôi",

en met die woordjie "arme" open hy 'n hele nuwe gedagtewêreld. Van Wyk Louw sê oor die nasionalisme: "'n Mens het 'n volk lief, nie omdat hy heerlik en die beste volk op aarde is nie; jy het hom lief om sy ellende." 35) Cachet se "vryers" het dan ook nie die "boerenôi" lief "om haar goed" nie, maar juis omdat sy 'n "arme boerenôi" is wat hulle eie is. Dié soort liefde, en die waarvan Van Wyk Louw praat, is onmoontlik sonder 'n sekere mate van kritiese insig in die voorwerp van die liefde, maar dit is eindeloos dieper as die "liefde" van diegene wat met groot geraas almal (én hulself) probeer oortuig van die beminbaarheid van die beminde.

Die Juig oor Oorwinnings en Spot met die Vyand.

Toe die Eerste Vryheidsoorlog uitbreek, het die Afrikaner hom reeds vir 'n paar jaar op letterkundige gebied beywer. Hy besit dus 'n medium om, in die roes van die oomblik, aan sy oorwinningsvreugde uiting te gee - 'n toestand wat nie gedurende sy vorige tydperk van oorwinnings, dié oor die Inboorlinge, bestaan het nie. Hierdie poësie is dus uniek, te meer omdat daar nie weer 'n periode van groot oorwinnings sal volg nie.

Die oorwinnings ontlok aan die digters tweërlei reaksie: juig en spot, met die vanselfsprekende dank aan God altyd aanwesig. Ons onderskei die gedigte wat oor die oorwinnings juig, in twee groepe. Daar is eerstens die gedigte wat deur Hoogenhout by elkeen van die veldslae, Bronkhorstspruit, Langnek, Skuinshoogte, Majuba, en ook by die Jameson-inval, geskryf is, en dan dié wat ná die Eerste Vryheidsoorlog die vrymaking van die Transvaal vier. Hoogenhout verhaal in lang gedigte, met groot omhaal van woorde, al die omstandighede van elke slag - voorbereiding, verloop en gevolge. Hy dramatiseer deur middel van dialoog die handelinge en gevoelens van die Boere en Engelse voor, gedurende en na die slag, kryt die politiek en die propaganda van die vyand uit, romantiseer dood op die slagveld, prys God, en uit dit alles straal sy verrukking oor die oorwinning.

35) Liberale Nasionalisme, Johannesburg 1958. p. 22

Hoofmotiewe in die gedigte wat ná die oorlog oor die vryheid van Transvaal juig, is die Vierkleur, vryheidsimbool wat weer in ere herstel is, lof tot God vir die verlossing, en 'n vaste oortuiging dat die oorwinning ewigdurende vryheid waarborg. Tipies van hierdie gedigte is S.J. du Toit se "Transfaalse Fryhydsliid" :36)

"Di Fiirkleur fan ons diirbaar land,
Di waai weer o'er Transfaal,
En wé die Godfergete hand,
Wat dit weer neer wil haal!" ,

wat deur die Patriot se lesers gekies is as wenner in 'n kompetisie vir die beste Transvaalse Volkslied.

'n Belangrike meerderheids-emosie wat in hierdie tydperk sy stempel op die Afrikaanse digkuns afdruk, is dié van leedvermaak. Die digters laat die geleentheid nie verbygaan om hulle in die ongeluk van die vyand te verkneuter of om ongewilde indiwidue in hulle oomblikke van nood te bespot nie. Dit is egter opvallend dat daar nêrens tekens is van hatigheid jeëns die gewone Tommie nie. Hy is dan ook nie die een wat hulle vryheid bedreig nie, maar wel die propagandiste en die politici. Daar is inderdaad 'n mate van deernis teenoor die onmiddellike "vyand", die soldaat-aan-die-ander-kant. Aan "Engeland" egter word geen genade betoon nie!

Prins Napoleon, wat met sy familie in ballingskap in Engeland woon, kom gedurende die Zoeloe-oorlog as gas van die Britse Leër na Natal om eerstehandse oorlogsondervinding op te doen. Kort na die slagting by Isandhlwana word hy en 'n klein patrollie een middag waar hulle lê en rus, deur die Zoeloes verras. Hulle is bekruip, en toe op twintig tree die vuur op hulle geopen word, was onmiddellike vlug die enigste uitweg. Die jong prins se perd was agtien hande hoog, en selfs onder gewone omstandighede was dit moeilik om in die saal te kom. Terwyl die Britse soldate wegjaag, sukkel hy met die perd, en toe hy sien dat dit hopeloos is, durf hy die vyand met die swaard aan. Sy dood was 'n geweldige slag vir Engeland se prestige, en in hierdie wond vrywe "Republikyn" sout met die gedig "Di Dood fan Prins Napoleon",37) subtitel "En di fylige terugkoms fan syn heldhaftige Wapenbroers." Ons haal die laaste strofe

36) Afrikaanse Gedigte, byeenfersameld ....., p. 48 .
37) Ibid. p. 20.

in sy geheel aan :

"Di Brit is bo, in alles bo!
In Afrika moet ek dit glo.
In hardloop is di Brit ook bo!
Dit sal nou Afrika wel glo.
Want fylig is di Britse held
Wat spat geset het uit di feld;
Syn gas, syn wapenbroer, di bly
Daar agter om syn dood te kry.
Ja, selfs Napoleons kan ni, soos dit lyk,
So hardloop soos Luitnants fan Englands ryk;
Of so gepas en so betyds laat stryk,
Om hulp te haal en aans weer te kom kyk."

Die sendeling, John MacKenzie, wat sy lewe aan sendingwerk in Suid-Afrika gewy het, bevind hom in die tagtigerjare in Betsjoeanaland. Hy beywer hom nie net op geestelike gebied nie, maar sien in die Boere se uitbreiding na die Weste 'n bedreiging vir die vreedsame bestaan van die Naturellestamme. Hy betwyfel inderdwaarheid die Boere se reg op die betrokke stuk grensland, en dit maak hom 'n doring in hul vlees. Hy word deur die Britse regering in 'n administratiewe hoedanigheid aangestel en werk mee om die Republieke Stellaland en Gosen ontbind te kry, maar heel gou sien hy ook Brittanje as bedreiging vir sy kudde. Die gevolg is dat hy sonder seremonie deur die Britse regering gevra word om te bedank, tot groot vermaak van die Boere wat hom by monde van "Petrus" in die gedig "Stellaland"[38] uitlag :

"John MacKenzie
Moenie grens nie,
Hou jou by jou lees."

Dit is nouliks verrassend dat die kwade bloed wat sedert vroeë jare tussen Britse sendelinge en die Boere bestaan, ook spoedig in die jong letterkunde weerklank sou vind.

In April 1899, toe gevoelens reeds baie naby kookpunt was, gee 'n insident in Johannesburg aanleiding tot 'n kostelike spotvers: "..... two men shouldered their way into the office of the Johannesburg Star. They asked who had written an article dealing with political events, and referring to some burghers as being ignorant and prejudiced people. When the editor,

---

38) D.J. Opperman: Groot Verseboek (4e druk) p. 10.

W.F. Moneypenny, acknowledged responsibility, his visitors punched his head and broke his spectacles. The visitors were then forcibly ejected, and Daniël Theron was subsequently given £20 or two months."[39] Kort hierna is Moneypenny aangekla van hoogverraad en moes hy vlug. Hoogenhout vier die geleentheid met o.a. dié woorde :

"Moneypenny, Pennymoney,
Was jy dan so bang?
Het jou broekie al gebeef
Dat ons jou sou hang?
Is hom hartjie dan so klein?"[40]

*   *   *

Gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu ontstaan die eerste roersele van 'n Afrikaanse poësie. Terselfdertyd word die politieke vryheid van 'n groot deel van die Afrikanerdom aan bande gelê of bedreig. Met groot lewenskragtigheid werp die bedreigdes hulle in die stryd. Die bedreiging verhoog die interne kohesie en die distansiëring-na-buite van die volk, en gee aanleiding tot 'n baie besliste outo- en heterostereotiep, asook die begin van 'n Afrikaner-mite. Hierdie dinge vind 'n neerslag in die arbeid van die pas-mondige digters, en die beeld wat ons kry, is dié van 'n God-geroepe en -begunstigde, beginselvaste, heldhaftige en regskape volk wat uitgebuit, veronreg en bedreig word, maar wat triomfeer en voor wie sy vyande uiteindelik beskaamd staan.

B. Die Gewete-gedigte.

Teenoor die gedigte hierbo bespreek, staan 'n klein groepie gedigte waarin die gewete hom hoorbaar maak. Sekere dinge was besig om in die volkslewe in te sluip en ander het reeds deel van die volkslewe geword, waarmee 'n klein aantal van die digters hulle nie meer kon vereenselwig nie, en waarteen hulle die volk wou waarsku. Die volk was besig om sekere fundamentele verantwoordelikhede te verontagsaam.

---

39) T.V. Bulpin: Storm over the Transvaal. Kaapstad 1955. p. 297.

40) P.J. Nienaber: Perspektief en Profiel (2e druk) p. 21.

Die eerste hiervan is 'n verantwoordelikheid teenoor die self. Terwyl 'n deel van die Afrikanerdom met die wapens of in die raadsaal besig is om vir sy politieke vryheid te stry, is daar by vele ernstige tekens van kulturele kapitulasie. Hiervan maak C.P. Hoogenhout 'n inventaris in "Fooruitgang":[41] die volk ondersteun die Engels-geöriënteerde skole en bewonder die Engels- en Amerikaans-geöriënteerde predikante; die omgang onder die mense verstyf onder die vreemde invloede, en uitheemse modes in kleredrag en huisraad word nagejaag; die kinders ontaard volkome en skaam hulle vir hulle eenvoudige, landelike agtergrond. Dit is nie "Fooruitgang" nie, maar 'n "fermoor" van die Moedertaal, en ongeduldig raas hy met die volk :

> "Sal daar gen ferandring kome? Ne, so lank ons folk blyf slaap,
> En maar foortdans op di pype, op di fluite van hul paap."

In 'n latere gedig vernou hy sy aanvalsfront; in plaas van die hele afvallige volk te "roskam", [42] sonder hy vir hom 'n sondebok - 'n verpersoonliking van verengelstheid - uit, met wie hy gruwelik die spot dryf. Piet Faure, 'n prokureur van die Paarl en 'n Afrikaner van geboorte, word in 1888 verkies vir die Volksraad. Van hom sê Men of the Times [43]: "A Dutch South African by birth, he possesses an intense admiration for the flag under which he enjoys the liberty so highly prized in the Colonies of the British Empire." In 1897 ontvang hy 'n sirskap van die Koningin. Hoogenhout probeer om hom belaglik te maak en te verkleineer, om sodoende by die volk twyfel te saai of Engelman-wees dan wel so 'n nastrewenswaardige toestand is:

> "Hm!
> Goeie môre,
> Piet Faure -
> (Ekskuus, jy is mos <u>Seur</u>):
> Dis gedorie
> 'n Glorie
> Vir 'n Pêrel-prokureur." ,

---

41) <u>Afrikaanse Gedigte</u>, byeenfersameld ......, p. 11.
42) Rob. Antonissen (<u>Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede</u>) sê dat "Fooruitgang" "...'n mens, by alle begrip vir waardeverskil, aan Vondel se "Roskam" laat dink." (2e druk, p. 45).
43) Transvaal Publishing Company, 1906, p. 490.

lui die eerste strofe, en die derde ;

"Sir Pe-ter -
Dis beter,
O, wat 'n honneur
Dat 'n Pêrel
Se kêrel
Zoo hoog kan opbeur." 44)

Die digters beywer hulle egter nie slegs teen afvalligheid waar afvalligheid reeds merkbaar is.nie. Ook teen 'n moontlike toekomstige ontrou aan die volksverlede en die volkshelde maak S.J. du Toit voorbrand in "Hendrik en Letti", waar Hendrik die wens uitspreek dat sy kind op sy graf haat teen die Engelse moet aanleer.

Maar ook 'n ander verantwoordelikheidsgevoel, wat niks met die self - of die eie - te make het nie, begin reeds in hierdie tyd in die poësie deurslaan; 'n verantwoordelikheid teenoor juis die nie-eie, teenoor ander groepe met wie die Afrikaner noodgedwonge die land moet deel.

Daar is drie gedigte waarin 'n aanklag merkbaar is, oftewel waarin 'n vraagteken geplaas word by die handelwyse van die Afrikaner in sy verhoudings tot ander. Die eerste wat ons wil bespreek, is "Hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het" 45) van S.J. du Toit. Hierdie gedig is 'n humoristiese en versonne weergawe van die inname van die Kaap, soos dit dan deur 'n ou Griekwa vertel sou gewees het. Dit is geen feitlike verslag nie, maar van belang is dat die paar insidente wat ons wil bespreek, tipies is van dinge wat wel gebeur het.

Die Hollanders bedrieg die Griekwas driemaal. Nadat hulle van hul "grote watergans" aan wal gestap het, wys hulle die Griekwas die begeerlike koperdraad :

"En ons wat Grikwas was breng fet,
Tamaai fet skaap en bok en bees;
Hul gé ons klyn stuk koper net,
Ons gé tamaai fet skaap en bees;
Ons was nog dom gewees."

In hierdie geval baseer die blankes dus hulle bedrog op die ongesofistikeerde en argelose waarde-oordeel van

---

44) P.J. Nienaber, ibid.
45) Afr.Ged. p. 15. Die gedig dateer uit 1897.

die inboorlinge. Daarna vra hulle om 'n stukkie grond, net maar so groot soos 'n beesvel, maar :

"Hoor nou hoe skelm di duusfolk is,
Hul sny di fel in riimpiis rond.
En net so lank as di riim is
Sê hulle toen: dis hulle grond!
Hul meet al in di rond."

Hier baseer die blankes hulle bedrog op hul intellektuele meerderwaardigheid, en op die feit dat die inboorlinge nie op hulle geslepenheid bedag is nie. Gekrenk deur hierdie onderduimsheid, sweer die Griekwas wraak, maar die Hollanders laat vat betyds en die Griekwas moet lang maande op hulle terugkoms wag. Uiteindelik kom die skip weer aangevaar, en die Griekwas maak hulle gereed :

"Ons sê: "Duusman! jy frek fan dag!
Jou harslag, lewer, long moet waai." "

Hulle sien egter 'n groot stuk koper in een van die skuite, en dit laat hulle 'n listige plan smee : hulle sal wag totdat die witmense die koper aan land het voordat hulle tot die heerlike wraak oorgaan. Hulle help selfs om die koper op die strand uit te sleep, en dan blyk dit hoe naïef hulle lis is vergeleke met die uitgeslapenheid van die duusvolk :

"Di Duusfolk skré, hul maak lawaai,
Ons trek; hul steek fuur agter aan; -
Di Koper hoes; - di derrems waai;
En in di lug di laaste man!
Wat leef di hardloop wat hy kan."

Hier reken die Hollanders op die onkunde van die Griekwas met betrekking tot die aard van die "stuk koper", ten einde hulle behoorlik onder skoot te kry.

In hierdie drie momente van bedrog lê 'n geweldige aanklag teen die eerste verteenwoordigers van die Westerse beskawing hier te lande. Maar nou ontstaan die vraag: Wat is die verhouding tussen die humor, die vermaaklike, en die erns, die aanklaende, in hierdie gedig, en wat is die respektiewe aandeel van hierdie twee houdings? Waarom word daar inderdaad by so 'n ernstige saak grappies gemaak? Om dit te kan beantwoord moet ons gaan kyk na die ander gedigte wat óók die "ander kant" se standpunt inneem.

In "Klaagliid fan di laaste Boesman"[46] betreur die Boesman sy verlore vreugde, en hy kla die blanke onomwonde aan as die verantwoordelike persoon :

"Myn frou is dood an al myn kinders saam.
O! Duusman, Duusman! sal jy jou ni skaam?
Myn frou was my 'n goue kroon;
Myn kinders kosbre pêrls."

Nie net is sy vrou en kinders vermoor nie, maar die wild, bome, bosse en veld van die land is uitgeroei, en sy salige natuurstaat is vir ewig daarmee heen.

Die een gemeenskaplike faktor tussen hierdie twee gedigte is, dat die voorwerp van die behandeling waarmee die "gewete" hom nie kan vereenselwig nie, in beide gevalle die woord doen, m.a.w.: dié "voorwerp" word "onderwerp" ("ek") in die gedig. Die boodskap van die digter word in 'n bedekte vorm aangebied - die digter praat nie, dis 'n Griekwa of 'n Boesman. Daarteenoor het ons dan "Di Yselike Neerlaag, fan di Engelse Troepe by Isandula, in Sululand",[47] waarin "die digter" direk as mens praat: die "ek" is toeskouer-kommentator. En dan gee hy ook die rede waarom hy dit waag om die vanselfsprekende reaksie te verbied:

"Laat ons in di lyde,
Ons tog ni ferblyde,
Broeders in Transfaal!
England ni ferdoeme,
Yge krag ni roeme,
En daar nooit op smaal.
God gebied: (Spr. 24: 17,18.)
"Verheug u niet
As uw fyand is geslage,
En myn straf moet drage" "

Hy haal dus die onfeilbare outoriteit van God aan, en kan derhalwe direk praat, want wie hom nie wil glo nie, verloën die Bybel. Ons sien dus dat, anders as in die gedigte waar die digter 'n meerderheidsemosie verwoord, waar hy vir die voorbereide gevoel skryf en dus namens die volk mág dink omdat hy soos hulle wíl dink, hy in

---

46) Ibid. p. 21. Hierdie gedig verskyn oorspronklik in <u>Ons Klyntji</u> (Deel 1. p. 39) en word onmiddellik, op uitnodiging van die redakteur, gevolg deur 'n "Antwoord fan die Duusman an di Boesman." (Deel 1. p.52) In die "Antwoord" word elk van die Boesman se aanklagte "fers fer fers beantwoord". Die prikkel word uit die staanspoor met 'n verdedigende reaksie begroet.

47) Ibid. p. 20. Die gedig dateer uit 1879.

hierdie minderheidstandpunt-gedigte hom op iets anders moet beroep om hom nie naderhand 'n woedende publiek op die hals te haal nie. Met die oog daarop doen hy een van twee dinge: óf hy haal 'n onaanvegbare gesag aan, óf hy laat, soos in die Griekwa- en Boesman-gedigte, die ander man sy eie standpunt stel.

'n Vergelyking tussen die Griekwa en die Boesman se stories bied die antwoord op die vraag na die verhouding tussen die vermaaklike en die aanklaende in "Hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het". Die Boesman wat in die "Klaagliid" die woord voer, is 'n volslae mislukking; selfs vir die eenvoudigste leser kan 'n digter nie fop wat sy "Boesman" woorde soos hierdie in die mond lê nie: "barmhartighyd; geweteloos; geween; goue kroon; kosbre pêrls; ongediertes fan ons suid land mild; ontfreem" en so meer. Daarenteen sal selfs die mees gesofistikeerde leser aangegryp word deur die outentisiteit van die Griekwa; 'n man wat in volgehoue "pidgin-Afrikaans" van 'n seilskip praat as "'n Grote watergans" wat "klyntjiis afgé", of wat die verskyning van die skip bo die horison as volg verklaar :

> "Hy kom op uit diselfde gat,
> Waar saans di son steek weg syn kop".

Wanneer so 'n man praat, luister oud en jonk met aandag, en dit is juis wat die digter wil hê. Die Griekwa probeer nie doelbewus snaaks wees nie. Hy is soos hy is, en hy praat soos hy maar kan, maar van belang is dat hy, in elke duim van sy lyf, Griékwa is. En hoe "snaaks" hy ook al vir die "basiis" is, was hy self uit die veld geslaan toe hy vir die eerste keer met duusvolk in aanraking gekom het. En dan nie net vanweë hulle handelwyse nie :

> "En in di klyntjiis sit Duusman,
> Wat naar en aardig fer ons lyk,
> Toen ons hul reg bekyk."

* * *

Hierdie paar gedigte, waarvan "Hoe di Hollanders die Kaap ingeneem het" die geslaagdste is, is die vroegste voorlopers van dié latere poësie waarin die uitbrei van die Afrikaner se geestelike grense 'n neerslag sal vind. In 1896 hou Cecil Rhodes met die Matabele samesprekings wat die finale stap verteenwordig in sy program om die huidige Suid-Rhodesië in die hande te kry. In 1897 skryf S.J. du Toit "Hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het". Dit sou moeilik wees om met sekerheid vas te stel of Du Toit bewustelik hierdie nuwe rigting - "Hoe staan dit met my verhouding tot my landgenote?" - inslaan na inleiding van die feit dat Rhodes se onderhandelinge met die Matabele die land 'n fisiese grens oplê. Dit is wel van belang dat hierdie twee gebeurtenisse in 'n baie noue tydsverband tot mekaar staan. Van verdere belang is dat dit juis Du Toit — taalstryder, Godsman, maar ook "afvallige", dus nie-groep-gebondene — is wat met hierdie vraag voor die dag kom.

## HOOFSTUK DRIE.

### DIE POëSIE VAN DIE JARE ONGEVEER 1900 tot 1920.

Die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog bring een van die treffendste keerpunte in die Afrikaanse poësie teweeg, en dit lui dan ook 'n heel besondere fase van die Grensland-poësie in. In sy naarstige agtervolging van die vryheid was die Afrikaner se tradisionele prosedure tot dusver weerstand teen enige bedreiging van die vryheid, en indien nodig, 'n uitbreiding van fisiese grense. Maar in hierdie oorlog was daar geen alternatiewe uitweg nie: die weerstand móés suksesvol wees. Die land het opgeraak. Aanvanklik het dit dan ook wou voorkom asof hierdie oorlog 'n voortsetting sou wees van die Dawidsgeskiedenis van die Afrikaner, waar hy, in vaste geloof in God se deelname aan die stryd, Goliat met die slingervel aandurf en vir Engeland die skok van die berugte "Black Week" (10 tot 16 Desember 1899) toedien. Maar net ná hierdie voorspel tot die magtigste prestasie van die Afrikaner tot op hede, begin die geleidelike proses van aftakeling wat met die Vrede van Vereeniging in 1902 voltrek word. En die plek van die vryheidsvreugde, die nasietrots en die Godsvertroue wat ons gehoor het in die woorde :

"Nooit was hiir in ons land,
So sigbaar Godes Hand,
As nou in di Transfaalse stryd." 1)

word ingeneem deur die verslaenheid en vertwyfeling van Preller se "Hoe Lang" :

"Hoe lang moet ons nog swerf en stry,
en stil-swaar worstel met die dwang,
en hoon en smaad en skimptaal ly;
'Hoe lang?' " 2)

Hierdie verslaenheid bied aan die na-oorlogse digtersgenerasie 'n taak en 'n uitdaging: die taak om sin te gee aan die oënskynlik sinlose, en die uitdaging om sodoende die volk, wat nie meer sy fisiese grense kan verskuif nie, te help om deur middel van 'n uitbreiding van sy geestelike grense homself van ondergang te red.

---

1) Afrikaanse Gedigte, Byeenfersameld ...... P. 50.
2) De Volkstem, 30 Augustus 1905. Vergelyk P.J. Nienaber Mylpale, Johannesburg, 1951.

Verstaanbaar genoeg word daar gedurende die oorlog, toe die Afrikaner nog nie 'n oorwonne volk was nie maar nog nagenoeg volkome in die gees vam die Eerste Vryheidsoorlog geleef het, gedigte geskrywe wat aansluit by die juig- en spotverse uit hierdie oorlog. Met sy siniese insig in die politieke situasie in Engeland, sy gesonde minagting vir die eiewaan van die belangrike Engelse veldhere, en besete van 'n roekelose spotgees, gaan F.W. Reitz genadeloos te werk. En omdat hy telkens die "woord by die daad" gevoeg het, die geleenthede geëksploiteer het voordat die erns van die nabye toekoms 'n beroep op heel anderse digtersarbeid sou doen, bring hy vir ons die sonderlinge verskynsel van uiters vermaaklike gedigte oor die tragedie wat die Tweede Vryheidsoorlog was. Die meeste van dié gedigte word vergesel van 'n kostelike vry vertaling in Engels. Uit die talle voorbeelde volstaan ons met 'n strofe uit "Die Proklamatie of Papieren Bom".[3] Kitchener is aan die woord:

"Kom dan Burgers al te saam,
Dit smeek ik in Vredesnaam,
Laat mij nou maar voor die grap
Net maar op jul' nekke trap."

En in Engels :

"Now therefore come up Burghers one and all
T'is for the sake of peace I make this call,
Oh! come to me and then you'll quickly feel
How a Boer's neck fits to a British heel."

Maar wanneer die nederlaag 'n voldonge feit geword het, voel Reitz ook dadelik die hoër roeping van die digter in die volk se tyd van beproewing aan, en in die gedig "Io Victis"[4] vereenselwig hy hom met diegene wat trag om die volk op te beur. Hy beroep hom op die Geskiedenis om die begrip oorwonnenheid in perspektief te bring :

"Wie waren d'oorwinnaars? Historie! ontrol uwe bladen en zeg
Waren zij het die 't menschen vereerde, en wierp na een tydjie weer weg?
Was het Nero of die hij vermoorddde? en wie zijn in hoger tel
De driehonderd dapp're Spartanen - of de Perzen en Xerxes wel?
Van Socrates en zijne Rechters wie houdt men het meeste in eer?
En aanbidden wij Pontius Pilatus - of Jesus Christus den Heer? "

---

3) Oorlogs en andere Gedichten, Potchefstroom 1910, pp. 9 en 11.
4) Ibid. p. 68.

Die hooffigure van die periode wat op die oorlog volg, is Celliers, Totius en Leipoldt. Marais word genoem by die enkele geleenthede waar hy by hulle inskakel. Ons wil aantoon hoedat aldrie hulle in die twintigtal jare ná die oorlog intens met die lotsbestemming van hulle volk, wat ingrypend deur die oorlog geraak is, gemoeid gevoel het.

A. Onmiddellike reaksie.

Ons onderskei by aldrie 'n tydperk van onmiddellike reaksie op die oorlog. Benewens groot verskille in benadering en uitkyk, sien ons 'n enkele, vir ons studie heel belangrike, punt van ooreenkoms: tempering van die groepreaksie-van-die-oomblik met 'n desperate oproep-tot-konsolidasie aan die Afrikanerdom.

Celliers.

Die groepreaksie wat ons aantref in Die Vlakte[5]; is 'n aanklag teen die vyand; en die taak wat Celliers hom as indiwidu oplê, is om sy verslane volk te bemoedig. Albei hierdie sake tree in sommige gevalle in dieselfde gedig na vore. 'n Voorbeeld hiervan is "Japie Greyling",[6] die eerste oorlogsgedig uit hierdie bundel. Die vyand-gestalte in hierdie gedig is die offisier wat 'n klein seuntjie probeer dwing, selfs met die dood dreig, om die skuilplek van sy mense te verraai. Uit hierdie insident tree 'n gedefinieerde persoon na vore, 'n bullebak-stereotiep teen wie die groep sy gevoelens van haat en veragting kan rig :

> "O, arm is die harte aan ridderlik eer
> wat bloedverraad kweek en troubreuk begeer;
> so is stille veragting die welverdiend loon
> van die hoofdman, wat nader met strengheids-vertoon
> en durf om 'n moeder en elfjarig kind
> te vra naar die skuilplaas van broeder en vriend."

Teenoor hierdie paaiboelie stel die digter dan die Afrikanerkind, wat met doodsveragting weier om sy mense te verraai. Hierdie heldedaad moet die Afrikaner verby die nederlaag laat kyk, moet sy besef van eiewaarde herstel :

---

5) Pretoria, 1908.
6) Die Vlakte, (negende druk) p. 51.

"Kinders van Suid-Afrika,
trots mag ons ons naam reeds dra,
in ons wapenskild dit voer
tot dit eens die wêreld roer,
eere-naam van "Takhaar-Boer! " "

By dié opbeuring voeg hy egter ook 'n vermaning, maak hy ook die volk verantwoordelik, gee hy inderdaad vir hulle iets om nog verantwoordelik oor te wees :

"Edel-stene berg ons grond
wat geen rower ooit nog vond;
waak met moed, beleid en trouw
dat ons onse skat behou
bo bereik van rowersklouw."

Hierdie gedig bevat die kern van wat in die siklus "Oorlog" tot 'n verskeidenheid van situasies verbreed word. Hy verwoord die toorn van die volk oor die vyand, maar bied aan hulle ook positiewe waardes en strewes om hulle van Moedverloor se vlakte te red. Hy maak 'n aanklag namens die volk, maar dit word telkens gevolg deur 'n hardnekkige optimisme. Nêrens is die troos skraler, en nêrens, juis daarom, is die optimisme treffender as in "Die Kampsuster" [7] nie :

"Oor die velde kruip saggies die awend se grouw,
maar, Suster, ik sien nog die hemel se blouw."

Totius.

By Totius is die rehabilitasiewerk subtieler verstrengel met die massareaksie. Wat hy in By Die Monument [8] inderwaarheid doen, is om (met enkele uitsonderinge, waar hy soos Celliers pertinent bemoedig) die smart wat sy volk, veral die vroue en kinders, in die oorlog gely het, te beween. Dit is 'n baie algemeen-aanvaarbare standpunt, maar 'n standpunt enersyds so naak, andersyds geklee in so 'n oorstelpende simboliek, en altyd met so 'n bomenslike kalmte gestel, dat dit die groepsemosie louter tot 'n stralende bron van inspirasie, en die selfbejammering van die verslae volksgees omskep in 'n dinamiese, onoorwinbare woede.

Die eenvoud en die volslae afwesigheid van die digter maak van die dialoog tussen moeder en kind

7) Ibid. p. 78.
8) Bloemfontein, 1908.

"In die Kamp"[9] die Konsentrasiekamp-gedig met die grootste slaankrag. 'n Van honger sterwende kind vra vir sy moeder brood, en die moeder moet weier. Die smart wat in hierdie situasie opgesluit lê, het 'n algemene en ewige geldigheid wat in Totius se eenvoudige en voldonge stelling ten beste tot uiting kom :

"Kind: Ek kan nie meer wag nie van honger, my moeder;
maar waarom tog so? het die Heer ons verstoot?
Moeder: Nee, liefste, verstoot sal die Vader ons nimmer,
maar hier in die tent is geen krummeltjie brood!"

Die "tinktinkie-taal" wat Totius in "Viermaal Gesien"[10] besig, die meeslepende herhaling en die onaardse kalmte waarmee die vraesteller en die doringboompie hulle gesprek voer - 'n gesprek oor die dood van die jeug van 'n volk - het die uitwerking dat dit die leser vrywel dwing om die skreeuwerk self te doen; die digter skryf dan oor dinge waaroor mens móét skreeu en hy skreeu ten ene male nié- inteendeel :

"Dit is die manne met die baar,
daarop die kleine bloedjies,
daaragter kom die moederskaar,
so soetjies, soetjies, soetjies;
en snikkend gly
die swarte ry
al oor my groene voetjies."

Wanneer Totius wel tot bemoediging oorgaan, verskil dit ingrypend van die breedgeskouerde optimisme van Celliers. Hy praat oënskynlik nie juis met sy volk nie, en hy praat in elk geval glad nie van sý of enige ander volk nie. Hy vertel heel bedaard storietjies oor torelduifies en doringboompies, maar sy half weggesteekte boodskap is onmiskenbaar. In die geval van die torelduifie wie se nessie te pletter geslinger is toe die boertjie die boom kom afkap het, lui die boodskap so :

"En die wêreld word weer stil.
En dit groei weer,
en sy broei weer
vir 'n ander huisgesin
in 'n ander miktak in."[11]

9) _By die Monument_, p. 8.
10) Ibid. p. 10.
11) Ibid. p. 16.

En van 'n doringboompie wat deur 'n wa platgetrap is maar weer opgebeur het, sê hy :

"Die wonde word gesond weer
as jare kom en gaan,
maar daardie merk word groter
en groei maar aldeur aan." 12)

Hierdie tegniek van Totius om die massa-emosie, ongeordende smart, te kanaliseer - sonder om dié emosie te sus deur die smart gewoon voor te praat - is m.i. daarvoor verantwoordelik dat hy die Afrikaanse oorlogsgedigte geskrywe het wat die langste hul emosionele lading sal behou.

Leipoldt.

Hierdie digter se reaksie op die oorlog is meer gekompliseerd as dié van Celliers of Totius. Die groepsreaksie wat hy in Oom Gert Vertel en Ander Gedigte 13) verwoord, naamlik woede oor die lyding van die kind in die konsentrasiekampe, is nie sonder meer 'n op die groep georiënteerde emosie nie. Daarvoor sou dit nodig gewees het om die vyand verantwoordelik te hou vir die lyding; en dit doen Leipoldt nié. Sy aanklag is gerig teen die immoraliteit van "man's inhumanity to man". En aan daardie immoraliteit het sy volk, synde menslik, net soveel skuld as enigiemand anders. Hierin lê dan die eerste aspek van die minderheidstandpunt wat Leipoldt in hierdie bundel inneem. Dat hierdie standpunt van hom aan geslagte van lesers ontgaan het, moet toegeskryf word aan die feit dat die lesers nie wóú lees wat hy te sê gehad het nie, en nie aan 'n gebrek aan helderheid by die digter nie. Wanneer 'n leser vir die eerste twee-endertig verse van " 'n Nuwe liedjie op 'n ou Deuntjie" die digter se ontsteltenis en onthutsing gedeel het, kan so 'n leser beswaarlik toelaat dat hy die laaste agt verse reg lees. Want in hierdie agt verse word hy medeverantwoordelik gehou vir wat gebeur het. Hierdie verskynsel vind vandag nog plaas: In Afrikaanse Lewe en Letterkunde 14) sê F.E.J. Malherbe: "Sien ook hoe hy (Leipoldt) sin bring in wat anders so sinloos lyk: b.v. die dood van onskuldige kindertjies in die konsentrasiekamp

---

12) Ibid. p. 19.
13) Pretoria, 1911.
14) Stellenbosch, 1958. pp. 155-6.

in 'n Nuwe Liedjie op 'n ou Deuntjie, waarin hy 'n sterwende kindjie toesing dat hy moet ophou kreun omdat almal besig is, en hom so wegsus na sy kissie toe op die deuntjie van 'n kafferlied :

Daar is jou plek, by die graffies daar -
Twee in een kissie, 'n bruilofspaar.

Ook dit is goed, want die dood is immers die offer wat ook die kleintjies vir 'n ideaal moet bring, want :

"méér was die vryheid as kind of vrou"! "

Dit is seer sekerlik nie wat Leipoldt met hierdie gedig bedoel nie. Wat hy in hierdie gedig wel sê, is dit : Ons (grootmense) hou oorlog en jy, wat die spit moet afbyt, het geen sê in die saak nie: ons (Afrikaners) dwing op jou die erfporsie af van te moet sterwe vir ons land; jy wen darem iets, al is dit 'n skamele troos, naamlik dat ons vir ewig geknaag sal wees deur die herinnering dat die vryheid, wát dit ook al mag beteken - vir 'n kind in elk geval niks - vir ons meer werd was as ons vrouens en kinders. Hy wend nêrens die minste poging aan om "sin te bring" in die verwoesting van kinderlewens nie. Wat hy wel doen is om die volk, ná eie persoonlike besluit oor die saak, te konfronteer met 'n relativering van die veronderstelling dat die kinders uit eie wil die hoogste offer gebring het, borg gestaan het vir die volk. Ons tref hierdie veronderstelling aan by Marais, waar hy in "Die Oorwinnaars"[15] die "bleke spokies" aldus aanspreek :

"Oorwinnaars vir ons volk,
bly u vir al wat beste in ons is 'n ewig' tolk".

Leipoldt is verwar deur die oorlog. Hy spring inderwaarheid rond tussen patriotiese piëteit soos ons dit aantref in "Aan almal wat voorgegaan het":[16]

"Ja, man wat op die slagveld wreed moes sneuwel,
En in die kinderkampe, kind en vrou,
Slaap rustig stil, julle wat so geworstel
En so gesterwe het - want ons onthou! "

en die rebelse "kettery" van "My nuwe Vaderland":[17]

"Ek wil nie meer die mense eer
Wat slegter is as vee -
Nie meer die volksgeskied'nis lees
Met al sy leuens mee."

---

15) Versamelde Gedigte, Pretoria, 1933. p. 26
16) Oom Gert Vertel p. V111.
17) Ibid. P. 54.

Hy gee positiewe, byna gevoellose leiding in "In Amsterdam"[18] waar hy die volk waarsku dat 'n nasie "Nie somar soos die koring groot" word nie :

"Dit moet deur werk, deur vlyt, deur smart,
Deur lewe ook word voortgestoot";

maar verval ook in die selfbeklag van "In die Konsentrasiekamp":[19]

"Vergewe? Vergeet? Is dit maklik vergewe?
Die smarte, die angs het so baie gepla!
Die yster het gloeiend 'n merk vir die eeue
Gebrand op ons volk en die merk is te ná -
Te ná aan ons hart en te diep in ons lewe -
"Geduld, o geduld, wat so baie kan dra! " "

Waar Leipoldt se versugting is na geduld, bid Marais in "1902"[20] in 'n soortgelyke geestesstemming om die genade om "die dood blymoedig in te gaan". Maar hoe bejammerend Leipoldt se gedig ookal is, vind ons daarin nie dieselfde noot van wanhoop wat by Marais gehoor word nie. Die merk is "vir die eeue" op die volk gebrand, wat tog dadelik die voortbestaan van die volk impliseer, terwyl daar by Marais sprake is "dat ons as Staat en Nasie moet vergaan".

Leipoldt is bewus van sy verwarring, en probeer om dit uit te spreek in die klein drama van die mens-in-verwarring, "Oom Gert Vertel".[21] En hy betrek daarby die verwarring van die hele verslane volk, en veral dié van die Kolonie-Afrikaner met sy konflikterende lojaliteite.

In hierdie monoloog vertel die ou Boer, Oom Gert, "die storie van ons sterfte", in die eenvoudige verhaal van twee jong seuns uit die Kaapkolonie wat by die Boeremagte aangesluit het en vir hoogverraad tereggestel is. Ook van hierdie gedig kan uiteenlopende interpretasies gegee word. Die tradisionele, soos verteenwoordig deur G. Dekker,[22] is dat die ras-egte Boer besig is om sy smart oor die oorlog uit te spreek: "Oom Gert is nie slegs die spreekbuis van Leipoldt nie; hierdie ou Boer, wat met van bedwonge ontroering hese stem "die storie van ons sterfte" aan 'n jong man vertel ...... is 'n lewende mens. Hy praat die taal en in die trant van die ras-egte Boer. Die hewige smart word nog geaksentueer deur die

18) Ibid. p. 17.
19) Ibid. p. 35.
20) Versamelde Gedigte, p. 27
21) Oom Gert Vertel, p. 3. (22)
22) Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, 5e druk, p. 84.

tragiese humor; Oom Gert is bang om by die vreeslike gebeurtenis van die teregstelling uit te kom; daarom wei hy uit oor allerlei beuselagtighede ....." Hierteenoor bring H. van der Merwe Scholtz [23] die nuwe siening dat hierdie "beuselagtighede" 'n baie belangrike deel uitmaak van wat Oom Gert sê : dat dit nie soseer is omdat die "ras-egte" Afrikaner homself nie so ver kan kry om oor die verskriklike gebeurtenis te praat nie, maar eerder omdat die papbroekerige Afrikaner wat in die uur van nood self niks vir sy nasie gedoen het nie, nou probeer om homself te regverdig en sodoende (onbewustelik) probeer verligting soek vir sy brandende skuldgevoel, terwyl hy homself in sy ware kleure verraai.

Die ware toedrag van sake lê êrens tussen hierdie twee uiterste sienings van Oom Gert. Wie in hom 'n poging van Leipoldt wil gaan in-lees om die tipe van die ras-egte Boer te teken - "ras-eg" is 'n baie vae term, maar dit sou seker geregverdig wees om aan te neem dat wie Oom Gert so noem, bedoel dat hy in 'n sekere sin 'n "held" is - lê die digter bedoelings in die mond wat nêrens in die gedig aangetoon kan word nie. Maar dit maak weer allermins van hom 'n veragtelike papbroek. Al wat Leipoldt eintlik van hom maak, is 'n doodgewone mens, wat probeer om die verwarring wat die oorlog vir hom was, en in 'n mate nog is, tot sin en orde te "rym".

Leipoldt probeer hier nie om 'n antwoord op die vraag "wát was reg en wát verkeerd" te gee nie. Bennie en Johnnie was jongmense, met die onbesuisdheid, daadkrag, mindere verantwoordelikheid en onbevangenheid van die jeug. Hulle word gevang en doodgeskiet. Hulle teregstelling gee die deurslag vir twee ouer mans, Skeeloog Louw en Piet Spanspek (die tipe van die opstandige :

" "Foei, foei! Hoe kan u soiets waag vandag<br>
As onse harte vol is, en ons oë<br>
Nog donkerdof met trane vir ons land?"<br>
. . . . . . .<br>
Maar Piet Spanspek was weer nie op sy mond<br>
Geval nie, en hy het ook voortgegaan<br>
Met grappies maak, ofskoon ons niks van hom<br>
Gehoor het en ook nie geluister het nie.");

dryf hulle inderdaad déúr die verwarring, déúr die "beteuterd"-heid, om by 'n lig (vir hulle) uit te kom. Van Oom Gert sê Scholtz nou: "Waarom het Oom Gert ...... nie die plek van sy peetseun en sy vriend se seun gaan

---

23) Standpunte XlV, 3, Februarie 1961.

inneem nie? ..... Omdat hy .... eenvoudig nie van die regte staal was nie." Maar gaan dit hier om "regte" en "minder regte" staal? Myns insiens is Oom Gert van "ander staal". Daarom moet ons Oom Gert op sy woord glo waar hy die "Hou maar vas ....." -raad gee, én waar hy sê dat hy nie 'n les uit die storie kan trek nie. Die jonger geslag kan wel iets daaruit leer, maar hy sê nie wát om daaruit te leer nie. Voor die hand liggende "lering" is alleen dat geweldpleging afskuwelik is, dat geweld tot geweld aanleiding gee; en "staan orent, en neem jul aandeel aan ons nasie", hou moed en, wie of wat ook al reg of verkeerd was, moenie terugsit nie, maar probeer om vir jou nasie (na jou eerlike oortuiging) jou plig te doen.

In die prominent gestelde daadloosheid van Oom Gert:

> "Doen? Doen? Iets doen! Ag, wat kan julle doen?
> Wat kan ons algar doen? ",

neem Leipoldt beslis 'n standpunt in. Scholtz wil betoog dat Bennie met dié woord vir Oom Gert op 'n gevoelige punt raak, omdat dit sou dui op die versuim om 'n voor die hand liggende koers in te slaan. Maar Oom Gert weet tog werklikwaar nié wat om te doen nie, omdat hy besef dat reg en onreg orals onontwarbaar verstrengel is. Dit is dus eerder 'n oorwoë daadloosheid as wat dit versuim is. "Opgehang word" kan in elk geval beswaarlik as "iets doen" bestempel word.

B. Singewing.

Met hulle een "oorlogsbundel" elk het hierdie digters hulle volk 'n onskatbare diens bewys. Elkeen het op sy eie manier bygedra om die verslaenheid van sy verslane volk te bekamp; om te keer dat die volk nie saam met die vryheid tot niet gaan nie. Maar hierdie noodmaatreël moes onmiddellik opgevolg word deur verdere singewing aan hierdie ongehoorde ongerymdheid - die verlies van hulle vryheid - in dié Godgerigte volk se geskiedenis.

Totius.

Totius neem die voortou met Verse van Potgieter's Trek.[24] Hy bring hulde aan Potgieter en die stoere vaders en moeders wat saam met hom "'n lig bestendig instralend teen (die) swart o'erblikkrend nag en dood" van "Donkere Afrika" [25] die binneland ingedra het. In die voorwoord sê hy: "Ver mij is Potgieter die trekker by uitnemendheid en is in sij persoon en trek die beste verwerkelik geworde die grote trekkersgedagte." Die rede hiervoor is Potgieter se, in "Weg van die See"[26] gemotiveerde, afkeer van die see :

"want aan uw strenge strand
omspan mij enge band,
en lage lug maak loom
en lam mij vrijheidsdroom. "

Die see ontsê die trekker nuwe grense, en vir die trekker is nuwe grense 'n wesenlike noodsaaklikheid. Maar dat die see hom inperk, is nie sy enigste beswaar nie:

"Nee meer! hier rus gedug
die lange waterslang,
wat seilend op uw rug,
gehele nasies vang,
solang in u nog rus
sijn stert. Nooit breng uw kus
ver trekkers vrijheidsvree,
verraderlike see! "

Aan Engeland kan 'n mens slegs ontvlug die binnelande in; langs die see agterhaal hierdie "waterslang" jou steeds. Totius hou aan die volk hierdie held van hom, Potgieter, en sy ideale voor; ideale waaraan die volk getrou moet bly, al is die vryheid hulle ontneem :

"U sing ik, grote jukverbreker!
want vrijheid soek gij bowe-al".

Hy spreek hier nie tot die enkeling wat die smartlike gegewe van 'n verlore vryheid self kan verwerk nie, maar juis as enkeling spreek hy tot die neergeslane volk. As enkeling, as profeet, voel hy sy verantwoordelikheid teenoor die volk. Om te verseker dat hy onder die volk gehoor sal vind, beroep hy hom op die volksmite van besielde voorgeslagte, en hy laat dié mite sentreer om die figuur van Potgieter.

---

24) Potchefstroom, 1909.
25) Verse van Potgieter's Trek, p. 7.
26) Ibid. p. 23.

'n Prikkelende objektiwiteit, selfs ongeërgdheid, vind ons in "Kafferlied", [27] wat met 'n paar strepe die wit-swart-verhouding van die aanvang skets en dan besluit:

"Die kaffer het gedood[28] maar witmens hij
dood later.
Die witmens hij nou leef, die kaffer hij
leef later.
Die witmens hij nou lag, die kaffer hij
lag later."

Dit is egter meer as waarskynlik dat hierdie gedig nie soseer van profetiese visie getuig nie, as dat dit op die "kaffer" se mentaliteit en sy wens om die witman te verdelg, slaan - met miskien die les dat hy dit desondanks nie reggekry het nie, al het die witmens (Potgieter) se saak op 'n tydstip verlore gelyk.

In Rachel [29] bring Totius die boodskap by uitnemendheid uit hierdie periode, om aan te toon dat die oorlog met sy smart en oënskynlike verlatenheid-van-God tog nie die einde van die pad vir die Afrikanervolk hoef te beteken nie, en dat dit allermins geregverdig is om vanweë die oorlog kleingelowig te word. Hy bedien hom van 'n geïnspireerde gelykenis met die verhaal van Jakob en Ragel en haar sterfte by die geboorte van Ben-Oni. Die bundel begin met 'n versugting om te kan "sing van lang verlee", om in 'n vertroude ou verhaal 'n sin vir nuwe gebeurtenisse te kan vind.

Weereens, en tans in hoëre mate, is dit Totius die profeet, die enkeling wat verder kan sien, wat tot die volk spreek. Waar hy hom in die vorige bundel op die volksmite van besielde voorgeslagte beroep het, gebruik hy hier die volksmite wat berus op 'n ooreenkoms tussen die uitverkore Israel en die uitverkore Afrikanervolk. Soos Jakob se "aartsvaderlike karavaan" eens "Langs Heuwelpad en Donker Dal" [30] voortgetrek het na Efratha,

"So ook het bo mij land verrijs
die stofwolk van die wa'ens wat sleep,
Maar dis g'n Jakob met sijn trek,
dis die vijandige konvooi,
wat vrouens vang en jaag te voet".

Nou voer hy die vergelyking verder: Soos Ragel langs die trekpad siek geword het, so ook "die Rachels

27) Ibid. p. 21
28) Doodgegaan.
29) Potchefstroom, 1913.
30) Rachel, p. 5.

van mijn land", en soos Jakob by haar sterfplek 'n gedenkteken opgerig het, [31]

"So staan daar in mijn vaderland

graftekens eerbiedvol geplant// deur Jakobs".

Hier leer hy vir sy volk die ernstige lewensles dat daar in 'n uitverkore Israel se geskiedenis naas Gideons-oorwinnings ook Ragels moet wees wat by kindergeboorte sterf, maar dat selfs 'n Herodes se kindermoord nie die sin in 'n Ragel se sterfte kan besweer nie. Al ween al die Ragels ontroostelik, tog hou die digter vir hulle die blye grondwaarheid voor oë : [32]

'o Onverwinbre moederskoot!

Geblakerd deur die oorlogsvlam,

maar al weer spruit 'n nuwe loot

uit onverdelgbre lewensstam!"

Al het Herodes die kinders laat vermoor "om politiek//om stijwing van 'n wrakke troon", tog het Christus die uiteindelike oorhand oor Satan behaal.

Een van die treffendste momente in die bundel is die breekwater-vergelyking: [33] die konkreetblokke "versink williglik hul lijwe" sodat 'n breekwater gebou kan word om skeepvaart te beveilig en handel te laat bloei; die vroue van sy volk, "al die graagetroue//stil wesens met hul somber swart gewaad,

Hul sink, een na die ander. Als slagorde

kom oorlogsgolf dood-dreigend aangewoed.

Hul sink en sink, totdat 'n wal kan worde,

waarop 'n nuwe volk rijs uit die vloed."

'n Band is nou gelê tussen die ou verhaal van "lang verlee" en die jong verhaal van "kort gelee". Solank die "troue skaar" getrou bly aan die belofte "Ons sal onthou!", sal die "treur-verlee" 'n groot krag in die volkslewe bly. Hier is 'n baie duidelike voorbeeld hoedat die mite, produk van die blinde groepsdinamiek, deur 'n heldersiende digter aangewend kan word tot singewing in die lewe van 'n volk. Die mite staan bloot aan "misbruik", wanneer dit bv. aangewend word om skuld weg te rasionaliseer. Dit hou egter ook groot positiewe potensialiteite in.

---

31) Ibid. p. 67.
32) Ibid. p. 81.
33) Ibid p. 71.

Celliers.

In die voorwoord tot die tweede druk van Martjie[34] stel Celliers die doel wat hy met hierdie Boere-idille beoog: "opbouw van taal, kuns, nasionaliteit." In hierdie drieledige doel slaag hy dan ook: die taal wat hy besig in hierdie tot op dié datum langste gedig in Afrikaans, is nagenoeg ongeëwenaard; die gedig is in sy eenvoud die grootste klein-kunswerk van sy soort wat die Afrikaanse letterkunde in baie jare sou sien; die nasionale stukrag wat daar van die gedig uitgegaan het, is nie te versmaai nie.

Celliers gebruik die oorlog op baie subtiele wyse in sy nasionale opbouingswerk. Dit speel 'n klein maar belangrike rol in die verhaal - stuur die Martjie-Roelof-verhouding op 'n punt af en kos Roelof sy lewe - maar versteur of onderbreek origens slegs die idilliese Boere-bestaan. Daar word nie onnodig veel aandag aan die oorlog geskenk nie, en die implikasie, die ongeformuleerde boodskap, is dat die oorlog slegs as 'n onderbreking beskou moet word, dat dit nie die einde van die tradisionele Boere-ideaal beteken nie maar slegs 'n nuwe uitdaging.

Die Saaier[35] is heldere opgebeurdheid en opbeuring. Dit bou voort op die optimisme van Die Vlakte, maar hier sonder gramskap of smart. Sy strydkreet is "Komaan! ..... daar's werk!" Sy taal is ondubbelsinnig :[36]

"Wees trouw!
Daar's 'n volk te leer
om sigself te eer
te bouw."

Hier is die derde punt in die Driemanskap-poësie waarby ons Marais kan betrek. "Die Smid" is in die kader van bogenoemde gedig: waar Celliers sê "Komaan!" sê Marais "Blaas hoog die vlam!"[37]

Op verhewe peil bring Celliers hulde aan die vroue van sy volk in "Bij die Vrouwe-Betoging" :[38]

"Ik sien haar wag, geduldig, sonder woord,
soos sij al honderd jaar gewag het en gelij,
ik sien haar win, deur lije, net soos Hij;
ik sien haar win, vir man en soon en broeder,
want haar naam
is Vrouw en Moeder!"

34) Kaapstad, 1915.
35) Pretoria, 1918.
36) Die Saaier, p. 24.
37) Versamelde Gedigte, p. 7.
38) Die Saaier, p. 50.

Sy toon in "Ons Rande" [39] is suiwere selfvertroue :

"Ons wil jul maar net sê :
in vrede kan jul lê ,
em vrees nie wat of wie, -
want, maats, ons rij nog trouw
kommande, en het tot nou
nog nooit gehendsop nie! "

Met veragting hekel hy afvalligheid : [40]

"Ons is die burgers van Papbroek-land,
Lamsak, ou maat, gee mij jouw hand."

En onvoorwaardelik is sy erkenning van, en piëteit jeens, die voorgeslagte van "Dingaans-Dag" :[39]

"Afrika,
Afrika,
eer hul gedagtenis.
En als jouw vrijheids-dag
eens oor jouw velde lag,
weet wie te danke is,
eer hul gedagtenis! "

Die leiding wat Celliers in Die Saaier aan die volk gee, staan nog op 'n elementêre vlak. Dit is koesterend en behoudend, en verskil in wese heel weinig van die nagenoeg selfverheerlikende nasionale verse van die Genootskappers. Wat wel van belang is, is dat hierdie verse 'n ernstige poging tot opbeuring is, en nie uit selftevredenheid spruit nie. Waar Totius op religieus-intellektuele wyse sin probeer gee aan die verlede, aanvaar Celliers met blymoedigheid die toekoms. Dit beteken, by implikasie altans, dat 'n sekere sin in die dinge van die verlede tog aanvaar word. En wanneer Celliers die toon aangee in 'n houding wat 'n sin in die gebeure van die verlede impliseer, gee hy self op indirekte wyse sin.

Leipoldt.

Hierteenoor kry ons in Dingaansdag[42] suiwere gewetensaktiwiteit, waar Leipoldt sekere sake in die volkslewe ondersoek en vraagtekens by sekere norme gaan plaas. Hy bring 'n vernuwing, verskuif die grense van die gees met 'n radikale konsiliasie-evangelie wat die Afrikaner-aksioma "veg vir die vryheid" wil opoffer ter wille van die vrede :

39) Ibid. p. 31
40) Ibid. p. 36.
41) Ibid. p. 84.
42) Pretoria, 1920.

"Wat vra ons vir ons kinders en onsselwe,
Wat eis ons in die toekoms vir ons land?
'n Ongestoorde lewe, stil en rustig,
In vrede, môre en aand, die jare deur
Om stil wat ons gegee word aan te neem,
En stil wat ons geweier word te laat staan;
Met innerlike ingebore vryheid [43]
Die wêreld rondom ons as vrind te hou;
Nie vyand van ons buurman ooit te wees nie".

En dan daag hy letterlik die Afrikaner uit om Christen te wees in daardie moeilikste sin, naamlik om sy vyande lief te hê : [44]

"Maar die yster het diep in die hart geslaan
En sy merke daar agter gelaat
En die diepste merk is die merk van haat
Wat Liefde alleen verstaan."

Maar sou hierdie benadering nie ingang vind nie, dan doen hy 'n beroep op die redelikheid van sy lesers : [45]

"Glim t'rug in die verlede. Laat jou gewete kies
Tussen wat oorlog offer; wat vrede kan behaal.
Wat is die batig saldo? Wat wins en wat verlies?
Wat is die skuld wat eindelik die wêreld moet betaal? "

Want die mensdom verdrink menseliefde in haat, jaloersheid, dierlike hartstog. Hy is hier besig om die hele menslike dwaling van oorlog en haat te laak, en dan gee hy, meer spesifiek aan sy volk, raad hoe om die woeste sirkelgang te verbreek :

"Praat nie van patriotisme; tel nie jou helde oor;
Stil nie jou siel met woorde wat waarheid slegs verbloem;
Kyk raak tot in sy hart toe die onding wat versmoor
Die beste wat die mensdom het vir eer of prys of roem".

In die "Stil nie jou siel ....."-gedagte deursien hy die hele proses waardeur die mens probeer om deur middel van rasionalisasie aan sy gewetensangs te ontkom. Hy noem hierdie "beste wat die mensdom het" op, en vra dan met genadelose finaliteit of dít is waarvoor die volk veg. Dit is asof hy vra of die "vryheid" van "meer was die vryheid as kind of vrou" iets met dié waardes te doen het :

---

43) Dingaansdag, p. 56. Kursivering van my.
44) Ibid. p. 61.
45) Ibid. p. 97.

"Verdraagsaamheid en liefde, begrip van egte reg,
En broedertrou en buurmansplig teen elkeen wat bestaan,
En vra vir jou gewete waarom jou helde veg.
Vir watter doel, uit watter plig, neem jy jou wapens aan ?"

In hierdie paar gedigte, en enkele ander, staan Leipoldt lynreg teenoor Celliers en Totius; staan hy inderdaad volkome buite die mite. En selfs waar hy slegs bemoediging gee, aanvaar hy, anders as Celliers, die nederlaag van Vereeniging as 'n minder belangrike gegewe :

"Worstel en wen as jy kan,
Of stoei en verloor, as jy moet, soos 'n man." 46)

Die swakheid van sy volk lê immers nie in hierdie nederlaag nie, maar in verdeeldheid, in die weiering om die swaar plig van die vrede te aanvaar.

In 'n paar gedigte in Uit Drie Wêrelddele 47) bou hy op hierdie tema voort, en bring hy, soos in "Droom en Doen" 48), die boodskap van die toekoms. Die verlede moet met rus gelaat word :

" "Scheepers lê begrawe in Graaff-Reinet se sand!"
Kêrel, laat hom rus tot opstaan-dag! "

Vir Leipoldt is al die grensland-probleme nou opgelos. Die ontsteltenis van sy oorlogsverse, Oom Gert se verwarring, dis alles dinge van die verlede. Maar dat 'n ware oplossing so plotseling en so volkome kan kom, is effens verdag. 'n Mens raak in jou bedenkinge gesterk wanneer in ag geneem word dat Leipoldt se hele saak op pasifisme berus. En 'n -isme, hoe lofwaardig dit ook al mag wees,neem selde 'n voldoende aantal uiteenlopende faktore in ag om meer as 'n halwe waarheid te wees. Leipoldt sien die gevaar, die destruktiewe potensiaal, wat in die mite skuil, en hy probeer om dit te besweer deur die mite in sy totaliteit te verwerp. Hy hou egter nie rekening daarmee dat, langs "woorde wat waarheid slegs verbloem", 'n volksmite ook woorde wat waarheid onthul, kan voortbring nie. Wat nodig is, is nie dat die mite verswyg moet word nie, maar dat 'n ware profeet - "waar" in die sin dat hy in 'n eerlike verhouding tot God staan - die mite vir die volk, met al wat duister en driftig is in die volk, moet interpreteer.

---

46. Ibid. p. 46.
47) Kaapstad, 1923.
48) Uit Drie Wêrelddele, (4e druk) p. 17.

Die ontgogeling by Celliers en Totius.

Die ontstaan van die Unie van Suid-Afrika het totaal uiteenlopende reaksies by dié twee digters uitgelok. Celliers het daarin niks as heil gesien nie, en hy verwoord sy verrukking in Unie Kantate.[49] Totius het in die jare ná die oorlog, en veral nadat die Boere selfbestuur gekry het,[50] 'n kans gesien dat die ou Calvinisties-nasionale Republieke mag herleef. Sy laaste hoop verdwyn met Unie. Hy begroet die gebeurtenis met die verbitterde, pessimistiese "Unie Lied". Pessimisties as ons in aanmerking neem dat hy as 'n voldonge feit beskou dinge waartoe Leipoldt tien jaar later nog maar probeer om die volk te oorreed - broederskap -, of dat hy as reeds verdelg beskou dinge wat Leipoldt tien jaar later nog steeds probeer verdelg - vaderlandsliefde (van die verkeerde soort na Leipoldt se mening) en "rassehaat". En veral as ons in aanmerking neem dat hierdie dinge 'n halfeeu later nog steeds ten ene male nie 'n voldonge feit is nie :

"Laat nou vaar jul ideale;
Unie-son skiet Unie-strale
Oor die donker wolke heen -
Boer en Brit is eind'lik één."

Hierdie gedig bevat, in die kiem, die gedagte wat later in die lang gedig Trekkerswee[51] uitgewerk sal word. In die "Boere-paradijs" wat die Witwatersrand vóór die ontdekking van goud was, voer Oom Gert en sy gesin 'n idiliese Boere-bestaan wat ooreenstem met die in Martjie uitgebeelde lewe. Die ontdekking van goud versteur nie slegs hierdie salige bestaan nie, maar die stad wat op die goud verrys, verblind met sy geskitter Oom Gert se dogter, Dina. Sy sing 'n loflied aan Johannesburg, en terwyl sy meedoen aan die goddelose stadslewe, sien Oom Gert die skrif aan die muur :

" "Geweeg, geweeg, te lig bevind! "
Dan roep hij: "ag, mij arme kind!" "

Die oorlog breek uit, en terwyl oom Gert terugdink aan die roemryke dae wat hy in die vorige oorlog belewe het, kry hy reeds 'n voorgevoel. Terwyl die Boere die eerste oorwinnings behaal, besef hy dit reeds :

---

49) Potchefstroom, 1910.
50) In 1907 en 1908.
51) Potchefstroom, 1915.

"Maar in oom Gert se hart
laat effens al, nog diep verward,
'n fluisterstem sig hore:
Verlore, verlore!"

En wanneer die oorlog verby is, moet hy tot oormaat van smart hoor dat Dina

"Geheel verslinger in die stad
en will'ge prooi van vreemdes nou"

geword het. Hy ly 'n dubbele verlies, en in sy leed roep hy uit: "Dit het die stad gedaan!"

Al waarvoor hy nou nog lewe, is die hoop dat Dina na hom, en na die sedes en leefwyse van die Boerevolk, sal terugkeer. Dan breek die Uniedag aan. Hy woon die verrigtinge by, maar gaan vroeg huis toe,

"Want één ding staan bij hom nou vas:
dat hij nie in dié lewe pas."

Wanneer hy daardie nag lê en dink aan die oorlogswese wat hy in kakie geklee op die paradebaan gesien het, aan die kinders wat hosanna sing en die mense wat mekaar vertrap om fees te vier, dan kom daar by hom op

"'n enkele krijgs- en kamptoneel:
'n moeder bij haar kind aan 't waak
en strijder sterwend vir sij saak",

en hy wonder of Dina ook saamgedoen het aan die vreugde. Maar Dina was nie daar nie. Haar siel is so beswaar deur haar sonde dat sy 'n kerkdiens bywoon, en dieselfde nag besluit sy om na haar vader terug te keer. En dan spreek die teleurgestelde digter sy sielsversugting uit in oom Gert se profesie :

""Mij kind, meteens mij profesie
van wat mij oog gewislik nie
hier sal aanskou: die wederkeer
van al mij volk tot God en eer."

Soos Unie vir Totius, wat gehoop het op die herstel van die Republieke, so kom die deelname van Suid-Afrika aan die wêreldoorlog vir Celliers, wat in Unie heil gesien het, as 'n vreeslike slag. Hy ondersteun die Rebellie met sy hele hart - beskou selfs in 'n aantal geleentheidsgedigte[52] diegene wat nie aan die rebellie deel gehad het nie, as mense

---

52) Jopie Fourie, Kaapstad 1920.

"... wat striem en boei verdra
en slae nie voel as skande nie;
en hande lek waar bloed aan kleef,
en slawe is en weet dit nie",[53]

en verheerlik die Rebelle :

"Geen galg of skot
of blaam of spot
of kerkerdonker kan die gees
verbouereer wat vrij wil wees."[54]

Hy praat asof hy namens die hele Afrikanervolk praat: hy laak nie sy volk nie, slegs die "Kleine Siele",[55] die afvalliges wat die "hand van die beul" lek, en aan hulle sê hy :

"Dan verag ek jou, klein kleine siel!
Al wat man is, is dood in jou;
jy's te min en te sleg vir die werk
wat die wêreld se nasies bou! "

Sy ontgogeling is so groot dat dit sy voete onder hom uitslaan, en dieselfde Celliers van "Komaan!", van

"Daar's nie naar guns of eer te kijk,
daar's nie naar links of regs te wijk,
daar's net te swijg en aan te strijk,"

sê nóú wanneer hy oor Vereeniging praat :

"Geen woord verpand is bindend woord
as oormagsdwang en onskuldmoord
die woord vir ons bepaal." [56]

Al drie hierdie digters het die volk in die uur van nood probeer bemoedig; dit is die een groot gemeenskaplike faktor. By nabetragting, en in die lig van nuwe ontwikkelinge, bring hulle dan die blaam vir dinge waarmee hulle nie genoeë kan neem nie, op verskillende plekke tuis :
Celliers bly die volksman wat blaam slegs by die vreemde gaan soek - en as meer as die helfte van die Afrikanervolk naderhand vanuit sy oogpunt "afvallig" word, is

---

53) Ibid. p. 20.
54) Ibid. p. 18.
55) Ibid. p. 30.
56) Ibid. p. 34.

hulle vir hom eenvoudig deel van die vreemde. Hy staan midde in die digte kern van die volk-as-groep.
Totius lê die blaam vir die onvergeeflike wandaad van Unie op sy volk, en kan slegs gelowig hoop en vertrou dat hulle (soos Dina) tot inkeer sal kom.
Leipoldt soek nooit die skuld by die vreemde nie. Wanneer hy wel blaam op die volk lê, is dit blaam vir swakhede waaraan die mensdom as geheel skuld het: hy het dit teen menslike dwalinge in die algemeen.

# HOOFSTUK VIER.

## DIE POëSIE VAN DIE JARE ONGEVEER 1920 tot 1934.

Gedurende die vyftig jaar van 1870 tot 1920 bevind die Afrikaner hom telkens in 'n toestand van stryd, en dikwels is die een stryd nog nie afgehandel nie - om nie te praat van geestelik verwerk nie - dan begin die volgende een reeds. Die taalstryd loop pas van stapel toe die Eerste Vryheidsoorlog uitbreek, en dié was pas verby toe die Tweede Vryheidsoorlog begin dreig. Unie, met sy ontwrigting van die Republikeinse ideale, word weer spoedig gevolg deur die Rebellie. Elkeen van hierdie gebeurtenisse is 'n faset van die Afrikaner se stryd om waardevolle dinge, en terwyl 'n uiterlike bedreiging met uiterlike stryd begroet word, word die stryd teen innerlike bedreiging in die gees gevoer. Maar gedurende hierdie hele tydperk is die uiterlike strydbaarheid altyd pertinent aanwesig.

Die vyftigjarige stryd-om-die-Afrikanerdom word nie tevergeefs gevoer nie, en elke faset dra vrug, alhoewel dit dikwels nie dadelik as sodanig herkenbaar is nie. In die loop van die twintigerjare is daar egter reeds duidelike tekens van 'n positiewe balansstaat: die Nasionale Party wen 'n verkiesing, die Bybel in Afrikaans word werklikheid, Afrikaans word offisieel erken en generaal Hertzog beywer hom omvermoeid vir die soewereine onafhanklikheid van die Unie. Saam met hierdie veranderinge vind daar nóg 'n omwenteling in die land plaas, wat die ou sosiale orde en ekonomiese stelsel vir ewig omverwerp: Suid-Afrika ontwikkel tot 'n nywerheidsland. Voeg by die opeengehoopte spanning van die voorafgaande stryd en die onsekerheid van die nuwe orde die feit dat die hele wêreld teen 1920 tot die volle besef begin kom van die implikasies van die Wêreldoorlog, en dit word duidelik waarom mens kan verwys na ." .....die geslag van Toon van den Heever ...., daardie geslag wat innerlik heeltemal verskeur en verdeel ...... was." [1)]

Gedurende die tydperk hier ter sprake vind minder uiterlike stryd plaas as wat tot hiertoe nog ooit die geval was. Die Afrikaner se staatkundige en kulturele voortbestaan word nie bedreig nie - inteendeel - en

---

1) D.J. Opperman, Digters van Dertig, Kaapstad, 1953. p. 16.

politieke struwelinge is in 'n groot mate afwesig. In 1922 vind die groot Randse staking plaas, wat die eerste kruising verteenwoordig van nasionalistiese en "sosialiserende" faktore in die bestaan van die Afrikaner. Dit is vreemd dat hierdie gebeurtenis nie duidelike weerklank gevind het in die poësie van dié tyd nie. In 1927 vind die vlagstryd plaas. Maar hierdie twee gebeurtenisse, hoe belangrik hulle ook al was, het nie dieselfde bedreiging vir die Afrikanervolk ingehou as ander gebeurtenisse uit die voorafgaande halfeeu nie. Dit is dus te verwagte dat daardie aspekte van die groepsdinamiek wat sig in tyd van oproer en beroering op aggressiewe wyse manifesteer, sterk kohesie na binne en distansiëring na buite en die vorming van outo- en heterostereotiepe, in hierdie tyd in 'n groot mate afwesig sal wees. Daar is wel 'n strewe na die uitbouing van die mite in kragte wat lei tot die stigting van die F.A.K. in 1929 byvoorbeeld, maar hierdie is konsoliderende kragte.

Ons kan die grensland-poësie uit hierdie tydperk in twee hoofgroepe verdeel :

1. Gedigte waarin die digters hulle min of meer brutaal van die mitebouing distansieer.
2. Reaksie hierop, waar die digters hulle baie pertinent met die mitebouing vereenselwig.

1. Die verskynsel wat ons hier wil bespreek begin reeds by Leipoldt, en tekens daarvan is reeds in sy vroegste bundels merkbaar. Alhoewel van die ander digters wat ons hier wil bespreek chronologies met Leipoldt saam val, wil ons graag die Driemanskap as 'n eenheid behou, en al die ander digters tussen ongeveer 1910 en 1930 in die lig van die distansiëring van, of vereenselwiging met die mitebouing bespreek.

Die eerste vlak waarop ons hierdie distansiëring kan aantoon is 'n negatiewe. Die distansiëring lê nie in die stof wat verwerk word nie, maar in die agterweë laat van sekere dinge. Soos hulle teenhangers dig hierdie digters ook oor die Oorlog en die Groot Trek, maar dit is opvallend hoedat hulle by geeneen van hierdie sake in die minste persoonlik gemoeid voel nie. Oorlog en Trek dien slegs as bronne waaruit van 'n groot afstand episodes geput word om gedigte oor te skrywe, bronne waaruit verhale opgediep word om oor te vertel.

Uit Gedigte[2] van A.G. Visser kom "Die Jongste Burger", [3] 'n goeie voorbeeld van hierdie besondere soort oorlogspoësie. Dit vertel die verhaal van 'n jong knaap wat uit die konsentrasiekamp ontsnap, by 'n diep ontroerde De Wet aansluit en in die slag sneuwel onderwyl hy heerlike visioene sien. In die eerste afdeling, "Die Kamp", word die jong burger aan die leser voorgestel. Al wat ons van die kamp self hoor, is heel terloopse verwysing na ellende wat daar heers, na die Doodsengel wat hier en daar by 'n tent wag hou, en na die feit dat dit 'n "plaas van verdriet en van loodsware harte" is. Van die verontwaardiging van 'n Leipoldt of die saggesproke smartuitbeelding van 'n Totius is daar dus geen sprake nie. Die tweede afdeling, "Die Laer", word gewy aan De Wet se reaksie toe hy die jong kind sien, en aan 'n romantiese beeld wat hy gee van wat dit beteken om oorlog te maak :

" "Vlug as die springbok die vyand ontwykend,
Blitssnel hom later te spring in die sy;
Nou soos die aad'laar sy planne ontwykend,
Dan soos 'n leeu van hom buit weer te kry.

En die beloning? ... Miskien op die velde
Eensaam 'n rusplaas, benat deur geen traan.
Eenmaal, wie weet? eer die nakroos ons helde...
Seun, sien jy kans?" "Generaal ek sluit aan!" "

"Die Slag" is heroïes en herinner aan "Di Slag fan Bronkers Spruit". Daar is veral 'n sterk ooreenkoms tussen die sterftonele in hierdie twee gedigte. Hierdie ooreenkoms is van meer as verbygaande belang wanneer ons in ag neem, nie soseer die verskille tussen die omstandighede van 1880 en ongeveer 1920 nie, maar juis die ooreenkomste. Albei die digters bevind hulle in die posisie om die oorlog te romantiseer; die eerste mag dit doen, want sy kant is besig om die Eerste Vryheidsoorlog met roem te wen; die tweede ook, want wanneer hy skrywe, het die nederlaag van die oorlog waaroor hy skryf - deur verwydering in die tyd sowel as deur nuwe verwikkelinge - reeds sy onmiddellikheid en sy aktualiteit begin verloor. Dit is te betwyfel of dit moontlik sou gewees het om onmiddellik na 1902 die Tweede Vryheidsoorlog sonder meer te romantiseer.

---

2) Pretoria, 1925.
3) Gedigte (Sestiende druk) P. 57.

In Toon van den Heever se "Rit Rympie"[4] is daar nog minder sprake van oorlogsmart; dit het selfs 'n "happy ending" en is in geen enkele opsig verwant aan die "oorlog"-motief van die Driemanskap nie.

"Umzinyati",[5] uit Die Purper Iris[6] van Visser, vertel van Bloedrivier, maar verwys nouliks na die Voortrekkers. Dit is slegs 'n verhaal, en aan die feit dat Dingaan se mag deur die Boere gebreek is, word geen betekenis geheg nie; dit kon ewe goed deur die Engelse, of 'n Kafferstam, of 'n aardbewing gedoen gewees het. Van die piëteit van Celliers se "Dingaans-Dag" bly geen spoor oor nie. Ook by Th. Wassenaar met sy "Die Slag van Bloedrivier" [7] is daar haas geen doelbewuste voorgeslag-verering nie. Die "vier maal honderd Trekkers" is welseker van belang by die verhaal, maar van oorheersende belang is die vraag "Of Afrika ... . vir die dier" gaan wees, en die blye antwoord dat Afrika sy "beskawingsdoop" deurgemaak het.

Die feit dat hierdie digters nalaat om 'n groot ophef van die voorgeslagte te maak, selfs al skryf hulle oor gebeurtenisse wat by die vorige digters altyd groot voorgeslag-verering uitgelok het, dui op 'n indirekte distansiëring van die mite.

Die tweede opsig waarin ons hierdie distansiëring opmerk, is 'n veranderde houding teenoor die nie-blanke. Reeds in 1897 relativeer S.J. du Toit met sonderlinge vroegrypheid die blanke se standpunt (Hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het), maar eers met Leipoldt se "Grysblou Bulte", [8] Toon van den Heever se "Radbod"[9] en Marais se Boesman-gedigte en "Mabalêl" [10] kom daar sprake van 'n nuwe siening van die nie-blanke. Dat daar in die eerste vyftig jaar van die Afrikaanse poësie in talle gedigte na die nie-blanke verwys word, is geensins verrassend nie. Kafferoorloë, strooftogte, moord- en verraadgeskiedenisse was tot diep in die vorige eeu aan die orde van die dag, en die neerslag hiervan het ons in

---

4) Gedigte, Pretoria, 1919. p. 16.
5) Die Purper Iris (5e druk) p. 11.
6) Kaapstad, 1930.
7) Gedigte, Bloemfontein 1921, p. 81.
8) Uit Drie Wêrelddele, p. 178.
9) Gedigte, p.21.
10) Versamelde Gedigte, p. 18.

gedigte soos "Dapper Dirki Uys", [11] "Di Moord van Moordspruit" [11] ensovoorts, terwyl 'n groot deel van Verse van Potgieter's Trek oor die nie-blanke handel. En dat die gedigte bykans sonder uitsondering die blanke se standpunt inneem - dat die digters inderdaad van geen ander standpunt bewus voel nie - is ewe verstaanbaar. Twee gedigte waarin daar sprake is van die bestaan van 'n nie-blanke-standpunt in nagenoeg vyftig jaar is min of meer 'n normale frekwensie.

Wat is nou hierdie tradisionele siening van die nie-blanke? Die Kleurling, Hottentot en Boesman word oor die algemeen voorgestel as synde een of meer van die volgende: komies (Danster en Kiewiet van "Hoe di Hollanders ....."; Klaas Geswint), skelm (selfs duiwels, soos in "Antwoord fan di Duusman"), dranksugtig (Klaas Geswint, Jan Bantjiis) en bygelowig (weer eens Klaas Geswint, en Jakob Ontong, alhoewel laasgenoemde heelwat later as die ander voorbeelde verskyn en dus eerder 'n voortsetting van dié siening is), en tree altyd as tipe op. Die Bantoe is bo alles barbaars en tree op in 'n impi, 'n horde, 'n "swarte drom". Totius se siening in "Vegkop" [12] is tipies :

"Driemaal tienduisend-tal,
Dond'rend hul voeteval,
Kom die barbare."

En terwyl die Kleurling of Boesman byvoorbeeld, met sy tradisionele tekortkominge en eienaardighede, in 'n bonte verskeidenheid situasies geplaas word (hier dink ons, behalwe aan figure soos Jan Bantjies en Klaas Geswint, ook veral aan Von Wielligh en sy Jakob Platjie, alhoewel laasgenoemde natuurlik tot die prosa behoort), staan die horde barbare altyd maar teenoor die blanke. Maar meer: teenoor die blanke in 'n eie tradisionele hoedanigheid, naamlik dié van Christen, van ligdraer van die beskawing. In "Vegkop" word die twee magte, en dan ook in die wyer sin "mag-van-die-lig/mag-van-die-duisternis", teenoor mekaar gestel :

"Swart kom die kaffers met driftige drang,
Bewend omhoog rys gebed en gesang".

Die botsing tussen die blanke en die bantoe was inderdaad onder andere 'n botsing tussen die Christendom en die

---

11) Vergelyk hoofstuk 2.
12) Verse van Potgieter's Trek, p. 19.

heidendom, maar die tradisionele siening, soos ons dit by die Patriotters, Totius, Langenhoven, Malherbe en andere aantref, neem slegs van daardie aspek kennis, en sien die bantoe slegs in die botsing.

Maar teen die twintigerjare is die fisiese botsing tussen blank en nie-blank, wat uit die eerste kontak gespruit het, reeds vir 'n geruime tyd verby. En die toekomstige botsing, wat tewens (en dalk veral) 'n botsing tussen ideologieë sal wees, is teen die twintigerjare nog nie dringend op hande nie. Onder hierdie omstandighede, en omdat hierdie digters hulle nie met mitebouing besighou nie, vind ons dat hulle verby die heiden-teenoor-Christen-verhouding begin kyk, en dat hulle begin om die menslikheid van die nie-blanke in die poësie te verken.

In "Grysblou Bulte" [13] van Leipoldt word 'n poging gedoen om die méns Dingaan[14] in sy uur van vertwyfeling en nood te teken. Vroeër sien Leipoldt hom so :[15]

> "Dingaan die Soeloe was 'n duiwel;
> Handlanger van die hel was hy! ",

of as 'n "duiwelskind, wat mense noem Dingaan". [16] Nóú is hy 'n mens wat in volkome eensaamheid met sy gewete moet worstel :

> "En my oë sien die lyke, en my ore hoor die ween,
> As ek huiwer in die skadu hier, alleen, alleen, alleen! "

Sy weelde, mag, heerskappy is verlore, en in die plek daarvan moet hy met huiwering die "wit-gekleurde geeste" konfronteer en teen hulle sy skuld bely. Hy smag daarna om volkome uitgewis te word, geteister deur die vraag of dit moontlik is

> "Om iets wat ek ooit gedoen het, te ontdoen met my naberou."

Hierdie gedig is van belang vir ons bespreking slegs in soverre dit daarop dui dat dit nou reeds moontlik geword het om aan 'n aarts-demoon soos Dingaan menslike gevoelens toe te skryf.

Van groter belang is die Boesman-gedigte[17] van Marais, wat getuig, nie slegs van belangstelling in een van die - tradisioneel heel duiwelse - nie-blanke groepe

---

13) Uit Drie Wêrelddele. p. 178.

14) Antonissen (op. cit. p. 118) sê dat die gedig handel oor "die heidense koning (wel Dingaan, hoewel nie genoem nie)".

15) Oom Gert Vertel, p. 95.

16) Dingaansdag, p. 153

17) Hulle verskyn in Die Boerevrou teen die middel van 1921.

nie, maar ook van 'n diepe insig in hulle hele besondere wêreldbeskouing. By hom verander die Boesman van die listige en uiters wrede dief en moordenaar wat die vroeë grensland verpes het en deur die grensland-bewoners uitgeroei moes word, in 'n wesentjie wat "die magiesbesielde kragte van die natuur ,.... aanvoel" en in so 'n "geheimsinnige verbondenheid - tot vereenselwiging toe - met die buite-menslike" staan ;[18] dat Nampti, die Boesmanmeidjie, vir Gampta, die woestyn-lewerkie, aldus kan aanspreek :[19]

"Gampta, my vaal sussie,
al wat ek in die wêreld het
buiten my ou ouma!
As jy bo in die lug sing,
kan jy al die wonderlike dinge onder sien;
waar die hasie wegkruip
en die steenbokkie sy lêplek maak."

Die betekenis hiervan vir ons bespreking is duidelik: omdat hierdie digters nie in die mite vasgevang sit nie, is dit vir hulle moontlik om sonder die beperkinge van 'n heterostereotiep na ander bewoners van die land te kyk. Ook die verhaal van Mabalêl val volkome buite die woestebarbaar-stereotiep.

Hierby, asook by S.J. du Toit se vraag na die verantwoordelikheid van die beskaafde teenoor die onbeskaafde, sluit Toon van den Heever se "Radbod"[20] aan. 'n Projeksie van die grensland-problematiek, vertel dit die verhaal van die gedwonge kerstening van die heidense Sakse, en Radbod se weiering om hom te laat doop. Persoonlik staan die digter skepties teenoor die evangelisasie, wat hy herken as 'n moontlike dekmantel vir, en rasionalisasie ná, die uitbuiting van andere. Maar hy stel ook vir die eerste keer in die Afrikaanse poësie die vraag: Is dit reg om heidene met "westerwaters" te doop? Hy laat hom met betrekking tot die evangelisasie aldus uit :

"Want die naam van die Koning van Vrede dien vaak
As 'n leuse vir die wat stry
Vir eer, of vir goud en die lus om te buit,
Of die mag van 'n grensende volk te stuit
Of om rang in die volkerery."

---

18) Antonissen, op. cit. p. 93.
19) Versamelde Gedigte, p. 23.
20) Gedigte, p. 21.

Wanneer Radbod hoor dat hy vir die hel bestem is as hy hom nie laat doop nie, is sy antwoord :

"Priester, jou hemel kan jy maar hou;
Liefs daar as met Kristen-g'raamtes daarbo
Te gierig te eet, net ruim om te glo.
In Valhalla met Wodin en Thor,
Tot Ragnarok die heelal soos 'n deken vou,
Sal ek feesvier, - tot die seë verdor."

Hierdie gedig bring ons by Toon van den Heever se houding tot die godsdiens in die algemeen, 'n houding wat met die moontlike uitsondering van Marais se "Is daar nog trane?" [21] sonder presedent in die Afrikaanse digkuns is, en wat in elk geval nog nooit so heftig verwoord is nie. In die meeste van die Grensland-poësie tot dusver was die godsdiens van kardinale belang. Dit was die groot rigsnoer van die trek die binnelande in; in tye van doodsgevaar was dit vir die volk 'n hart onder die riem; by die oorwinning was dit die draer van vrome dankbaarheid; by die nederlaag die groot onveranderlike. Die godsdiens is inderdaad een van die hoekstene van die Afrikanermite soos ons dit uit die poësie van die vorige tydperke leer ken het. Maar in sekere van sy gedigte, veral "In die Park", "Mania Blasphematoria" en "Berusting", staan Van den Heever nie slegs volkome buite die mite nie, maar kom hy ook aktief daarteen in opstand. Dit is van belang om te let op die spesifieke karaktertrekke van God waarmee hy hom nie kan versoen nie: ongenaakbaarheid en onverbiddelikheid. Ons tref dit aan in "Mania Blasphematoria" :[22]

"En nou word die boeke geopen,
wat getuie hoe, eeu na eeu
Die aarde in bloed was gedoop en
Verniet na die Gode geskreeu", [23]

"In die Park" :[24]

"Die glorie, adel, prag,
Die wilde skoonheid van ons groot heelal,
Gaan alles swanger aan verderf en hel;
Wyl Hy, die Maker, homself liefde noem!

"En daar ek so 'n God nie kan bemin,
is ek verdoem" ,

21) Vergelyk "Er staat niet wat er staat" van E.Lindenberg in Standpunte, XI, 5, Desember 1957.
22) Gedigte. p. 38.
23) Kursivering orals van my.
24) Gedigte. p. 9.

en "Berusting" :[25]

"En dood en lewe - dis alles reg.
'n liefde is wet: en ek voel tevree,
Want wie sal ons twis met God besleg?"

Van den Heever se God lyk presies soos die ongenaakbare, patriargale vader wat alleen seggenskap het oor sy boerdery en die doen en late van kind en kraai. En dit is die God van die Afrikanermite, want deur geslagte van intieme omgang met die Ou Testament het die Afrikaanse gesin grondiglik patriargaal geword. Teen die patriargale God, wat 'n projeksie van die patriargale Boer is, kom Van den Heever in opstand, en sodoende distansieer hy hom van die mite.

'n Besonder interessante gedig uit hierdie tyd wat 'n volgende sfeer van mitedistansiëring dek, is "Die Lied van Suid-Afrika" van Marais. [26] In 'n insiggewende artikel [27] oor hierdie gedig sê P. du P. Grobler, na my mening tereg, dat hierdie gedig nog nie die aandag en erkenning gekry het wat dit verdien nie. Na enige opmerkinge oor die "oorspronklike" gedig ("After Aughrim" deur The Honourable Emily Lawless), en 'n vergelyking van die twee gedigte waarin hy na behore vir Marais die louere laat wegdra, gaan hy oor tot 'n bespreking van hierdie ongehoorde beeld wat Marais vir ons van Suid-Afrika gee. Alhoewel ook ander digters hulle siening van Suid-Afrika gee, "kry ek selde die gevoel dat hulle meer as net 'n beperkte aspek of aspekte blootlê van die groot patroon wat ons Suid-Afrika noem. Party beskryf die natuur, soms effens cru, soms sensitief, of beeld dit uit, soms bloot dekoratief, soms werklik organies geïntegreer met die hele versstruktuur; ander weer neem 'n stuk landskap, 'n stuk geskiedenis of 'n stuk werklikheid van 'n ander aard en romantiseer dit; nog ander raak verseil in 'n sosiale, politieke of religieuse problematiek wat 'n eensydige voorstelling gee. En binne elkeen van dié moontlikhede is behoorlike verse geskryf. Maar die groter problematiek, die vind van 'n wesentlike - noem dit maar metafisiese - kern en die sin van die ewige konflikte in en om daardie kern; die driftige, grootse saamgryp tot 'n

25) Ibid. p. 40
26) Die gedig ontstaan volgens Lindenberg (Eugene Marais; Herout of Twintiger? Standpunte XIII, 1, Oktober 1959) tussen die jare 1925 en 1933.
27) Standpunte IX, 6, 1955.

sintese van hierdie konglomeraat van abstracta en concreta, hierdie stuk geskiedenis wat Suid-Afrika is, dit het m.i. nog geen digter in 'n kort gedig benader behalwe Marais nie." Tot hiertoe is ons dit eens met Grobler. Ons siteer verder: "As ons al die gedigte met nasionale implikasies (in die ruimste sin van die woord) van 'n Van Wyk Louw of 'n Opperman soos 'n legkaart naasmekaar plaas, sal ons seker 'n vollediger, ryker geskakeerde beeld van die Suid-Afrikaanse werklikheid vind, maar ek glo dat ons selfs dan nog iets mis van die moeilik-omskryfbare essensie wat Marais hier uitgepers het.//Die inherente onherbergsaamheid, die vyandigheid teenoor alle menslike strewe en pyn, is vir my nog nêrens anders so fel en groots saamgevat as in hierdie gedig nie. Maar dat landskap en geskiedenis (en nie net dié van die Afrikaner nie; ook ander bevolkingsgroepe is hierin geïmpliseer) hier een geword het in een verhewigde saamgryp van 'n belangrike stuk denk-, gevoels- en ervaringswêreld, dít is op sigself nog nie die merkwaardigste nie. Die merkwaardigste is dat Marais hier dit kon bereik sonder konkrete spesifisering, sonder om uit te gaan van 'n bepaalde geval of gevalle." 28)

Met Grobler se uiteensetting van wat Marais in hierdie gedig bereik het, stem ek volmondig saam. Met sy stelling dat dit merkwaardig is dat hy dit sonder konkrete spesifisering reggekry het, stem ek nie saam nie.

Om by hierdie saak tot dieper insig te kom, is dit nodig om vir 'n oomblik die aandag te bepaal by die psigologie van C.G. Jung. By Jung vind die gedagte deurbraak dat die psigologie outonoom en aan eie wette gebonde is. Vir hom is die psigiese nie minder werklik as die fisiese nie, en hoewel dit nie tas- en sigbaar is nie, is dit tog volledig en ondubbelsinnig waar te neem. 29) Dit is 'n wêreld op sigself, deur wette beheers, gestruktureerd en met eie uitdrukkingsmiddele toegerus. Een van hierdie uitdrukkingsmiddele is die archetipes, simbole met 'n algemeen-menslike geldigheid, wat daardie geldigheid deur die mens se tallose eeue van ervaring verkry. Maar hierdie simbole fungeer op die vlak van die onbewuste, is inderdaad die kragsentra en die kragvelde van die onbewuste, en orden gegewens wat deur die bewuste

---

28) Kursivering van my.

29) Sien Dr. Johan Jacobi, De Psychologie van C.G. Jung, Uitgeverij Contact, Amsterdam/Antwerpen, p.11. et seq.

heen in die onbewuste insink. Hierdie absolute innerlike orde van die onbewuste vorm 'n toevlug en hulp te midde van die skokke en wisselvallighede van die lewe. Hoe groter die harmonie tussen die verskillende aspekte van die psigiese mens-wees, hoe groter is die vermoë om hierdie toevlug en hulp te benut. Eensydige voorstelling van 'n saak bestaan by die archetipe nie, want die archetipe is juis daardie volkome geheelbeeld wat 'n ewewigtige neerslag van alle aspekte verteenwoordig. So sal ons vind dat die algemeen-gangbare beeld van die moeder 'n beeld is van een wat geboorte gee, voed, liefhet, vertroetel, die self opoffer en dies meer. Op hierdie vlak bly Langenhoven steek met sy siening van Suid-Afrika:[30)]

"Die sug van Suid-Afrika: Waar is my kinders? My hart is leeg;
My borste loop oor van die melk. Rykdomme wag in my skoot:
Goud en juwele en krag om 'n kroos te versier en te voed;
My vrugbare vlaktes is wyd en staan klaar om die landman te loon."

Maar in die liefdevolle moeder is ook die polêre teenstelling, die stiefmoeder, met die vermoë om af te skeep, te haat, te martel en te moor; en hierdie sy vorm net so 'n deel van die wesenlike van die moeder-wees as die sagte, deernisvolle sy. Hierdie teenstelling vind óók sy neerslag in die archetipe, en gee ons derhalwe 'n Magna Mater, Kali ensovoorts, wat met ál hierdie eienskappe toebedeeld is; 'n groot aardemoeder wat die koue en saaklike werklikheid van die natuur verteenwoordig. En dit is hierdie Magna Mater, soos ook verteenwoordig deur Suid-Afrika, wat in Marais se gedig sê :

"Ek vorder as 'n heil'ge reg
Die vrug van eindelose pyn;
Ek smyt hul oor die berge weg
En smoor hul in die sandwoestyn."

En omdat Marais hier uit so 'n universele grondervaring put, uit 'n essensie wat bo alle plaaslikheid bestaan, is dit juis noodsaaklik dat hy sonder konkrete spesifisering werk. Dít is wat hom in staat stel om te bereik wat hy wel bereik.

Grobler noem reëls in die oorspronklike wat Marais weglaat: "Not mine the power, if mine the will",

---

30) Eerste Skoffies op die Pad van Suid-Afrika. 1921, Versamelde Werke, deel VII, p. 9.

"I never asked them how they fared" en "God knows they owe me nought". "M.a.w. alles wat maar net 'n suggestie van deernis met die arme skepsels inhou, word weggelaat en in die plek daarvan kom vorder, verg, duld geen ewenaar[31] totdat net die pyn oorbly." Hieruit spreek Marais se fyn aanvoeling, want hy is besig met die growwe hande van die almoeder wat druk tot bloedens en sterwens toe. Dit is juis hierdie miskende pool van die moeder-beeld wat hier tot erkenning dwing, en enige suggestie van deernis sou jammerlik buite die gees van die gedig geval het.

'n Laaste punt: Grobler sê, en weer meen ek tereg, dat Marais nie in soveel van sy gedigte swaarmoedigheid en swartgalligheid verraai as wat voorgegee word nie. Hy sê wel: "Daar is egter twee gedigte van Marais wat nie alleen swartgallig is nie, maar somber en angswekkend: "Die Lied van Suid-Afrika" en "Is daar nog trane?", " – en daaroor wil ek van mening verskil. In "Die Lied van Suid-Afrika" lê Marais juis daardie geïndiwidueerdheid aan die dag wat hom in staat stel om die komplementêre, die groot grondwaarheid van die onverbiddelikheid van die natuur, te sien en te aanvaar. As hy dit nié aanvaar nie, as hy hom van selfbejammerende kommentaar bedien het en nie slegs die saak gestel het soos dit is nie, dán pas sou hy swartgallig genoem kon word. Die gedig is wel angswekkend, maar dit is veel eerder sóber as somber.

In veel ligter luim is Visser se "Lotos-Land",[32] maar dit pas nietemin by die distansiëring wat ons hier uiteensit. Die Groot Trek, wat tot dusver met heilige erns bejeën is, word hier die voorwerp van grootskeepse pretmakery. Die "voorste Voortrekker, Naudé", en sy geselskap, ontdek 'n luilekkerland waar hulle almal so vet word dat Naudé 'n plan moet maak :

" "'n Vyand bedreig ons , O Broeders,
En 'n vyand op wie ons moet let;
Te glad sit jul tawwerts, O Moeders,
Trekkerswee is per slot trekkersvet!" "

Maar hulle wil nie luister nie, en smelt almal:

"En derhalwe die naam Vet-rivier!"

---

31) Kursivering van Grobler.
32) Gedigte, p. 89.

2. Teenoor die geesteshouding wat ons in hierdie gedigte opmerk, 'n afsydigheid van die mite, staan die groep. En tussen hierdie geesteshouding en die groep ontstaan 'n uitgesproke spanning, wat nie slegs in die digkuns nie, maar ook in die kritiek merkbaar word.

In 1919 verskyn Vir Vryheid van D.F. Malherbe en in 1921 Eerste Skoffies op die Pad van Suid-Afrika van Langenhoven; onderskeidelik tien en twaalf jaar ná Verse van Potgieter's Trek. In daardie tien à twaalf jaar verander die landsomstandighede en die status van die Afrikaner soseer dat wat in 1909 "singewing ná die nederlaag" genoem kon word, onmoontlik in 1920 nog steeds as sodanig beskou kan word. En tussen Verse van Potgieter's Trek, Vir Vryheid en Eerste Skoffies is geen wesentlike verskil nie. Eerste Skoffies is wel groter van opset as die ander twee, en Vir Vryheid vertel meer van 'n storie, maar wanneer dit kom by dié bestanddele wat meebou aan die mite, is die behandeling identies. Daar is eerstens die idee van voorbestemming, wat by die Calvinis Totius so sterk aanwesig is en wat ons by Langenhoven aldus aantref : 33)

"Maar hy hou sy gewisse koers
Die pad van Suid-Afrika.
Want hy's afgesteek en bestem,"

Dieselfde gedagte kom by Malherbe voor waar hy die diens in die laer beskrywe : 34)

"Sy boodskap wat hy bring
die is gehaal
uit oue Bybelwoord,
uit die verhaal
van Israel se lotgevalle
wat God so wonderbaarlik
het gelei
. . . . .
Broeders en susters, en so
is ook die weg waarlangs
die liewe God
ons het gevoer."

Vir Totius heers in Afrika, vóór die koms van die witman, "swart o'erblikkrend nag en donker", en ook dit vind by Langenhoven weerklank : 35)

"Daar was jare en tye van grenslose doellose worstelgeweld,
Van stryd tussen skepsel en skepsel, stryd tussen dier en dier,
Dier en mens en mens en mens".

---

33) Eerste Skoffies. p. 7.
34) Vir Vryheid. p. 63.
35) Eerste Skoffies. p. 8.

Vir Langenhoven en Malherbe is die Voortrekkers eweseer God-geïnspireerde helde as vir die voorgeslag-verende Genootskapdigters. By Malherbe lui dit :[36]

"Maar Boer se woord is hoog en trou,
hy kan belofte maak en hou,
barbaar erg ridderlik behandel,
as Kristenvolk sy weg bewandel."

En by Langenhoven :[37]

"Hulle gaan sonder dwang uit hul eie keus,
En mal is hul nie,
Maar karaktervas, onwankelbaar, soos 'n
rots in die hart van 'n berg.
Elke gelaat straal van heilige vuur ....."

Dit staan bo twyfel dat in hierdie twee bundels Malherbe en Langenhoven doelbewus bou aan die mite. En die voor die hand liggende stimulus hiervoor is die gees van onverskilligheid jeëns die mite wat in hierdie tyd ontstaan, en wat tot uiting kom in gedigte soos dié wat ons hiervoor (onder 1.) bespreek het.

Hierdie spanning kom besonder duidelik aan die lig in 'n polemiek na aanleiding van Gedigte van Toon van den Heever. Na drie betreklik neutrale aankondigings,[38] verskyn 'n volledige resensie van G. Dekker.[39] Dit is baie duidelik dat hy hom die bundel nie laat welgeval nie, en terwyl hy Van den Heever se ideële vernuwing ignoreer, trek hy - met oordrywing - te velde teen die digter se vormgebreke.. Hy sê dat "die bundeltjie van Van den Heever maar min poësie (bevat)"; hy vind die bundel vol "ondeurvoelde, onsuiwere beelde" en "holle frases"; van die volgende woordgebruik: "Sy wiekeslae pols dan in my oor" sê hy: "Oor die skreeuend-lelike "pols" sal ons liewers nie praat nie!"; van die beeldspraak sê hy dat dit soms 'n "glimlag ontlok"; hy sê dat Van den Heever 'n denker wil wees, maar dit nie is nie, en daarom "doen party van die gedigte amper Multatuliaans aan deur die skreeuerigheid." Op hierdie resensie lewer C.P. Bresler[40] repliek,

36) Vir Vryheid. p. 12.

37) Eerste Skoffies. p. 60.

38) L.v.N. in Unie 15 (6): 167. Desember 1919.
Eugène Marais in Die Boerevrou 1(10): 28-29. Desember 1919.
N.N. in Die Huisgenoot 4 (43): 20. November 1919.

39) Die Banier 1 (3) : 35 - 37. Mei 1920.

40) Die Volkstem (1936): 3. 7 Augustus 1920. Die Redaksie van Die Banier kon vanweë hulle beleid nie hierdie repliek plaas nie, en Die Volkstem het die artikel oorgeneem.

en nadat hy Dekker op elke punt, en met ewe min oortuigingskrag, weerspreek het, besluit hy dat Dekker Van den Heever se poësie "onverstandig en op beuselagtige wyse opgebrokkel het, deels omdat hy dit nie begryp nie, en deels omdat die "Zeitgeist" hom nie aanstaan nie". [41) In die tweede druk van Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging [42) tree E.C. Pienaar min of meer tot die polemiek toe, en ook vir hom staan die "Zeitgeist" nie aan nie: "Van den Heever se eerste bundel, Gedigte (1919), is van verskillende kante begroet geword as'n "nieuwe lente en 'n nieuw geluid." Sou dit wees omdat hy die eerste boerseun is wat probeer het om 'n afgeleefde Grieks-Romeinse rederykersornamentiek van 'n uitheemse vroeg-renaissance weer nuwe lewe in te blaas en op ons maagdelik-Afrikaanse letterkundige bodem oor te plant? Omdat hy poësie verwar met filosofie en die skoonheid van die eenvoud met geleerde klatergoud? ...... Tog, by dit alles, die "Madonna-beed'laar" verdien ook opregte waardering, waar hy sy hartebloed op vaderlandse bodem stort, waar hy sy talent diensbaar maak aan die vertolking van wat aan volk en land eie is." [43) Abraham H. Jonker blaas die polemiek self nuwe lewe in met 'n artikel "F. van den Heever en Kuns", [44) waarin hy met meer geesdrif as besinning vir Van den Heever ophemel, en waarin hy sê dat die deurlees van die meerderheid van die Afrikaanse poësie vir hom 'n "pynlike plig" was, vergeleke met die louter genot van selfs 'n halfuur met Van den Heever. Hy identifiseer hom dus op ondubbelsinnige wyse met die nuwe gees wat ons in hierdie hoofstuk bespreek. Pienaar antwoord op hierdie artikel, [45) en maak onder andere gewag van Jonker se "oorstelpende groenheid van gesag". Die polemiek word voortgesit deur Lydia van Niekerk, [46) weer eens Jonker [47) en T.J. Haarhoff. [48) Laasgenoemde verdedig veral Van den Heever se reg om uit die klassieke te put, en belangwekkend is sy stelling :

---

41) Kursivering van my.
42) Kaapstad 1920.
43) Kursivering van my. p. 379.
44) Die Huisgenoot. 20 Junie, 1924.
45) Ibid. 4 Julie 1924.
46) Ibid. 15 Augustus 1924.
47) Ibid. 22 Augustus 1924.
48) Ibid. 15 Augustus 1924.

"Daar bestaan 'n neiging om alle Afrikaanse poësie wat nie óf oor die natuur óf oor patriottiese en nasionale gevoel handel nie, te veroordeel as uitheems."

Een van die opvallendste dinge in verband met die hele polemiek oor Gedigte is die indruk dat die kritici, ongeag die ware verdienste van die werk, vooraf besluit het of hulle daarvoor of daarteen gaan argumenteer, en dat hulle dan, met die oog stip op 'n paar aspekte gerig, probeer om hulle standpunt te regverdig. Almal probeer die indruk skep dat dit om suiwer letterkundige vraagstukke gaan, maar die oorwegende gevoel by die deurlees van die polemiek is dat die ware, versweë (hoewel dit tog soms uitglip) twisappel die "Zeitgeist", die aangetrokkenheid tot of distansiëring van die mite is.

## HOOFSTUK VYF.

DIE POëSIE VAN DIE JARE ONGEVEER 1934 tot 1945.

Die omwenteling wat die digters van Dertig in die Afrikaanse poësie teweeggebring het, geld die hele poësie in al sy vertakkings en aspekte. Wat betref die één aspek waarin ons by hierdie studie belangstel, naamlik die Grensland-karakter van die poësie, blyk dit egter dat die Twintigers 'n groter vernuwing as die Dertigers bring. In die gedigte wat ons in die vorige hoofstuk bespreek het, lê die kiemsaad opgesluit van bykans elke nuwe houding wat die Afrikaner ten opsigte van sy stryd om waardevolle dinge en ten opsigte van die land waarin die stryd hom afspeel, sal aanneem. In die periodes wat op Twintig volg, word met steeds toenemende vaardigheid en insig die grense van die gees verken; maar die deurbraak behoort aan Twintig.

Ons onderskei in die Grensland-poësie van Dertig twee hoofmomente :

A. Gedigte wat sonder meer aanskakel by die vernuwing wat ons in die vorige hoofstuk bespreek het.

B. Gedigte waarin die omstandighede van die dertiger-jare 'n neerslag vind.

A. Gedurende die tydperk onder bespreking verskyn vier gedigte wat reëlreg aansluit by daardie gedigte uit die vorige tydperk wat op die nuwe siening van die nie-blanke dui, naamlik "Die Gevalle Zoeloe-indoena" en "Singende Kleurling-kinders" van C.M. van den Heever[1] en "Die Bantoetaal" en "Die Ontmoeting" van Totius.[2]

"Die Gevalle Zoeloe-indoena"[3] sluit in 'n mate by "Grysblou Bulte" aan, maar daar is opvallende verskille. Wat die uiterlike verskille betref, stel Leipoldt die opperhoof voor in 'n krampagtige finale konfrontasie met homself, terwyl Van den Heever die vegter sien in daardie vir die vegter doodnatuurlike, hoewel treurige, finale rus. Maar ook in die aanbieding van die gegewens is daar verskille wat verband mag hou

1) Aardse Vlam - Pretoria, 1938.
2) Uit Donker Afrika - Pretoria, 1936.
3) Aardse Vlam, p. 25.

met die feit dat "Grysblou Bulte" 'n voorloper, 'n "verkenner" is, terwyl "Die Gevalle Zoeloe-indoena" 'n normale, van aanvaarding versekerde uitbeelding is van 'n medemens wat met 'n byna dialoğiese meegevoel "jy" genoem word. Ons voel naamlik in "Grysblou Bulte" 'n suggestie van "opsetlikheid" in die keuse van juis daardie sinnebeeld van onmenslikheid, Dingaan, en in die noem van die "wit-gekleurde geeste": 'n opsetlikheid wat ongeveer as 'n uitnodiging tot reaksie beskou kan word.

"Grysblou Bulte" bly steek by die toebedeel van menslike gevoelens aan die mees-gehate verteenwoordiger van 'n erfvyandelike heidendom. In "Die Gevalle Zoeloe-indoena" verdwyn die tradisionele stryd volkome, maar dié afwesigheid is des te treffender omdat slegs die stryd afwesig is; die stryder is nog daar, en in hom word ...... .. .. skoonheid ontdek:

"Jou lyf die glim soos koper op die veld
en grassaad buig oor jou
hul môredou,
hier wat jy slaap
jou laaste slaap."

Maar nie net in sy lyf is skoonheid nie; ook in sy verhouding tot sy koning, in die liefde van sy vrou, en in die lewensvreugde van sy makkers se oorlogsdans sien die digter die skoonheid van 'n lewensorde - barbaars maar sinvol. En in hierdie orde sal sy plek voortaan leeg wees.

"Singende Kleurling-kinders",[4] as eerste gedig waarin die Kleurling se "soek (na) die donker sin waarom julle hier geskape is" na vore gebring word, "stelt een datum". Dit is egter slegs 'n aankondiging, want alhoewel Van den Heever gewag maak van "magte" waardeur hulle daar gekom het, en "die hardvogtige duister lot" wat hulle te wagte is, maak hy geen aanklag en bied hy ook geen oplossing vir die probleem nie.

'n Interessante verskynsel is "Die Bantoetaal".[5] Totius, wat met sy "Driemaal-tienduisendtal" seker die sterkste gestalte gegee het aan die "woeste-barbaar-stereotiep", kom daartoe om in "die heerlik ryke Bantoetaal" 'n sonderlinge skoonheid te sien, " 'n soete mengeling//wat in die wydte en vertes dring". Maar sy

4) Aardse Vlam, p. 39.
5) Uit Donker Afrika, p. 67.

bewondering vir die taal is nie sonder voorbehoud nie. Hy staan verbaas :

"So'n taal uit lewe aan alles skaars
en uit 'n siel nog so barbaars! "

Van groter belang vir ons bepsreking is "Die Ontmoeting", [6] waar Totius nie slegs bereid is om die Bantoe in 'n ander rol as dié van die heiden teenoor die Christen te sien nie, maar waar hy ook kennis neem van die feit dat die natuurstaat "omgewentel" is. Al wesentlike verskil tussen hierdie gedig en "Klaagliid fan di laaste Boesman" is dat dit nie as klaaglied aangebied word nie, maar eenvoudig as herinneringe wat 'n "ou-ou kaffer" aan 'n "Trekker, erfgenaam van alles", meedeel :

"van reënval en van bodemvrugbaarheid;
van pikke wat hul self gesmelt, gesmee het
deur eie kuns en eie handevlyt.
. . . . . .
Hy hoor vertel van beeste wat geblink het
in somerglans, en hoe hul op die fees
in vrolikheid geëet het en gedrink het."

Toe die "Klaagliid" verskyn het, was die botsing met die Boesman vinnig besig om tot 'n herinnering te vervaag, maar was die botsing met die Bantoe - die oorlog tussen Engeland en die Zoeloes en tussen Transvaal en Sekoekoeni - nog 'n saak van die dag. Veertig jaar later is dit moontlik om ook aan die Bantoe 'n eie standpunt toe te sê.

B. Die twintigerjare was 'n tydperk van groei en konsolidasie vir die Afrikaanse Nasionalisme. Die staking van 1922 in Johannesburg gee aan die Nasionalis en die Arbeider 'n gemeenskaplike vyand - en gemeenskaplike martelare - , en hierdie gevoel van solidariteit open vir die Nasionalis die deur tot die bewind. 'n Vlagstryd in 1927,wat byna op burgeroorlog uitgeloop het, het as positiews resultaat 'n eie nasionale vlag. Maar die eintlike stryd om waardevolle dinge, die bestendiging van die Afrikaner se selfbeskikking, sy kulturele en materiële groei en sy selfrespek, word sonder aggressiewe uitbarsting na buite gevoer; word in die raadsaal en die studeerkamer bewerkstellig. Die volk, wat teen die begin van die dertigerjare die vrugte van hierdie ontwikkeling en konsolidasie moes geniet, was egter verdeeld, en die verdeeldheid was intiem verstrengel met, en gevoed

6) Ibid. p. 89.

deur die ontwikkeling. Namate die positiewe balans gegroei het, het ook die moontlikheid gegroei dat die verdeeldheid in die volk daardie positiewe balans tot niet sou maak; en hoe groter die balans, hoe groter sou die verlies wees. Die Afrikaner het 'n baie reële stryd om waardevolle dinge op hande gehad - 'n unieke stryd wat 'n unieke neerslag in die Afrikaanse poësie sou hê.

Om die gekompliseerdheid van die stryd - en van sy neerslag in die poësie -[7] ten volle te begryp, is dit nodig dat ons vir 'n oomblik die aandag vestig op die loopbane van die twee hoofspelers in die Afrikaanse drama tussen die jare 1910 en 1940: Generaal Hertzog en Generaal Smuts. Maar dit is vir ons nodig - ten einde die stryd, en veral die neerslag van die stryd, behoorlik te verstaan - om juis 'n partydige beeld van die twee spelers te kry: 'n Hertzog-gestalte en 'n Smuts-gestalte vanuit die oogpunt van die Afrikaner-nasionalis.[8]

Generaal Hertzog het met 'n verlede vry van enige assosiasies met Engeland, en ter verdediging van sy vaderland, die Tweede Vryheidsoorlog aangepak, en saam met sy leier, President Steyn, moes hy oorreed word om die stryd gewonne te gee. Hy het hom met hart en siel beywer vir die Afrikaanse taal en vir die Afrikanervolk, sonder om selfs "die wildernis" te ontsien toe hy in 1912 uit die kabinet gestoot is omdat hy geweier het om ten koste van sy saak toegewings te maak. Sy geduld en volharding word beloon en in 1924 kom sy party, in medewerking met die Arbeiders, aan bewind. In 1926 slaag hy daarin om by die Imperiale Konferensie van die Britse Regering "kaart en transport af te dwing", en sodoende herwin hy vir sy volk die vryheid wat by Vereeniging verloor is.

Generaal Smuts het in 1899, as President Kruger se Staatsprokureur, alles in sy vermoë gedoen om oorlog te bewerkstellig, want deur sy held Rhodes se verraad,

---

7) D.J. Opperman sê in Digters van Dertig p. 334: "Dit is vandag miskien moeilik om die heftigheid in hierdie verse te verstaan, maar 'n mens moet net weer deur die koerante van daardie tyd blaai en jy besef dadelik hoe hoog die spannings geloop het." Ons wil hier probeer verklaar waarom die spannings juis so hoog geloop het.

8) Ons stel nie hier belang in die "absolute waarheid" nie, maar wil probeer om in die sienswyses van die nasionalis van die dertigerjare 'n verklaring te soek vir oënskynlikke onverklaarbaarhede in die poësie deur hom geskrywe.

(hy was onder die indruk dat Rhodes verantwoordelik was vir die Jameson-inval) sowel as Milner se houding teenoor hom, het hy 'n sterk persoonlike haat teen die Engelse ontwikkel. [9] Saam met Generaal Botha werk hy vir vrede by Vereeniging, en toe dit blyk dat die Transvaal spoedig selfbestuur sou hê, "His resentment disappeared. He rediscovered that the English were a great people". [10] As Minister van Onderwys weier Smuts om C.N.O.-skole te begunstig, en sodoende bots hy met die kerk. Ook is hy verantwoordelik vir 'n wet wat Engels verpligtend en Afrikaans opsioneel maak. Gedurende die oorlog het Smuts 'n Afrikaner-verraaier laat doodskiet sonder om ag te slaan op die pleidooie van mede-Afrikaners. Met die teregstelling van Jopie Fourie gedurende die Rebellie, word die indruk van ongenaakbaarheid versterk. In die tydperk onmiddellik voor en na die Wêreldoorlog vind stakings en beroeringe plaas wat Smuts op hardhandige wyse onderdruk. Ondertussen word hy die held van Engeland deur sy doen en late gedurende die oorlog, en toe hy boonop in 1920 die hulp van die Unioniste-party moet inroep ten einde die verkiesing te wen, is dit vir die Nasionalis slegs verdere bewys dat Smuts en Jingo sinonieme geword het. Om die prentjie te voltooi, verwys hy in 'n verkiesingstoespraak na 'n federasie van Afrika-state wat hy in die vooruitsig stel. [11]

Samevattend sou ons wou konstateer dat die volgende teen die begin van die dertigerjare vir die Nasionalis gangbare beelde van die twee Generaals was :

---

9) "Smuts left the conference in a rage. His personal pride was hurt - and his personal pride and dignity were very easily hurt - by Milner's quiet ignoring of him..... Rhodes had played him false ...... He hated them all ....... He returned to Pretoria with set chin, made bitter and waspish by the hurt of his dignity, and more determined than ever to work for war." H.C. Armstrong: Grey Steel. A Study in Arrogance. London,1937. p. 46.

10) Ibid. p. 164.

11) "The speech was nothing more than one of Smuts's customary holistic Pan-African utterances, but it inspired a devastating Nationalist manifesto in which Smuts was denounced as a "man who puts himself forward as the apostle of a black Kaffir State...." The continued existence or the down-fall of the white man and his civilisation in South Africa was at stake". F.S. Crafford: Jan Smuts. New York, 1944. p. 257.

Smuts: Rhodes-man, voorstander van vrede by Vereeniging, hanskakie, lakei van die Britse Ryk, outokraat, vrydenker, volksverraaier, Afrikanermoordenaar, Jode- en Kafferboetie.

Hertzog: Bittereinder, volk- en taalstryder, martelaar, Moses-van-sy-volk, volharder wat deur sy volharding die onmoontlike vir sy volk bereik.

Die Hertzog-gestalte val dus volkome binne die mite van sy volk; die Smuts-gestalte val volkome daarbuite.

Teen die einde van 1929 gaan die wêreld 'n tydperk van ekonomiese onbestendigheid binne, wat weldra kulmineer in een van die ergste depressies in menseheugenis. Ook in Suid-Afrika neem die depressie ernstige afmetings aan, maar toe Engeland teen die einde van 1931 van die goudstandaard afstap, verklaar Hertzog dat sy regering eerder sal bedank as om 'n soortgelyke stap te doen. Onder hierdie omstandighede begin die gewildheid van die regering afneem, en terselfdertyd maak Tielman Roos sy herverskyning op die Suid-Afrikaanse politieke toneel met die wagwoord "laat vaar die goudstandaard". Op 28 Desember 1932 stap die Regering van die goudstandaard af, en Tielman Roos, wie se aanhang deur die gevolglike verbeterde ekonomiese toestand met rasse skrede groei, begin met Smuts onderhandel om die Hertzog-bewind tot 'n val te bring.

Naas die soewereine onafhanklikheid van die Unie was Hertzog se groot ambisie om segregasie tussen die Blankes (en Kleurlinge) en die Bantoes teweeg te bring. Die tyd hiervoor was nou ryp. Smuts het nie belang gestel in samewerking met die relatief onbeduidende Roos nie. Hy wou die magtige Hertzog tot samewerking dwing, sodat hy nie met 'n sterk verenigde Nasionale Party te kampe sou hê wat 'n neutrale houding sou inneem wanneer die oorlog - wat Smuts reeds sedert 1918 as onvermydelik beskou het - uitbreek nie. By die Volksraadsitting in Januarie 1933 soek Smuts toe dadelik en openlik toenadering tussen die S.A.P. en die N.P., en met groot teësin moet Hertzog instem. Hy het naamlik besef dat hy moet kies tussen sy segregasiebeleid en sy natuurlike afkeer van samewerking met Smuts. En Hertzog, wat nóg in 1912, nóg in 1939 geskroom het om die Kabinet vir beginselsake te verlaat, besluit hier dat die doel die middele heilig, dat hy sal saamwerk.

Hierdie besluit het die onmiddellike gevolg dat dit die land in 'n pro- en 'n anti-koalisie-groep verdeel, en laasgenoemde groep beveg, onder leiding van Dr. D.F. Malan, koalisie met hand en tand. Die onmin tussen Malan en Hertzog groei in die hieropvolgende twee jaar, en die vurige Nasionaliste skaar hulle in toenemende getalle by Malan. Hulle sien geen heil in die evangelie van 'n nuwe gees van samewerking wat Smuts verkondig, en wat al hoe meer deur Hertzog onderskryf word nie. Hulle vorm 'n besondere groep, hierdie Nasionaliste wat die Hertzog/Smuts-teenstelling so diep in hulle wese rondgedra het, en omdat die groep klein is en hom in die rol van martelaar voel, is die innerlike kohesie, en distansiëring na buite, des te sterker. En dit is hierdie feit wat daarvoor verantwoordelik is dat 'n politieke stap van 'n politieke leier by hulle veel dieper implikasies het. Dit is nie meer slegs hulle politieke leier wat by 'n ander politieke leier om sekere weloorwoë redes aansluit nie, maar dit word die verpersoonliking van hulle volksmite wat, deur met die verpersoonliking van hulle volksvyande te heul, verraad pleeg.

Dit is slegs in die lig van hierdie geestesgesteldheid, wat teweeggebring is deur die omstandighede hierbo uiteengesit, dat ons kan begryp waarom W.E.G. Louw in die "Drie Sonnette" [12] wat hy "Aan die Renegaat" opdra, Hertzog met soveel haat en veragting te lyf kan gaan. Vir dieselfde Hertzog wat in 1899 vir sy volk begin veg het, wat bittereinder was, wat sedert 1907 vir sy taal stry, wat in 1912 die "wildernis" verkies bo ontrou aan sy saak, wat in 1926 "onmoontlike dinge" by die Imperiale Konferensie bereik, van wie Langenhoven sê: "My vriend, die vyand van Hertzog, wees dankbaar vir wat hy vir jou Afrikanersiel gedoen het", vir daardie Hertzog dreig Louw in die tweede sonnet [13] aldus :

"Met smaad sal jy verstoot word en verdring;
die lamme wat ons dure stryd wou stry,
die stomme wat 'n reddingswoord wou bring,
die blinde wat 'n vrye volk wou lei!

Jou wapen sal ons uitruk uit jou hand,
jou dowwe spore toetrap in die sand! "

---

12) <u>Terugtog</u>, Kaapstad, 1940.
13) Ibid. p. 51.

En Hertzog, wat met wroeging daartoe gedwing is om Smuts se "hand van vriendskap" aan te neem, ten einde van sy saak te red wat daar nog te red was, word in die derde sonnet [14] daarvan beskuldig dat hy :

"Ons vryheid uitjou vir 'n dwase grap".

Ten slotte pleit die digter :

"Laat ons dié kanker uit ons volkshart sny,
en tot die dood die stryd met eer volstry."

Met hierdie gedigte staan W.E.G. Louw vas binne die volksmite, praat deur hom die digte kern van die groep wat, deur 'n sondebok uit te sonder en te verguis, sy identiteit versterk en homself beveilig.

Ook in die gedigte "Uit die Vreemde"[15], "Aan die Leiers van die Verlede" [16] en "Aan die Afvallige Volk"[17] staan hy binne die mite, en eerder as aktualiteitspoësie met 'n visie, is hierdie gedigte slegs geleentheidsverse. In die eerste twee gedigte beroep hy hom op „kragte" in die volksmite, in die een geval God, in die ander die volkshelde, en aan hierdie „kragte" sê hy sekere tradisionele verpligtinge en vermoëns toe. Die God tot wie hy bid, is dieselfde God aan wie deur die Genootskappers 'n besondere belangstelling in, en verantwoordelikheid jeens, die volk toegedig is :

"beskaam die trou nie wat U naam bely,
maak daardie volk weer groot en sterk en vry! "

Die "sterke name: Kruger, Steyn, De Wet" moet verhoed dat die volk nie "breek waar jul gedroom het en gebou" nie. In die derde gedig, "Aan die Afvallige Volk", roer hy die volk se verhouding tot God aan. Hy sê naamlik :

"Omdat ons ...........
die ware God verlaat, sal hierdie land
en hierdie nasie seker nie bly staan".

Nou het ons in ons inleiding gesê dat 'n volk wat in sy basiese verhouding tot die transendente faal, 'n desintegrasie van sy volk-wees te wagte kan wees. By die eerste oogopslag lyk dit dus asof Louw hier met dieselfde probleem besig is, en daarteen waarsku. Maar laat ons let op die aard van die digter se "ware God", en op die wyse waarop die nasie hierdie God sou "verlaat" het.

---

14) Ibid. p. 52.
15) Ibid. p. 74.
16) Ibid. p. 75.
17) Ibid. p. 76.

Dit blyk in die eerste plek dat hy hier praat van 'n God van wraak :

"Sy woord, Sy suiwer wet en streng gebod
sal teen die volk getuig wat hom versaak".

En die sondes wat dié God se toorn laat ontbrand, is sondes teen die "jaloerse God" van Moses; die vergelding is Ou-Testamenties :

"die huurling, huigelaar, die suiplap, sot,
die hoer in hoë huis, in kerk of krot,
dié sal Hy trap in Sy parskuip van wraak,
want straffeloos word nooit Sy Naam bespot! "

Van die God wie se "hele wet vervul word in een woord, naamlik : Jy moet jou naaste liefhê soos jouself";[18] is daar geen sprake nie, en van daardie verhouding tot die naaste, waardeur én mens én volk tot die enigste ware verhouding tot God kan geraak, ewe min. En derhalwe faal Louw hier - teen alle skyn in - mét die volk in sy basiese verhouding tot die transendente.

N.P. van Wyk Louw kom ook daartoe, onder die invloed van die omstandighede hierbo uiteengesit, om 'n voorraadopname van die lewe en strewe van die Afrikanervolk te maak. Ook hy is verontrus, voer 'n stryd, peins oor helde van die verlede, bid; maar tussen sy verse - "Gedagtes, Liedere en Gebede van 'n Soldaat", Die Halwe Kring,[19] en dié van W.E.G. Louw is daar 'n fundamentele verskil. Deur W.E.G. Louw spreek 'n groep, Van Wyk Louw spreek as enkeling; W.E.G. Louw staan vasgevang binne die mite, Van Wyk Louw word deur die mite gevoed, sonder om daardeur gebonde te wees. In die eerste Renegaatsonnet definieer W.E.G. Louw sy groep: die "volk", meer spesifiek " 'n jong geslag", waarvan daar "tienduisende" is. In al die ander gedigte maak hy by name van die volk gewag. Van Wyk Louw verwys deurgaans na "ons", maar dit is 'n "ons" wat nooit 'n groep - soos ons dit in die inleiding beskrywe het - kan vorm nie. Dit is 'n "ons" wat juis die gerief van 'n kuddebestaan afwys :

"Ons moet die bitter taak en teken dra
en uitverkoornes wees tot leed en stryd
om tussen duisende ........ ....... ..
swygsaam en streng soldate op wag te wees."[20]

---

18) Galate 5. 14.
19) Kaapstad, 1937.
20) Die Halwe Kring. p. 50.

W.E.G. Louw se "jong geslag" trek te velde teen 'n sondebok, wil hom vernietig; of hy verwag God se straf teen die sondaars in die volk, die geïsoleerde vlieë in die salf, sodat ná hulle uitwissing die groot massa met reinheid van hande en suiwerheid van hart weer God se spesiale begunstiging te wagte kan wees. Die "jong geslag" kom bymekaar, raak bewus van hulle samehorigheid, ontstáán inderdaad, vanweë hulle toorn teen die verraad. Van Wyk Louw se "ons" ontstaan nie; hulle ís die beliggaming van 'n geesteskrag wat, bo tyd en plek verhewe, mense aanraak en van hulle maak diegene "wat die Edele en Kosbare veilig deur die skare dra". En hulle bestaan vér bo die toorn; is nóg vir ontstaan, nóg vir bestaan, van die toorn afhanklik. Maar wanneer die vraag geopper word: „Moet ons ook toorn hê", dan is daar groot helderheid oor die aard van húlle "sondebok" :

> "dit sal ons dan haat: oú magte wat ons krenk
> met die smaad van hulle jare, omdat hulle oud
> en vol onmenslike hunkerings is, die goud
> meer liefhet as mooi-lewe, en ons deurdrenk
> gestadiglik met woorde wat geen sin het
> van "breedheid" en "gelykheid", dat ons ras
> kan wegsmelt in die donkerbloedige plas,
> en woorde klaarmaak wat geweld begin het." 21)

Hier word duidelik gesinspeel op die politieke toestande van die tyd, maar die drakrag is soveel groter as dié van W.E.G. Louw, want hier word van "magte" gepraat - magte wat in elke mens roer en hom "onmenslik" maak deur dinge bó "mooi-lewe" te plaas - en nie ewe gerieflik 'n renegaat of 'n paar sondes aan die kaak gestel nie.

Wat die volksverlede betref, wil die aan die groep gebondene die krag van die "sterke name: Kruger, Steyn, De Wet" gebruik om juis die swakheid van die groep self te besweer. Die enkeling, daarenteen, besef die nutteloosheid van gewése krag; weet dat hy, in die aktualiteit van die oomblik, op eie krag aangewese is, sélf alle verantwoordelikheid sal moet aanvaar. En daardie krag soek hy nie in die lewe van die sterkes nie, maar vind hy in die sterfte van die swakkes - nie in die lewe van Kruger, Steyn en De Wet nie, maar in die sterfte van die Kampmoeders :

---

21) Ibid. p. 46.

"Waar swakheid uitgemoor is, durf net die krag
bestaan;
waar liefde en sagtheid so geskend is, net die
haat;
júl sal die sterkstes wees, jul sal ons oë
slaan
met helderheid, ons hande krag gee vir die
daad." 22)

Ook die hulp wat van die God van die mite verwag word, verskil fundamenteel van die hulp waarom die enkeling bid. Die enkeling bid nie dat God die taak moet volbring nie; hy sê nie: maak die volk weer vry nie. Hy besef dat hy vir sy eie heil verantwoordelik is, en bid dan slegs :

"en as my hande wurge, o God,
rondom 'n keel een dag,
wees U die bloed, wees U die spier,
wees U my greep se krag." 23)

Die dinge in die volkslewe waarteen Van Wyk Louw se soldate wagstaan, is 'n loue selfgenoegsaamheid, "die lasterlike hoogmoed" van sosiale onverskilligheid, 'n gesette geestelike middeljarigheid te midde van die hoë verantwoordelikhede van die lewe. Diegene wat aan dié houdings onderworpe is, word nie gehaat nie, maar moet genees en gebreek word,

"tot eenvoudige vreugdes,
tot die heilige lye,
tot 'n nuwe onmiddellikheid
van die heldere aarde." 24)

Wanneer hulle egter nie meer vir genesing vatbaar is nie, maar "dood en 'n vrot plek in ons volk", dan is die heilige voorneme om hulle uit te sny, vinnig, met 'n mes.

Maar hierdie soldate is te nugter om illusies van almag te hê; te eerlik - en hierin lê miskien Van Wyk Louw se antwoord op Hertzog se besluit - om die doel voor die middele te plaas. Hulle het wel 'n doel, maar laat nie toe dat die doel hulle hoë lewenskode ondergrawe nie :

"Miskien ook sal ons sterwe
Miskien sal niemand later
mooi dinge van ons weet
sal elkeen as hy magtloos
naby die sterwe lê,
net hierdie eensaam wete
uiteindelik nog hê:

22) Ibid. p. 43.
23) Ibid. p. 42.
24) Ibid. p. 48.

dat ons nie kon gebuig word
soos hul geweld dit wou,
en dat ons hoog kon lewe
net ons aan bloed getrou. "25)

Dit staan bo twyfel dat die digter nie hier fisiese bloed, en derhalwe "ras" of "volk", bedoel nie; dit sou beteken het dat "hoog lewe", die drang en die vermoë daartoe, afhanklik is van etniese afkoms eerder as van 'n fundamentele menslike strewe na 'n hoër etiese bestaan. Die huldiging van so 'n standpunt sou 'n mate van groepsgebondenheid voorveronderstel wat strydig is met die beeld van Louw die enkeling, wat ons in sy gedigte leer ken het.

Hierdie gedagte vind ons terug in die woorde van die Voorspraak in Die Dieper Reg :26)

"Nie wins, maar slegs hul bloed se stem! "27)

Hierdie "Spel van die oordeel oor 'n volk" bring 'n, vir ons bespreking belangrike, vernuwing in die ry van gedigte oor die Groot Trek. Tot hiertoe was daar nooit die minste sprake van 'n vraag na die "reg" van die Trekkers nie. Spekulasies oor hierdie sake sou sinloos en oorbodig gewees het. Een van die groot aksiomas in die volkslewe was immers steeds, dat dit meer as die reg, inderdaad die plig was van die Afrikaner om die beskawing in Afrika uit te brei. Tot hiertoe was daar altyd heel pertinent sprake van die inboorling, maar hy word deur Van Wyk Louw "ewe gerieflik weggelaat". 28) 'n Mens kan egter net so maklik sê dat die inboorling altyd deur die ander digters "ewe gerieflik" bygesleep is omdat dit hulle in staat gestel het om die hele geskiedenis in die lig van 'n hoë roeping „reg" te rasionaliseer. Van Wyk Louw bedien hom egter nie, soos ons reeds aangetoon het, van die gerieflike clichés en rasionalisasies wat die groep aanbied nie. Hy laat die Voortrekkers aldus aangekla staan :

"in opstand het hul uitgegaan,
die bande en die wet verbreek,
en dwaas hul in verderf gestort
om grond te roof en ryk te word". 29)

---

25) Ibid p. 52
26) Die Dieper Reg, Kaapstad, 1938.
27) Die Dieper Reg. p. 17.
28) Digters van Dertig, p. 209.
29) Die Dieper Reg. p. 16.

en vind dan 'n eie en - in vergelyking met die tradisionele - merkwaardige regverdediging vir hulle doen en late. Hy redeneer naamlik dat geen volk - en "voor God is alle volke klein" - se bestaansreg "veilig op onbreekbare tafels geskrywe bly nie, maar iets (is) wat daagliks nuut deur sy wil en daad geskep moet word."[30] Inderdaad, "drif en daad en die wil wat rein streef" is vir Van Wyk Louw die enigste bewyse dat 'n volk besig is om erns te maak van sy verhouding tot die transendente; dus die enigste rede waarom hy durf hoop op voortbestaan. Daarom laat hy die Voortrekkers pleit :

"nie om die reg, maar om die wil
wat suiwer was, o Heer;
nie om die smart, maar om die daad
wat die staalwerk van ons mens-wees is,
moet U ons neem", [31]

en die Stem van die Geregtigheid uiteindelik antwoord :

"Gaan heen en weet dat julle reg
en daad voor God kan staan." [32]

Wanneer Van Wyk Louw die grensland Suid-Afrika bepeins, verskil die beeld wat hy gee van sowel Langenhoven se hunkerende en koesterende moederland, as van Marais se gevoellose, archetipiese aardemoeder. By hom word Suid-Afrika 'n "wye en droewe land, alleen onder die suidersterre". Sonder deelname óf onverskilligheid is sy getuie van die eksistensiële stryd van die volk in haar boesem, en dit slaan haar met die "stil droefnis" van een wat veel gesien en veel verstaan het :

"Jy ken die pyn en eensaam lye
van onbewuste enkelinge,
die verre sterwe op die veld,
die klein begrafenis;

eenvoudige mense wat getrou
en enkeld bitter dinge doen,
en enkeld val soos korrels saad;
stil daad, klein trou, klein trouloosheid
van dié wat om 'n ander diens
soos knegte jou verlaat". [33]

---

30) Vgl. "Die Ewige Trek" in Lojale Verset. p. 45.
31) Die Dieper Reg. p. 26.
32) Ibid. p. 27.
33) Ibid. p. 20.

Teenoor Van Wyk Louw, wat in 'n geleentheidstuk soos Die Dieper Reg met ernstige besinning werk met begrippe soos Reg, Waarheid en Sin, staan D.F. Malherbe met sy geleentsheidstuk, Die Siel van Suid-Afrika.[34] En teenoor Louw se "eenvoudige mense wat getrou//en enkeld bitter dinge doen", staan Malherbe se voorgeslagte aldus geteken :[35]

"Hoe sal ons hul
in waarheid roem
die volmaat van
hul grootheid noem:
die eerste vloed
van Afrikaners
gedugte bouers
en vryheidsbaners! "

In sy siening van die voorgeslagte en van die geskiedenis staan Malherbe dus vas binne die mite, terwyl die "problematiek" in sy "volksangspel" slegs maar gemeenplasige banaliteit is. Die Man en die Vrou, wat besig is met die bou van "Afrika se grootpad wyd", kom aan by "die rots waar mense moed verloor". Daar staan hulle mekaar met loflieders oor hulle en die voorgeslagte se knapheid moed en inpraat, as die Slawegees verskyn en sy twyfel en vrees vir die steiltes uitspreek. Hy word deur die Vrou aangeraai :

"Smyt af die pak,
van knegskap vry,
die rots moet weg,
die tergery",[36]

maar uiteindelik swig hy voor sy swakheid, en word hy deur die Vreemde Gees weggelei. Die stuk eindig op 'n geesdriftige, hoewel onoorspronklike noot: die jong geslag neem die verantwoordelikheid op hulle om die "vaan van Suid-Afrika" hoog te hou, en ten slotte sing al die kore tesaam die volk toe :

"jou skande sink met as en roet
tot gans en al verlorenheid,
en God-gewild jou mannemoed
straal van wit herborenheid." [37]

---

34) Bloemfontein, 1938.
35) Die Siel, p. 10.
36) Ibid. p. 13.
37) Ibid. p. 27.

Malherbe se naïewe behandeling naas Van Wyk Louw se verrassend-indiwidualistiese vertolking van dieselfde stof, dui op 'n uiteenlopendheid en 'n spanning tussen "volk" en "enkeling" in die kultureel-literêre sfeer; 'n spanning wat ons in die vorige hoofstuk reeds opgemerk het, wat in die dertigerjare tot 'n openlike uitbarsting kom en wat die hele Afrikaanse literêre wêreld beïnvloed het. En hierdie spanning en uitbarsting is deel van die Afrikaner se stryd om waardevolle dinge.

In 1938 skryf Van Wyk Louw: [38] "Ons is ryp en oorryp vir 'n groot volkskritiek ..... Ons het aan die slaap geraak met 'n selftevredenheid waarin alles wat mooi in ons was, mettertyd moet verdwyn. Daar moet kritici tussen ons gelos word wat vervul is van haat teen ons halfheid, gemaksug en kleinburgerlikheid; hulle moet mense wees wat diep gedink en baie gevoel het, maar mense wat nederig is voor die grootsheid van hulle taak en wat in al hul stryd teen die Afrikaner se euwels self in die eerste plek Afrikaners is; en hulle moet ons met 'geweervuur en sambokslae' laat opsteier totdat ons doen waarvoor ons hier in Afrika is: die ophou van 'n nuwe beskawing in 'n nuwe land ..... Uitbly kan so 'n kritiek natuurlik ..... Maar miskien kom dit oor ons, daardie kritiek wat altyd die mistieke vernuwing van die geestelike lewe is, die vergaan-om-te-ontkiem." As só 'n beeld van die volkskritiek aan ons voorgehou word, is ons vermoede dadelik dat dit met die literêre kritiek niks beter gesteld sal wees nie. Hierdie vermoede word bevestig deur 'n koerantskrywery rondom Die Halwe Kring. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns ken in 1937 die Hertzogprys gesamentlik vir Die Halwe Kring en vir die werk van I.D. du Plessis toe. Van Wyk Louw bedank vir die eer, en skryf: [39] "Die Akademie was weer magteloos om te besluit oor sake waarin hy hom juis die reg van 'n beslissing toeëien." F.E.J. Malherbe en E.C. Pienaar, lede van die keurkomitee van die Akademie, en kritici van naam, antwoord[40] dat hulle "dit baie sterk afkeur dat die eerste die beste jong skrywertjie sy teleurstelling op dergelike aanmatigende toon sal lug teenoor 'n erkende liggaam soos

---

38) Lojale Verset. p. 170.
39) Die Burger. 7 Desember 1937.
40) Ibid. 11 Desember 1937.

die S.A. Akademie ....." Hierop skrywe Louw: " 'n Antwoord op die skrywe lyk oorbodig. Die seniel-histeriese toon daarvan wys vir die publiek .... die gesindheid van lede van die keurkomitee teenoor my. Daarom laat ek dit met des te meer gerustheid aan die toekoms om 'n oordeel insake die betrokke werke en die beoordelers self te vel." [41]

Daar verskyn van E.C. Pienaar 'n totaal ontoereikende en stompsinnige resensie van die bundel, en P. du P. Scholtz en Uys Krige lewer op vernietigende wyse repliek. [42] Met die oordeel oor die "beoordelers", wat Louw aan die toekoms opgedra het, word sommer dadelik, deur die jonger literatore, 'n aanvang gemaak. Uit hierdie hele aangeleentheid word dit duidelik dat die digters en die literatore van Dertig, die jonger geslag, nie meer bereid is om genoeë te neem met die uitgediende gesag van die manne van die "Tweede Beweging" nie. Die "Derde Beweging" is in swang, en word gekenmerk deur " 'n strewe na volwassenheid, selfstandigheid en verskeidenheid". [43]

Uit Werda! [44] 'n bundel "opstelle" (geleentheidstoesprake) van E.C. Pienaar, blyk dit duidelik hoe ver die "volk" by hierdie strewes tekortskiet, en uit 'n resensie van die bundel deur Elizabeth Eybers [45] blyk dit met watter ongeduld die "enkeling" hierdie "stofskoppery en trompetgeskal" bejeën. Op 'n vraag van Pienaar of dit te verwonder is "dat baie van ons gaandeweg 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel het" antwoord Eybers: "Nee, dit is nie soseer te verwonder as wat dit te verwonder is dat so baie van ons waardige voorgangers nie langsamerhand daardie minderwaardigheidskompleks, te same met ander adolescente verskynsels, ontgroei het nie." Met sarkasme skrywe sy in toespraaktrant: "Want vryheid, dames en here, is nie die erfreg van die beskaafde mens nie - nee, dis iets wat verkry en gehandhaaf word deur "kultuurorganisasies", toesprake em vergaderings sonder tal, deur voortdurende en stelselmatige eksploitasie van die kudde-instink."

---

41) Ibid.
42) Ibid. 18 Desember 1937.
43) D.J. Opperman, Digters van Dertig. p. 29.
44) Kaapstad, 1938.
45) Die Suiderstem, 5 November 1938.

Die dertigerjare bring 'n voortsetting en 'n uitbouing van die nuwe gees wat ons in die poësie van die vorige tydperk opgemerk het; maar wat in die vorige tydperk 'n min of meer opsetlike aweregsheid, 'n brutale distansiëring van die mite was, word in die dertigerjare 'n selfbewuste strewe tot kulturele en nasionale volwassenheid en selfstandigheid. En waar hierdie strewe tot volwassenheid en selfstandigheid deur politieke of kulturele leiers gedwarsboom was, het die "jong geslag" met oortuiging en drif die stryd aangeknoop. Ook hierdie stryd was 'n stryd van die Afrikaner om waardevolle dinge, en ook hier het die neerslag in die poësie nie uitgebly nie.

## HOOFSTUK SES.

DIE POëSIE VAN DIE JARE ONGEVEER 1945 tot 1960.

Ons het in die vorige hoofstuk gesien dat Van Wyk Louw reeds in 1938 gewag het op 'n groot volkskritiek om "oor ons te kom". In 1960 skilder D.J. Opperman [1) ] die volgende beeld: "Die Afrikaner het gebou aan sy eie wêreld, het hom sterk gemaak en in die proses die Engelsman, Kleurling en Bantoe van hom vervreem. Die vervreemding is verhaas deur 'n verstedeliking of eerder verfabrieking wat onpersoonlike verhoudings laat versterk het. Dit het ook 'n geestelike vervreemding meegebring, dit wil sê ons kultuurwêreld het verarm: ons kinders praat slegter Engels as wat ons dit gepraat het, lees minder graag Nederlands en Engels, die stedelike Kleurling praat al minder Afrikaans en ons dwing die naturel terug na sy eie taal, tydskrifte, boeke ...... Max Lamberty het gesê 'n volk moet 'n aantrekkingskrag ontwikkel: dit lyk asof ons die teenoorgestelde voortreflik beoefen het: 'n sterk wegstotende mag. En dit werk ook deur na die buiteland: deur ons rassespannings stel oorsese vriende al hoe minder in ons kultuurprestasies belang.//Dit is die ander gesig van die kristal: 'n geestelike lewe oorheers en verdor deur rassespannings en rassewaardes, 'n geestelike afsondering, 'n geestelike intelery, geestelike gebreklikheid en uiteindelike onvrugbaarheid .... Miskien kan ..... 'n geestelike vernuwing kom, maar op die oomblik bly die oorheersende beeld van ons toekoms dié wat ek geskilder het ......" Ons het reeds aangetoon dat Van Wyk Louw nie 'n aan die groep gebonde pseudo-denker is nie, en dat dieselfde op Opperman van toepassing is, sal uit bostaande aanhaling sowel as uit sy gedigte wat ons nog sal behandel, duidelik word.

Dit blyk dat die noodsaaklikheid vir 'n groter mate van selfkritiek in die Afrikanervolk reeds in 1938 gevoel is, en dat teen 1960 hierdie selfkritiek, indién dit wel reeds begin kom het, nog glad nie baie in die oog lopend is nie. Ons tref egter wel, direk sowel as indirek, tekens van selfkritiek aan in die poësie van die afgelope vyftien jaar.

---

1) Vergelyk Adam Small: Die Eerste Steen? pp. 63 - 65.

Indirekte tekens van selfkritiek.

Die vermoë tot selfkritiek, in die indiwiduele mens sowel as in die volk, kom slegs met 'n sekere mate van volwassenheid. Enige ontwikkeling tot groter volwassenheid impliseer onvoorwaardelik die verlaat van 'n vertroude en sekuriteit-inboesemende stelling, en die inneem van 'n nuwe, vreemde, "onveilige" stelling. In die lewe van 'n mens sal die volwasse element bereid wees om vooruit te gaan ongeag die sekuriteit wat met so 'n stap ingeboet word, terwyl die onvolwasse element sal pleit om in die veiligheid van die vertroude stelling te bly sit. Ook in die lewe van 'n volk kry ons volwasse elemente wie se drang tot vooruitgang groter is as hulle vrees vir die onbekende gevare waaraan 'n stap uit die ou stelling hulle as volk mag blootstel; maar as hulle teenpool kry ons elemente wat "pleit", en dan met al die middele wat tot die beskikking van die groep is, om tog die veiligheid van die vertroude stelling bo alles te stel. Hierdie laasgenoemde elemente vorm naamlik die digte kern van die groep, staan onder die invloed van die blinde kragveld van die groep, is vanuit eie lende konserwatief en verweer hulle teen onkonserwatiwiteit deur die kleinhou van indiwiduele verskille, die sluit van die geledere, die uitdruk van dit wat pla.

Wanneer ons nou duidelike tekens van aktiwiteit onder die laasgenoemde elemente waarneem, wanneer die groepsdinamiek sig sterk manifesteer sonder klaarblyklike uiterlike prikkels, moet ons aanneem dat daar van binne die eie geledere prikkels aan die werk is, selfkritiek uitgeoefen word; en dit beteken dat daar toenemende volwassenheid ontwikkel.

Die Republiek van Duisend Jaar 2) van G.A. Watermeyer is ongeveer 'n kroniek van 'n "Rebel without a (klaarblyklike) Cause". Dit verteenwoordig die sterkste opwelling van aggressiewe groepsdinamiek in die Afrikaanse poësie sedert minstens twintig jaar, en dit op 'n tydstip wanneer die Afrikaner vryheid en mag besit sonder voorgaande in sy hele geskiedenis. Die enigste aanvaarbare verklaring vir hierdie bundel is, dat dit die pleidooi is van die onvolwasse element in die volk teen die verlaat van die veilige, vertroude stelling; en dus

2) Johannesburg, 1957.

ook indirekte getuienis dat die volwasse element wel bestaan en besig is om nuwe stellings, nuwe grense, te verken.

Die mees in die oog lopende kwinkslag waarmee die onvolwasse element, by monde van Watermeyer, probeer om die volk van ontwikkeling tot groter volwassenheid te weerhou, is om, paradoksaal genoeg, bykans alle vordering wat die volk wel gemaak het en al die oorwinnings wat die volk wel behaal het, te ontken. Inderdaad, oorreed die volk dat hy nie vry is nie, en jy sal jou doel op tweërlei wyse dien. In die eerste plek kan die volk also verhoed word om sy huidige stelling te verlaat omdat hy oorreed word dat die slag wat eie is aan dié stelling nog nie voltooi is nie. In die tweede plek bring vryheid altyd verantwoordelikheid mee, en die groter vryheid wat deur die slag in die huidige stelling verwerf word, bring groter verantwoordelikheid mee wat nie vanuit die beskutting van die stelling nagekom kan word nie. Wanneer die vryheid dus ontken word, kan die verantwoordelikheid ook verloën word wat anders sou lei tot 'n verlaat van die stelling.

Ons sê dat Watermeyer die oorwinnings wat die volk wel behaal het, ontken. Hoe anders kan die bewerings wat hier volg verklaar word? Vir hom is die Afrikanervolk, in 1957, nog steeds :

"Klein Israel smadelik gebind
om vir die Farao's strooi te vind,
nog na die bitter koorstrek Noord
te skoffel in die vreemde boord". [3)]

Die gees van Kruger kan, in 1957, nog nie terugkeer na sy vaderland nie, want die volk is nog nie vry nie :

"Hy wat ons hoop se anker was
penwortel van die Boereras,
hy bly sy burgerskap ontbeer
tot vryheid oor ons vlaktes keer". [4)]

Vir hom is die Afrikaner, in 1957, nog steeds 'n op liefdadigheid aangewese armblanke :

"Die swartman wat diepriwwe werk
kry kalorieë wat hom sterk
bo tenger kleuters van my ras
wat dunbeen wankel en onvas". [5)]

---

3) Republiek van Duisend Jaar. p. 6.
4) Ibid. pp. 12 en 13.
5) Ibid. p. 24.

Hy ly, in 1957, nog steeds onder die Tweede Vryheidsoorlog:

> "en nimmer word die stryd volstry
> voordat my volk sy erfdeel kry ......
> Die Driejaar-kryg is halfeeu-oud,
> bloed wat gevloei het, word nie koud." [6]

Die lied wat hy, in 1957, die jeug van sy volk in die mond lê, lui so :

> "Ons wat die land se toekoms klop,
> wars van wurg in die buitestrop;
> ons wat die smaad van gister erf,
> sat van vreemd in die eie swerf". [7]

Sy laaste troef, in 1957, is nog steeds die laer :

> "In hierdie tyd wat donker sweer
> gooi ons met kolf en korrel weer
> teen kilte van die koue uur
> die volk se laaste binnemuur." [8]

En, waarskynlik die vermetelste miskenning van die werk van die voorgeslagte, hy veg in 1957 nog steeds die taalstryd :

> "Nog stry ons in die eie land
> stryd om die taal se eie stand".

In so 'n verweer teen die aanvaarding van volle volwassenheid, teen die verlaat van die vertroude stelling, dring die mite sterk na vore, sy dit op 'n negatiewe wyse. Positiewe voorbeelde van Watermeyer se mite-gebondenheid is eweseer legio: uit die een-en-vyftig gedigte in die bundel is daar drie-en-twintig waarin van God gewag gemaak word, en deurgaans is dit dieselfde God aan wie deur die Genootskappers dieselfde partydigheid teenoor die volk toegedig is, omdat die volk dan so hougeset Sy bevele, deur die volk self geformuleer en vertolk, gehoorsaam :

> "God is die Laer om ons heen,
> God die Gestalte wat ons steun." [9]

want :

> "In republiek wat ons verklaar
> anker Sy Droom van Duisend Jaar;
> hier word Sy Raadsaal uitgebou
> waar ons die Suide suiwer hou." [10]

---

6) Ibid. p. 29.
7) Ibid. p. 45.
8) Ibid. p. 50.
9) Ibid. p. 5.
10) Ibid. p. 90.

Die mite rondom heldefigure uit die verlede word uitgebou en aangepas om politieke leiers-van-die-dag in te sluit :

"Penkop-kommando's ruk ons aan
en wie sal bres in ons linies slaan?
Strydom, Malan, is koerskompas,
wordingstrou deur die jare vas;
Kruger se oë peil ons Noord,
De Wet se hoefslag dreun die poort". 11)

Soos wel te verwagte is, raak Watermeyer nêrens aan die werklike aktualiteite waarmee die volk gekonfronteer word nie. Om leiding te gee, nuwe aktualiteite raak te sien, in groot erns en eerlikheid met hulle te worstel en dan nougeset op die hoede teen die norme en clichés van die groep tot 'n eie insig te kom, is die taak van die eenling wat nie huiwer om, in aanvaarding van groter volwassenheid, die vertroude stelling te verlaat nie. Wie deur die blinde kragveld van die groep voortbeweeg word, is nie daartoe in staat nie.

Direkte tekens van selfkritiek.

Benewens hierdie verdedigingsmeganismes van die groep, wat op indirekte wyse getuig van die aanwesigheid van selfkritiek, is daar ook direkte tekens van die arbeid van volwasse en verantwoordelike elemente in die volk. Die Afrikaner is inderwaarheid besig met die jongste fase in sy stryd om waardevolle dinge, waarvan die vroegste voortekens uit die vorige eeu dateer, waarvoor daar gedurende 'n halfeeu nooit werklik tyd was nie, en wat in die afgelope vyftien jaar al hoe dringender op aandag aanspraak maak.

Dit gaan hier naamlik om die Afrikanervolk se verhouding tot ander groepe met wie hy noodgedwonge die land moet deel, en uit die aard van die saak meer spesifiek om sy verhouding tot die nie-blanke groepe.

Wanneer ons die geïsoleerde gevalle uit die verlede nagaan waar hierdie probleem aangeroer word, is dit opvallend hoedat die benadering vir 'n halfeeu op presies dieselfde vlak bly steek. Die lyn wat van S.J. du Toit oor Toon van den Heever, die latere Totius en C.M. van den Heever loop, vertoon basies geen afwyking van dié een plan nie; die bewuswees van 'n aspek of aspekte van die probleem, op min of meer akademiese vlak, sonder dat dit as aktualiteit besef word.

11) Ibid.

Voordat ons tot 'n bespreking van die jongste benadering tot hierdie probleem oorgaan, is dit wenslik om eers vir 'n oomblik in te gaan op die verband tussen die probleem en die Afrikaner se stryd om waardevolle dinge.

Ons het in die inleiding gesê dat die ding-van-waarde wat aan alles in die lewe van die volk ten grondslag lê, sy verhouding tot die transendente is. Daar bestaan nie so 'n ding soos 'n "Christelike volk" of 'n "Christelike beskawing" nie; Christen-wees is 'n volkome persoonlike oorgawe aan die wet van die liefde tot die naaste. "Christen" is iets wat slegs 'n indiwidu kan wees. Maar nou mag ons vind dat kragtens die Christen-wees, of oënskynlike Christen-wees van die meerderheid van die lede van 'n volk, so 'n volk homself beskou en bekend staan as 'n Christelike volk, en dat die instellings en wette van so 'n volk die milieu skep waarbinne die indiwidu sonder teenkanting of vervolging van owerheidsweë 'n Christen kan wees. Omdat die indiwidu 'n "ware" Christen kan wees, is dit vir hom onmoontlik om 'n "valse" Christen te wees; daar bestaan nie so iets nie. Met die volk is dit egter anders gesteld: hy kan in elk geval nie 'n "Christelike volk" wees nie; wanneer hy as sodanig beskou word, is dit in elk geval skyn. Vir 'n volk is dit moontlik om sy "Christenskap" na die vereistes van die dag te verstel, en, nog steeds onder die vaandel van die Christendom, wette en instellinge in die lewe te roep wat 'n verstikkende milieu skep vir die indiwiduele Christen. Wanneer hierdie proses in die lewe van 'n volk plaasvind, is daardie volk se "verhouding tot die transendente" besig om in 'n "wanverhouding" te ontwikkel. 'n Mens sou as logiese uiteinde van so 'n proses jou die toestand kon voorstel waar daar nie meer een Christen in die volk bestaan nie, en waar al die lede van die volk "volks"-Christene is.

Die aan die groep gebondene is die natuurlike prooi van hierdie proses; vir hom egter wat buite die blinde kragveld van die groep staan, en derhalwe tot 'n kritiese aanskouing van die groep in staat is, is weerstand teen die proses onvermydelik. En hierdie weerstand, hierdie stryd, weer eens, om waardevolle dinge, vind sy neerslag in die poësie.

D.J. Opperman.

Die enkele gedigte uit Heilige Beeste [12] wat kennis neem van die probleem van rasseverhoudinge, staan volkome binne die sfeer wat ons hierbo genoem het. "Bloedrivier, 1938" [13] bring dieselfde teenstelling as Totius se "Die Ontmoeting": die van sy oorwinning bewuste "Trekker, erfgenaam van alles", die "wit-gerokte kore", teenoor die "ou-ou Kaffer", "'n Zoeloe", wat albei "peins ...... oor 'n ryk reeds lank verlore". Maar Opperman se teenstelling is volstrekter as dié van Totius: by Totius gesels die twee partye; by Opperman herleef die een "in herdenkingsdaad opnuut" sy geboorte, en daarmee saam die verloregaan van die ander se ryk, terwyl die ander hom "eenkant teen 'n helling" bevind.

Die tweede Brandaan-sonnet uit Engel uit die Klip, [14] "Swart Kop", vertoon 'n verband met Toon van den Heever se "Radbod"; maar waar Van den Heever slegs in die algemeen (deur projeksie in 'n oud-Germaanse sfeer) die probleem van die kerstening van heidene aanroer, en op die wanpraktyke dui wat dit kan meebring, word dit vir Opperman 'n aktualiteit van hierdie land en 'n prikkel tot selfkritiek. Radbod weier om hom te laat doop, omdat hy die hel, in die geselskap van Wodin en Thor verkies bo die hemel met "Christen-g'raamtes". Opperman se Swart Kop wys ook die hemel van die hand, maar nie omdat dit vol Christen-geraamtes is nie :

" "Ek ken die aarde reeds waarop jy boer,
en wil nie by jou in jou hemel wees" ".

En hierin lê Opperman se prikkel tot selfkritiek. Die dopeling ontbeer eerder die hemel as om sy assosiasie met die doper-met-westerwaters te verléng, want hy kén hom. Deur die wyse waarop die Westerling op die aarde "boer", maak hy die hemel vir die barbaar ontoeganklik.

Veel feller is die onomwonde ontbloting in "Kersliedjie", uit Blom en Baaierd. [15] Hierdie gedig

12) Kaapstad, 1945.
13) Heilige Beeste. (Tweede druk 1947). p. 18.
14) Kaapstad, 1950. (Derde druk, 1956). p. 48.
15) Johannesburg, 1956. P. 26.

vertel 'n onthistoriseerde [16] Kersverhaal: die drie wyse manne uit die Ooste word "drie outas" uit die haai Karoo"; Bethlehem word Distrik Ses; die goud, wierook en mirre word "skaapvet, eiers en biltong". Die drie outas het hulle geskenke nederig aangebied,

"en die Here gedank in gesang en gebed
vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red ....

Oor die hele affêre het uit 'n hoek
'n broeis bantam agterdogtig gekloek."

Drie woorde in die bostaande aanhaling kom vreemd voor: "sou", "affêre" en "agterdogtig". "Sou" in plaas van "sal" spreek van teleurgestelde vertroue, soos in die sin: "Só lyk 'n vriend wat deur dik en dun by 'n mens sou staan"; en wanneer dit in verband met die reddende genade van Christus gebruik word, terwyl die geboorte van Christus 'n "affêre" genoem word en met agterdog bejeën word, weet ons dat alles nie pluis is nie. C.J.M. Nienaber [17] verklaar hierdie gedig op 'n heel onbevredigende wyse: "Kersliedjie" wek by die drie outas van die haai Karoo aanvanklik 'n kinderlike geloof in die ster op. Dit word 'n stygende verwondering - hulle het neergekniel, hulle het hulle hoogste offers "nederig gelê voor God se Klong/en die Here gedank in gesang en gebed/vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red ...." Maar skielik blyk daar op hierdie stadium die aanwesigheid van 'n buitestaander, en wel 'n broeis bantam. Sy het "agterdogtig gekloek" en die hele verhewe voorval gedegradeer tot "die hele affêre". Teenoor die geloof en die vertroue staan dan ten slotte die agterdog, die wantroue. Tegelyk word dié teenstelling ewe wrang ironies 'n bestendige aanwesigheid in die gedig. Ook ander teenstellings werk daartoe mee, soos die voorstelling van die gebeurtenis in die Bybel teenoor die voorstelling daarvan in die gedig." Nienaber noem die Bantam 'n buitestaander. Wanneer ons die bantam noukeurig bekyk, besef ons dat sy seer sekerlik nie 'n

16) Hoewel dit natuurlik onmoontlik is om die geskiedenisfaktor uit 'n gebeurtenis "uit te haal", kán 'n gebeurtenis uit sy plekkie in die geskiedenis uitgehaal word. Dit is wat ons hier onder "onthistorisering" verstaan. 'n Gebeurtenis, in die geskiedenis, is eenmalig; Christus kan nooit weer twintig eeue gelede in 'n stal in Bethlehem gebore word nie. Maar wanneer 'n gebeurtenis deur sy betekenis vir mense uit die geskiedenis loskom, word so 'n gebeurtenis universeel; Christus word elke jaar oor die hele wêreld "in herdenkingsdaad opnuut gebore".

17) Standpunte XVl, 1, Oktober 1962. " "Dennebol" van Opperman."

buitestaander onder die "sink en die sak van Distrik Ses", waar die tafereel afspeel, is nie: sy sit in 'n hoek en sy is broeis; haar broeis-wees dáár beteken nie net dat sý daar tuishoort nie, maar dit vertel ons ook dat sy daar met die uitbroei van ander van haar soort besig is. Sy het egter nie deel aan die "kinderlike geloof" en die "stygende verwondering" nie, en wat dit betref ís sy 'n buitestaander. Sy is agterdogtig. Maar dit is nie haar agterdog wat die "verhewe voorval" tot 'n affêre degradeer nie. Ons lees immers die woord "sou", met al sy implikasies van geskokte vertroue, voordat haar "aanwesigheid blyk". Dit lyk eerder asof dit in elk geval reeds 'n "affêre" was, en asof die bantam, wat met die fundamentele en tydelose taak van voortplanting besig is, die bedrog snap. Uit die gegewens in die teks blyk dit dat die bantam, wat die "affêre" met agterdog sit en gadeslaan, die kleurling is wat jaar na jaar die verhaal moet verneem van Christus se koms om die mensdom te red, maar wat van die redding nooit iets sien nie.

"Draaiboek" [18] werp verder lig op hierdie agterdog. Die basiese gegewens in die gedig is soos volg: 'n seun hang homself in die badkamer op; gedurende die ondersoek wat op die selfmoord volg, probeer die magistraat tevergeefs om in huislike omstandighede of in 'n liefdesteleurstelling 'n verklaring vir die daad te vind. Uiteindelik vra hy die moeder trompop :

" "Maar waarom .... waarom so 'n daad verrig?"
"Sy vel was donker, sy broers s'n lig."

Kiek waar vier kinders vroeg opstaan,
drie na wit en hy na bruin skool gaan."

Luidens die volksmite word die wette van die land ooreenkomstig die wil van God gemaak. Watermeyer sê : [19]

"Stemkrag is gewetensteun
waarop die land se leiers leun
om in die uur wat krisis slaan
beslissingsterk gestaal te staan",

en verder : *

"Stem republiek - stem Godgerig,
stem hierdie land tot ewewig ....."

---

18) Blom en Baaierd. p.23.
19) Republiek van Duisend Jaar. p. 39
* Ibid. p. 42.

Wanneer die evangelie van Christus nou verkondig word as 'n leer van liefde tot die naaste, en regeerders in „navolging" van daardie leer wette maak wat lynreg deur menslike verhoudings sny, tot selfs deur die lewe van 'n gesin, sal agterdog wel 'n aanvaarbare emosie wees by diegene wat deur die wetgewing geraak word.

Dit is nie by gebrek aan 'n begrip van die verwikkeldheid van die probleem dat Opperman "kritiseer" nie. Sy kritiek lê juis daarin dat hy al die komplikasies wat hy wel begryp, nie verswyg of rasionaliseer nie, maar ontbloot. "Hy ...... besweer 'n eindelose diversiteit van verskynsels op, speur almal en alles se weë na, loer op elke ding en betrap hom op sy heil- of onheilspellende "plek", pen hom daar vas vir 'n oomblik slegs .... gee alleen die saamrymbaarheid van die dinge wat hy ........ gedwing het, nie om hulle sus of so te gedra nie, maar slegs om in die lig te tree." [20] So dwing hy die bose spiraalgang, in "Staking op die Suikerplantasie", [21] van 'n deur omstandighede onvermydelike uitbuiting wat lei tot opstand, versoening onder beproewing, gedeeltelike herstel en derhalwe weer uitbuiting, om in die lig te tree. So ook, in "Nagwag", [22] bring hy die gekkespel van wit, bruin en swart, wat mekaar daarvan beskuldig dat hulle die pakskuur bedreig, aan die lig. Die nagwag probeer dink teen wié hy eintlik die skuur moet beskerm, maar raak skoon verward, en :

"Hy staan weer op en loop die rondes
teen die hele mensdom met sy sondes."

En dan stel hy homself die vraag :

" 'En wie is ek en hoe 'n man?
Swart of bruin of wit? "

Maar hy besef hoe onbelangrik dit is in sy bewaking van die pakhuis :

"Dit is mos net afhanklik van
hoe ver mens van die vuurtjie sit!
Die nag kan hom, soos God, nie steur
aan 'n man se afkoms of sy kleur. ' "

Die bedreigers van die skuur is almal "wat in die duister gaan", en wanneer die dag breek, weet hy weer "dat God deur iedereen Sy nagwaak voer." Een van die hoekstene

20. Antonissen op cit. p. 323.
21) Blom en Baaierd, p. 7.
22) Ibid. p. 27.

van die volksmite is dat die blanke se groot taak in Suid-Afrika die "behoud van die Westerse beskawing" is. Opperman ontkom aan die plaaslike, en by hom gaan dit oor die behoud van God se ganse wêreld, wat deur almal, swart, bruin en wit, bedreig word, en andersyds deur almal, swart, bruin en wit, bewaak moet word.

Met hierdie gedagte keer ons terug tot Engel uit die Klip, en wel tot "Gebed om die Gebeente", [23] wat uniek is onder al die geleenthede waar daar in die Afrikaanse poësie om die volk gebid word. Herhaaldelik word om hulp en seën gevra, en altyd is dit om die volk se ontwil. Dikwels, ten minste by implikasie, word God daaraan herinner dat die volk tog in elk geval besig is om Afrika vir Hom te beskaaf of te bekeer of wit te hou, en dat hulle dus op seën aanspraak maak. In "Gebed om die Gebeente" bid die moeder van Gideon Scheepers om die gebeente van haar seun, maar ten slotte verander dit in 'n groot gebed om almal wat vir hierdie "groot graf", hierdie land, gely en gesterwe het :

> "Seën, Here, ál die bleek gebeente van die stryd
> - dat ons as één groot nasie in dié gramadoelas
> met elke stukkie sinkplaat en met elke wiel,
> en wit en bruin en swart foelie agter skoon glas
> ewig U sonlig vang en na mekaar toe spieël."

Die nagwag besef dat God deur elkeen Sy nagwaak voer; die moeder bid om seën op al die gebeente van die groot stryd van hierdie land, sodat die nasie, wit, bruin en swart, God se lig na mekaar toe kan spieël. Deur middel van hierdie pregnante beeld (Scheepers was heliograaf) lewer Opperman 'n boeiende pleidooi vir Martin Buber se "dialogiese verhouding", waardeur die mens se verhouding tot God, ('n vertikale verhouding), vrugbaar word slegs wanneer dit eers, horisontaal, deur 'n medemens loop. En of die medemens nou ook vir God liefhet of nie, maak geen saak nie, want God het hóm wel lief, en daarom moet die mens hom ook lief hê. Hier word finaal en onvoorwaardelik afstand gedoen van die "ons, kinders-van-God", teenoor "hulle, vyande-van-God", en dit verteenwoordig 'n baie positiewe aanvaarding van groter volwassenheid en verantwoordelikheid.

---

23) p. 55.

Adam Small.

Small bring 'n heel besondere en seker die mees verwikkelde Grensland-bundel in die Afrikaanse poësie: Kitaar my Kruis. [24]

In die jongste fase van die Afrikaner se stryd om waardevolle dinge, die stryd rondom menslike verhoudings waarin die verhouding tot die transendente onontwarbaar verstrengel is, het ons tot dusver twee lynreg teenoorgestelde standpunte aangetref. Watermeyer, die aan die groep gebondene, wat met retrogressiewe verloëning van volwassenheid en verantwoordelikheid, en met al die middele wat die volksmite tot sy beskikking stel, staan teenoor Opperman, die enkeling, wat met aanvaarding van volwassenheid en verantwoordelikheid nie skroom om ook die "onheilspellende" in die volkslewe te dwing "om in die lig te tree" nie. Small bring 'n derde standpunt: dié van 'n lid van die volk, wie se lidmaatskap nie deur die volksmite erken word nie. Hy is die volkome grensfiguur; tegelykertyd enkeling teen, voorspraak vir en lid van twee groepe, afsonderlik en gesamentlik.

In "Eksegese lV" [25] (Esra, 9-10) vind ons die opdrag, in navolging waarvan "ons die Suide suiwer hou" :

"o Volk van God
priesters en leviete
sonder julle af
van die Kanaäniete
en die Hetiete
die Kleurlinge
en die Ferisiete
die Ammoniete
die Jebusiete
die Bantoes
en die Moabiete
die Egiptenaars
en die Amoriete".

Maar in "Vryheid" [26] bepeins Small 'n insident in die praktiese "suiwer hou" van die Suide :

24) Kaapstad, 1962.
25) Kitaar My Kruis, p. 64.
26) Ibid. p. 29.

"ek vra die kondukteur mag sy maar sit
hy skud die kop
en wys die vinger na die bord, die welbekende bord;
vir blankes net --
. . . . . . .
die bus ruk
en 'n vrou ses maande swanger staan
die hele lewe ruk en ons almal wat nie wit is nie ons staan
sy staan vir ses, vir sewe myl, sy staan
ons almal staan, staan vir meer as ses en meer as sewe myl,
staan vir 'n hele lewe
en agt sitplekke oop, maar sy moet staan".

Watermeyer het gesê :

"In republiek wat ons verklaar
anker Sy Droom van Duisend Jaar",

en toe die Republiek werklikheid word, hoor Small oor die radio :

"danksegging vir die Republiek -
ons het geluister stom -
vanaf die Monument
aan ónse God
onder Sy blou uitspansel, tent
van óns behoud
van ónse blankedom". 27)

Dan besluit hy, by monde van sy "Bruin Prediker" : 28)

"dis Christalik hou hulle vol, ma ons wiet hulle
peach complexion is hulle God en hulle Jesus ..."

en dit bring ons weer by die agterdog van Opperman se bantam. Ook by Small word hierdie "buitestaander"-wees te midde van die vreugde oor die geboorte van 'n redder verwoord, en dan wranger en minder subtiel as wat by Opperman die geval was :

"allright ek is 'n skollie
my artificial heilageit
is reeds by my gaboorte
in sy maai gaskop
die Here het dit self gadoen
o
hy's ganadig as hy djou
djouself laat ophou fop

so baie dankie Here
thanks
for the season's compliments." 29)

27) "Geboortesertifikaat", Ibid. p. 35.
28) Ibid. p. 75.
29) Kitaar my Kruis, p. 26.

Soos Opperman in "Draaiboek", neem Small in "Eksegese 111" [30] (Rut) kennis van 'n spesifieke wet en die uitwerking daarvan wanneer dit deur menslike verhoudings heensny. Die "meide moet nou na hulle eie terug", maar toe Naomi vir Rut probeer wegstuur, antwoord laasgenoemde :

"jou volk is myne
en nie wette nie maar liefde
is my hart se tolk".

Maar dat sy só redeneer het, het haar suur bekom, want

" .... toe sy die nag met Boas lol
was die kamer skielik van Sý gesante vol
en Boas en Rut is weggery
en het ses maande sonder fine gekry."

Terwyl Small as enkeling staan teenoor die mitegebonde groep wat hom sy lidmaatskap van die volk wil ontsê, staan hy egter ook as enkeling teenoor die jabroer-om-eie-gewin onder die Kleurlinge, sowel as teenoor die rewolusionêre element. In "Vyfde Evangelie" [31] vertel hy die verhaal van 'n "Donker Israeliet" wat in die Kaap wonderwerke verrig, teen die hange van Tafelberg 'n Bergpredikasie voer en gekruisig word. Die owerhede ontmoet dan agter geslote deure die Kleurlingleiers, wat 'n woordryke en niksseggende uitleg van die hele aangeleentheid met dank aanvaar :

"Ons is u dankbaar, Doktor T, as herders van die skaap
dat ons 'n man soos u het in ons midde -
na hierdie rake uitleg sal ons bruinmense vannaand weer lekker slaap .."

Terselfdertyd verwerp die "A.N.C. en P.A.C." hierdie "Donker Israeliet" omdat sy hele lewe in stryd met hulle nasionale strewe was! Hierdie gedig stel onomwonde die onversoenbaarheid van politieke strewe met Christelike beginsels. Die "Donker Israeliet" predik die moraliteit van die "waarde van die indiwiduele mens", maar sê ook :

"djulle moet djulle vyande liefhê
doen goed as hul djulle skandelike name noem".

Die gevolg hiervan is dat die landsowerheid hom doodmaak, en dat die grootste vyande van die landsowerheid hom afsweer. In die onvermoë van beide partye om hom in hulle diens te stel, ten minste, is hulle eenparig. En terwyl

30) Ibid. p. 54.
31) Ibid. p. 87.

die landsowerheid slegs een skrif aan die muur sien, naamlik "Ek bly julle God, julle my volk, Ek bly met julle", sê die organisasies wat op die ondergang van daardie owerheid gemik is: "nkosi sikilel 'i Afrika!" En die ironie is dat daardie "nkosi" sopas deur albei partye gekruisig is.

In Opperman se "Gebed om die Gebeente" bid die moeder dat wit, bruin en swart "ewig U sonlig vang en na mekaar toe spieël". Wanneer ons nou terugkeer na Small se "Vryheid" vind ons iets soortgelyks :

"om te mag sit ......
dit maal
maal
maal
mal in my kop
sodat ek siek en mislik voel en naar
ek kyk na haar, my vrou, ek kyk na haar
en God, daar in haar oë is weer die verhaal
waarvan die moontlikheid hier onverklaar
steeds bly;
dit pyn, sê sy, maar ons moet liefhê, ons hét lief, bedaar!
ek antwoord haar
ek antwoord met my oë : dit is waar
ek antwoord: ons moet liefhê, ons hét lief, maar dit is swaar....."

Die ander Kleurlingdigters, S.V. Petersen, P.J. Philander en Lionel Sheldon stel ook die saak, die gevoelens, die probleme van die Bruinmense, maar geeneen so volledig of so kragtig soos Small nie. Petersen bring wel in "Die Toring van Babel"[32] 'n gesigspunt wat nuut is in hierdie poësie; hy bemerk dat die hele wêreld "apartheid" bedryf :

"Vater unser
(net vir blankes)
Pater noster
(whites only)
Nôtre Pére
(kauf nicht bei Juden)
Our Father
Deuren sluiten S.V.P. "

---

32) Die Kinders van Kain. Kaapstad, 1961.

Peter Blum [33] en Uys Krige. [34]

In die werk van hierdie twee digters kom die Afrikaner se verhouding tot die nie-blanke (veral die Kleurling) ook tot uiting; vind die jongste fase van die Afrikaner se stryd om waardevolle dinge ook 'n neerslag. Soos Opperman nie betoog nie, maar ontmasker, so ook Blum. Maar terwyl Opperman met heilige erns ontmasker, doen Blum dit met 'n glimlag (wat telkens verander in 'n grynslag) as deel van 'n spel. Êrens tussen hierdie twee staan Krige, en by enkele geleenthede ontbloot hy nie slegs nie, maar betoog hy soos 'n Small.

In die "Kaapse Sonnette" van Blum word "geen menings" uitgedruk nie, maar die waarnemings wat wel gemaak word, die siniese skerpsiendheid waarmee hy die Kleurling die witman se doen en late laat gadeslaan, pas nietemin by ons bespreking. In één sonnet misgis die Kleurling hom met betrekking tot die geaardheid van die witman: "Die Miljenêr se Kombuis". [35] Nadat sy "pellie" wat by die miljoenêr werk, vir hom die begeerlikhede van kombuis en kelder gewys het, neem hy as vanselfsprekend aan dat ook die miljoenêr, soos hy, mededeelsaam, gesellig, plesierig is :

" "Ga' hy nou patie skop? Daa's oorganog
om twintig ouens 'n week lank te laat smul."
"Nei",sê hy, "Die baas eet altyd alleen." "

Hierdie gedig herinner aan die woorde van Opperman wat aan die begin van hierdie hoofstuk aangehaal word, oor die vervreemding tussen die rasse in die land.

In "Die Nasleep" [36] word die groot keuse gestel waarvoor die Kleurling hom bevind :

"Dissie tweesprong: óf ons is Kommieniste
óf ons neem wêk in die Jere se boot",

maar hy weet dat ook in dié boot daar 'n "stookgat" en 'n "kebbinklaas" is. In "Planne in die Maanskyn" [37] vind ons dieselfde gedagte terug, wanneer die uitleg van woonbuurte op die maan bespreek word :

"Boomplant, Harpe-lus, Fontenel - nie 'n slegte
buurt nie, ńe? Selek! Die leeueporsie! En vir ons?
Vir ons die donker gatkant van die maan."

33) Steenbok tot Poolsee, Johannesburg 1956, en Enklawes van die Lig, Kaapstad 1958.
34) Ballade van die Groot Begeer, Kaapstad 1960.
35) Steenbok, p. 43.
36) Ibid. p. 48.
37) Enklawes. . p. 32.

En so sien hy, in "Plegtige Opening",[38] die lands-regeerders:

"Da' kom 'le nou, die mense wat die wette
soos skoenveters lostorring en weer knoop -
want op watter sole ook al húlle loop,
die toon is maar bestem vir ons bruin stête."

In "Die Kleurbaadjie" [39] vra Krige by monde van " 'n ou Christen" die sleutelvraag :

"Ek lees in die koerant,
dit staan hier in ons eie taal
wat ook jul taal is
- want waar eindig wat julle s'n is
en waar begin, Meneer, wat ons s'n is? "

En dan vertel hy die verhaal van 'n Afrikaner wat 'n Kleurling wou slaan omdat dié eersgenoemde se ou kollege-kleurbaadjie het; 'n verhaal wat die joernalis plegtig en vol ontsag vertel,

"..... of hy hier van iemand soos Paul Kruger
praat, vas soos 'n rots,

Al wat ontbreek, lyk my, is woorde soos
"heldemoed", en "Boeretrou" en "nasietrots".

Ten slotte bid die ou Christen dan volkome in die gees van Small se "Vryheid", om vergifnis vir dié onverdraagsaamheid :

"vergeet, vergeet dit tog, en laat hul binne-
gaan, ja laat hul binnegaan
as hul voor u wit poorte kom te staan
met hul wit velle aan ........ "

Maar Krige kan ook grynslag soos Blum, en nêrens meer sardonies nie as in "Gesprek op die Hotelterras". [40] 'n Klonkie bedel by 'n ongeduldige man, wil eers 'n sjieling hê, dan 'n sikspens, dan 'n trippens, en uiteindelik eindig die gesprek so :

"Stil, bliksem, of ek pak jou beet
en smyt jou van die stoep se trappie!

'n Oulap, Baas, net een! Wie weet,
miskien is Basie nog my Pappie ......"

Hierdie saak, die val duskant -of anderkant - die "lyn", boei Krige, en hy verwoord die Kleurling se veragting vir die ligtes wat voorgee dat hulle blankes is. In "Venstertjie" [41] spot hy met Piet Plaatjies wat voorgee

---

38) Ibid. p. 31.
39) <u>Ballade van die Groot Begeer</u>, p. 38.
40) Ibid. p. 61.
41) Ibid. p. 55.

dat hy "Coetzee Alwyn Viljee" is :

"Jy loop 'n halfmaan
om jou Pa.
Al lank besoek
jy nie jou Ma.
Jy kuier in die Labia!
As iemand jou
toevallig vra
vanwaar jy kom
- o tra-la-la! -
sê jy lag-lag:
"Pretoria ....." "

En in "Moppie vir Boeta Boertjie"[42] spreek hy verontwaardiging uit oor een wat vir sy blanke buurman sê dat sy moeder "die ou meid" is, wat "kom skrop en skuur". Dit kan hy nie vergewe nie, en dan roep hy die bedrieër toe :

"Loop, bliksem, loop,
gaan na jou moertjie ...."

Hier het ons heelwat getuienis dat die selfkritiek, waarop Van Wyk Louw in 1938 reeds gehoop het, en waarop Opperman in 1960 nog steeds wag, reeds besig is om "oor ons te kom". Eerstens is daar die indirekte getuienis van selfkritiek in Watermeyer se aggressiewe opwelling van die groepsdinamiek. Direkte selfkritiek vind ons in Opperman se neerpen van "almal en alles se weë," in Small en Krige se betoë teen wanpraktyke en wanverhoudings, en in Blum en Krige se "klootjiesvolk"-wysheid. Die betekenis van hierdie selfkritiek het ons reeds verduidelik; dit is kritiek by die ontaard van menslike verhoudings, en dit is ons betoog dat menslike verhoudings - by die indiwidu sowel as die volk - die basis vorm van die verhouding tot die transendente. En hierdie verhouding is die grondliggende ding-van-waarde in die lewe van die volk.

---

42) Ibid. p. 29.

## SLOTBESKOUING.

Ons het in die inleiding tot hierdie studie die hipotese gestel dat beroeringe in die lewe van 'n volk - 'n stryd om waardevolle dinge wat die volk voer - 'n neerslag vind in die poësie van dié volk; dat 'n volk, as groep, hom op sekere maniere gedra; en dat die neerslag derhalwe op verskillende vlakke tot uiting kom. Ons wil nou, aan die hand van die besprekings van die tekste wat ons behandel het, probeer vasstel of hierdie hipotese enigsins aanvaarbaar is. Ons wil sonder vrees vir teenspraak betoog dat die beroeringe in die lewe van die Afrikanervolk 'n neerslag gevind het in die Afrikaanse poësie. Hierdie is weliswaar geen nuwe standpunt nie. Maar ons wil die begrip "beroeringe" vernou tot 'n spesifieke stryd: die stryd om enkele fundamentele dinge-van-waarde in die volkslewe.

Wat betref die eerste fundamentele ding-van-waarde in die lewe van die volk, selfbeskikking, wat veral in die oë van die ander volkere geld as bewys van die volk-wees, het ons die volgende waargeneem :

a. 'n Skerp reaksie deur die pas-mondige "digters" toe die Transvaalse vryheid in die laat-sewentiger- en vroeg-tagtigerjare van die vorige eeu bedreig is;
b. 'n Soortgelyke reaksie teen 'n soortgelyke bedreiging in die laat-negentigerjare;
c. 'n Verslaenheid en terselfdertyd 'n manmoedige verweer teen die verslaenheid, nadat die Republieke in 1902 hulle vryheid verloor het;
d. 'n Opmerklike onverskilligheid jeëns politieke sake gedurende die twintigerjare;
e. 'n Opwelling van politieke bewustheid wanneer die volk hom in die dertigerjare op die politieke kruisweë bevind.

Wat betref die tweede ding-van-waarde, die kultuurgoedere, wat veral teenoor die volk self geld as bewys van sy volk-wees, merk ons die volgende :

a. Gedurende die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu neig die volk tot kulturele kapitulasie, en hierdie proses word heftig deur 'n paar kultuurleier-digters hokgeslaan;

b. Gedurende die dertigerjare, wanneer kultuur en politiek in 'n baie noue verband met mekaar staan, is die politieke arbeid van die digters ook regstreeks op die kultuurlewe van die volk gemik.

Wat betref die derde en fundamentele ding-van-waarde in die lewe van die volk, sy verhouding tot die transendente, wat die basis vorm van sy verhouding tot ander groepe, en wat in die oë van God geld as bewys van sy volk-wees, neem ons die volgende waar :

a. Reeds op 'n baie vroeë tydstip, en toe die Afrikanervolk self nie deur ander volkere geag is nie, is daar enkele gevalle waar 'n digter hom bemoei met die handelwyse van die Afrikaner teenoor land- maar nie groepgenote nie;
b. Met die bestendigheid van die twintigerjare kom daar tekens dat daar van sekere stereotiepe met betrekking tot ander groepe afgesien word;
c. In die jongste tyd, wanneer dit blyk dat die Afrikaner besig is om sekere verantwoordelikhede jeëns sy landgenote, wat deur sy groter vryheid en mag meegebring is, weg te rasionaliseer, laat die digters in toenemende mate van hulle hoor.

Ons wil voorts betoog dat die Afrikanervolk-as-groep hom welseker gedra in ooreenstemming met die prosesse van die groepsdinamiek. Uit die staanspoor het bedreiging aanleiding gegee tot die sluit van die geledere en die vorming van outo- en heterostereotiepe, en dit het weer mite-vorming as onvermydelike gevolg gehad. En hierdie mite was in elke krisis van die volk steeds onmiskenbaar werksaam. Ons verwys na die voorvaderverering en god-geroepenheid van die Genootskappers, en die wyse waarop daar na die Tweede Vryheidsoorlog, en gedurende die Rebellie en Smelting hiervan gebruik gemaak is.

Maar ons het gesê dat mense nie in 'n ewe sterk gebondenheid tot die groep staan nie; dat party tot 'n sekere distansiëring in staat is, en derhalwe tot 'n kritiese aanskouing van die groep, terwyl andere vasgevang sit binne die blinde kragveld van die groep, en hulle met al die middele van die groep verweer teen die prikkels van die eersgenoemdes. Ons wil derhalwe betoog dat die neerslag wat plaasvind, geen homogene aard vertoon nie :

a. Reeds in die vorige eeu, tydens die groot periode van mite-vorming, relativeer S.J. du Toit die Blanke se standpunt;

b. Reeds voor 1910, toe die ander digters rondspring om die verslaenheid van die Afrikaner te besweer, maak Leipoldt die Afrikaner aandadig aan die dood van die Kampkinders;

c. Die dertigerjare bring die twee Louws, en oor dieselfde aangeleenthede skryf die een geleentheidsverse en die ander aktualiteitspoësie met 'n visie;

d. In die jongste tyd vind ons langs diepbesonne aktualiteitspoësie, die groep se verweer teen die prikkel.

* * *

Waar die Afrikaner gewikkel geraak het in 'n "stryd om waardevolle dinge", is 'n neerslag in die (dig)kuns" agtergelaat, en hierdie neerslag ontsluit vir ons nie net die wese van die stryd nie, maar ook die wese van die stryder.

# BIBLIOGRAFIE.

## A. Digbundels.

Blum, P. : Steenbok tot Poolsee. Kaapstad, 1955.
Tweede druk 1956.
: Enklawes van die Lig. Kaapstad, 1958.

Bischoff, J.P.A.: South-African Songs/Afrikaanse Liedjies. Kaapstad, 1915.

Blichnaut, A.J. : Groen Grassies. Johannesburg, 1925.

Bosman, F.C.L. : Pluksels. Kaapstad, 1932.

Brink, M.J. : Nationale en Afrikaanse gedigte in Kaaps Hollands. Amsterdam, 1916.
: Bundel B. 1918.
: Bundel C. 1920.

Celliers, J.F.E. : Die Vlakte. Pretoria, 1908.
Tiende druk 1940.
: Die Revier. Potchefstroom, 1909.
Sewende druk 1940.
: Unie Kantate. Potchefstroom, 1910.
Sewende druk 1940.
: Martjie. Amsterdam, 1911. Tweede druk.1916.
: Die Saaier en ander gedigte. Pretoria 1918.
Derde druk [illegible], 1923.
: Jopie Fourie en ander nuwe gedigte.
Kaapstad, 1920.
: Die Lewenstuin en ander gedigte.
Pretoria, 1923.
: Die Groot Geheim, Pretoria, 1924.
: Liefdelewe. Pretoria, 1924.

De Meyer, O.A. : Rougrond: Afrikaanse gediggies.
Bloemfontein, 1944.

De Villiers, M.L. : Lewensrympies. Johannesburg, 1935.

De Villiers, P. : Die Swase Stryd. Johannesburg, 1956.

Diamond, G.J. : Rajodiena. Geen plek, 1931.

Dreyer, B.J. : Liefdes-liedjies en Kinder-bietjies.
Pretoria, 1931.

Du Plessis, I.D.:Die Lied van Ali en ander gedigte.
Kaapstad, 1931.
: In die Sabie. Kaapstad, 1932.

Du Plessis, I.D. : Stryd. Kaapstad, 1935.
: Ballades. Kaapstad, 1937.
: Vreemde Liefde. Kaapstad, 1937.
: Kwatryne, Kaapstad, 1941.
: Skermutseling en Skote. Pretoria, 1943.
: Die Vlammende Fez. Kaapstad, 1943.
: Land van ons Vadere. Kaapstad, 1945.
: Ballade van die Eensame Seeman. Kaapstad 1943.
: Lig en Skaduwee. Kaapstad, 1945.
: Die Sanger, die Bose en die Lied. Kaapstad, 1955.
Du Toit, E.C.M. : In die Verbygaan. Bloemfontein, 1945.
Du Toit, J.D. : By die Monument. Potchefstroom, 1908. Vyfde druk, Bloemfontein, 1917.
: Verse van Potgieter's Trek. Potchefstroom 1909.
: Wilgerboombogies. Potchefstroom 1912. Sewende druk, Bloemfontein, 1936.
: Rachel. Bloemfontein, 1913. Sesde druk 1934.
: Trekkerswee. Potchefstroom, 1915. Veertiende druk Bloemfontein, 1939.
: Passieblomme. Bloemfontein, 1934. Tweede druk, 1936.
: Uit Donker Afrika. Bloemfontein, 1936.
: Die Trek van Boerewaens. Pretoria, 1938.
: Skemering. Bloemfontein, 1948.
Du Toit, S.J. : Uit Vreemde Boord. Bloemfontein, 1940.
: Tussen die Dae. Bloemfontein, 1947.
Eitemal : Phaeton en ander Gedigte. Pretoria, 1931.
: Weerklankies. Pretoria, 1938.
Eybers, E. : Belydenis in die Skemering. Bloemfontein 1936.
: Die Stil Avontuur. Pretoria, 1939.
: Die Vrou en ander verse. Johannesburg, 1945.
: Die Ander Dors. Johannesburg, 1946.
: Tussensang. Johannesburg, 1950.
: Die Helder Halfjaar. Johannesburg, 1957.
: Neerslag, Kaapstad, 1958.
Fagan, H.A. : 'n Eerste Digbundel: uitgesogte gedigte. Paarl, 1917.
: Soos die Windjie wat Suis. Geen plek, 1949.

Fouché, A. : Tiende van die Oes. Pretoria, 1956.
Gardener, G.B.A. : Elia. Kaapstad, 1929.
Gildenhuys, D. : Getye. Kaapstad, 1934.
Groenewald, A. : Blond God. Kaapstad, 1945.
Heiwee : Nirwana. Pretoria, 1931.
Hoogenhout, P.C. : Gedigte van, Patriot-Vereniging Nr.4, deur P.J. Nienaber, Johannesburg, 1941.
Jonker, I. : Ontvlugting. Kaapstad, 1956.
Joubert, H.H. : Dageraad en Sonneskijn en andere gedigte. Pretoria, 1918.
: Verse o'er Piet Retief en andere gedigte. Pretoria, 1911.
Kamp, W.C.W. : Oorwinning en ander gedigte. Pretoria 1925.
Keet, A.D. : Gedigte. Amsterdam, 1920. Vierde druk, 1925.
Kirsch, O. : Die Soeklig. Pretoria, 1944.
: Mure van die Hart. Johannesburg, 1948.
Kotze, S. : Hierdie Uur en ander gedigte. Pretoria 1946.
Krige, U. : Kentering. Pretoria, 1935.
: Rooidag. Pretoria, 1940.
: Oorlogsgedigte. Pretoria, 1942.
: Die Einde van die Pad en ander oorlogsverse. Pretoria, 1947.
: Hart Sonder Hawe. Kaapstad, 1949.
: Vir die Luit en die Kitaar. Johannesburg '50.
: Ballade van die Groot Begeer. Kaapstad 1960.
Lamprechts, B. Spruijt -. : Aanhanklikheid. Pretoria 1949.
Langenhoven, C.J. : Eerste Skoffies op die Pad van Suid-Afrika. Kaapstad, 1921. Versamelde werke deel V11, Kaapstad, 1956.
Leipoldt, C.L. : Oom Gert Vertel en ander gedigte. Pretoria, 1911. Vierde druk, Kaapstad, 1926.
: Dingaansdag. Kaapstad, 1920. Derde druk, Pretoria, 1933.
: Uit Drie Wêrelddele. Kaapstad, 1923. Vierde druk, 1929.
: Skoonheidstroos. Kaapstad, 1932.
: Die Bergtragedie. Kaapstad, 1932.

Leipoldt, C.L. : Slampamperliedjies. Kaapstad, 1936.
: Die Moormansgat. Johannesburg, 1948.
: Geseënde Skaduwees. Johannesburg, 1949.

Lodovikus : Ontwaking. Kaapstad, 1920.

Louw, E. : Venster in die Stad. Kaapstad, 1947.

Louw, G. : Die Trekpad. Kaapstad, 1957.

Louw, N.P. van Wyk : Alleenspraak, Kaapstad, 1935.
: Die Halwe Kring. Kaapstad, 1937.
: Die Dieper Reg. Kaapstad, 1938.
Derde druk, 1947.
: Raka. Kaapstad, 1941.
: Gestaltes en Diere. Kaapstad, 1942.
: Nuwe Verse. Kaapstad, 1954.

Louw, W.E.G. : Die Ryke Dwaas. Kaapstad, 1934.
: Terugtog. Kaapstad, 1940. Tweede druk, 1942.
: Adam en ander gedigte. Johannesburg, 1944.
: Bybels en Babels. 1956.

Malherbe, D.F. : Karroo Blommetjies. Pretoria, 1909.
: Klokgrassies. Potchefstroom, 1914.
: Vir Vryheid. Bloemfontein, 1919.
: Die Timmerman. Bloemfontein, 1921.
: Rivier en Veld. Bloemfontein, 1922.
: Die Skaduwee van 'n Vrou. Bloemfontein, 1923.
: Somerdae. Bloemfontein, 1928.
: Die Siel van Suid-Afrika. Bloemfontein, 1938.
: Brood op die Weg. Bloemfontein, 1939.
: Duine en Pioniere. Johannesburg, 1951.

Marais, E.N. : Versamelde Gedigte. Pretoria, 1933.

Marais, W.C. : Doudruppeltjies en ander gedigte. Witbank '36.

Marius : Blommetjie uit die Afrikaanse Tuin.
Bloemfontein, 1916.

Martins, H. : Die Losberge en ander gedigte. Kaapstad, 1916.
: Minnetrou. Stellenbosch, 1920.
: Die Rustelose Gees. Paarl, 1920.
: Gedigte. Wepener, 1940.

Mocke, S.I. : Gedigte. Pretoria, 1932.
: Vlugtige Aandrif. Pretoria, 1936.
: Liedere van Salome en ander gedigte.
Johannesburg, 1948.

Mocke, S.I. : Twee Lande Johannesburg, 1953.
: Die Koue Tye. Johannesburg, 1956.

Moll, G.R.A. : Fluisterstemme, Pretoria, 1935.

Mostert, D. :"Elker Siele": Gedigte. Pretoria, 1925.

Oosthuizen,J.J.: In die Woestyn. Pretoria, 1945.

Opperman,D.J.: Heilige Beeste. Kaapstad,1945.Tweede Druk,1947
: Negester oor Ninevé. Kaapstad, 1947.
: Joernaal van Jorik. Kaapstad, 1949.
: Engel uit die Klip.Kaapstad, 1950.
: Blom en Baaierd. Kaapstad, 1956.

Petersen,S.V.: Die Enkeling. Port Elizabeth, 1944.
: Die Stil Kind en ander Verse.Kaapstad, 1948.
: Die Kinders van Kaïn.Kaapstad, 1961.

Philander,P.J: Uurglas. Kaapstad, 1955.

Potgieter,D.J.:Lig en Skaduwee. Johannesburg, 1938.

Pretorius, S.J.:Vonke. Pretoria, 1943.
: Die Arbeider en ander gedigte.Pretoria,1945.
: Inkeer. Johannesburg, 1938.
: Die Swyende God. Johannesburg, 1949.
: Grou Mure. Johannesburg, 1953.

Reitz,F.W. : Oorlogs en Andere Gedichten.Potchefstroom,1910.

Rousseau,I. : Die Verlate Tuin. Kaapstad, 1945.

Schlengemann,E.A.: Gedigte. Kaapstad, 1945.

Scholtz, M. : Vlugtige Spore. Kaapstad, 1947.

Small, A. : Verse van die Liefde.Kaapstad, 1957.
: Kitaar my Kruis.Kaapstad, 1960.

Smit, B. : Mure.Pretoria, 1950.

Smit, J.G. : Afdrukkies en Indrukkies. Oudtshoorn, 1921.

Steyn, H.J. : Christien en ander gedigte. (?) 1947.

Stockenstrom,B.: Somaar Liedjies. Kaapstad, 1934.

Swemmer, B.N. : Droomkinders. Johannesburg, 1931.

Taljaard, L. : Rosies van die Liefde. Pretoria, 1937.

Totius, : Kyk onder du Toit, J.D.

Van Bruggen, J.R.L.: Lente Stemme. Pretoria, 1919.
: Gedigte. Pretoria, 1925.
: Morestond. Pretoria, 1936.

Van den Heever,C.M.: Stemmingsure. Pretoria, 1926.
: Deining. Pretoria, 1932.
: Aardse Vlam. Pretoria, 1938.
: Verhalende Gedigte. Pretoria 1950.
: Honderd Sonnette Pretoria, 1955.

van den Heever,F.: Gedigte, Pretoria, 1919.
: Eugene en ander gedigte. Pretoria,1931.
Vierde Druk,1951.

Van der Merwe,I.W.: Krokos. Kaapstad, 1958.
: Ghaap en Kambro. Kaapstad, 1959.

Van der Merwe, J.N.: Van Mens tot Mens. Kaapstad, 1941
Van Heerden, E.: Weerlose Uur. Kaapstad, 1942.
: Verklaarde Nag. Kaapstad, 1946.
: Die Sewe Vrese. Johannesburg, 1951.
: Bevryding. Kaapstad, 1952.
: Reisiger, Kaapstad, 1953.
: Koraal van die Dood. Kaapstad, 1956.
Van Hessen, M.: In My Eensame Hof. Pretoria, 1940.
Van Zyl, P.C.: Snaakse Afrikaanse Rympies. Bloemfontein,1934.
Vellema,A.J. : Vellema se Versies. Standerton,1926.
Visser, A.G. :Gedigte, Pretoria, 1925. Sestiende druk, 1949.
: Rose van Herinnering. Pretoria, 1927.
: Die Purper Iris. Kaapstad, 1930.
: Uit ons Prille Jeug.Kaapstad, 1930.
Visser, A.J.J.: Kaleidoskoop. Kaapstad, 1957
: Labirint. Kaapstad, 1959.
Wassenaar,T.:: Gedigte. Bloemfontein, 1921
: Gedigte. Bloemfontein, 1938.
Watermeyer,G.A.: Sekel en Simbaal. Kaapstad, 1948.
: Republiek van Duisend Jaar. Johannesburg,1957.
Willemse, W.A.:Blonde Skaduwees van Rhynland. Pretoria,1936.

B. Bloemlesings.

Afrikaanse Gedigte,byeenfersameld uit wat in di laaste 3o jaar ferskyn is, 1876 - 1906. Paarl, 1906.
Adrikaanse Versameling. van Uys Krige. Maastricht, 1937.
Groot Verseboek.van D.J.Opperman. Kaapstad, 1951.
Totius in sy Verse. deur L.J.du Plessis. Kaapstad, 1924.
Vijftig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte. van F.W.Reitz, Kaapstad, 1888.

C. Studies, Opstelle en Artikels.

Antonissen, R. K. J. E, :Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede. Kaapstad, 1955.
Tweede druk, 1961.
Armstrong, H. C. : Grey Steel. Londen, 1937.
Binger, J., : Martin Buber, zijn leven en zijn werk. s'Gravesand, 1947.
Botha, D. P., : Die Opkoms van ons Derde Stand.Kaapstad, 1960.
Bresler, C. P.: oor Gedigte van F. van den Heever in Die Huisgenoot, 7 Augustus 1920.

Bulpin,T.V. : Storm over the Transvaal. Kaapstad, 1955.

Cloete,T.T. : Trekkerswee en Joernaal van Jorik. Amsterdam, 1953.
: oor Steenbok tot Poolsee van Blum, in Die Huisgenoot, 11Junie 1956.
: Die Wêreld is ons Woning nie.Kaapstad, 1961.

Coetzee,A. : Die Afrikaanse Volkskultuur. Kaapstad, 1953.

Coetzee,J.C.: oor die digter Totius, in Vandag, April 1947.

Conradie,E.J.M.: Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika. Deel II, Pretoria, 1949.

Crafford,F.S.: Jan Smuts. Kaapstad, 1953.

Dekker,G. : oor Gedigte van F. van den Heever, in Die Banier, Mei 1920.
: Afrikaanse Literatuurgeskiedenis. Kaapstad, 1935. Vyfde druk, 1960.
: oor Die Halwe Kring, in Die Huisgenoot, 11 Maart 1938.
: oor Die Dieper Reg, in Die Huisgenoot, 9 September 1938.
: oor Terugtog, in Die Huisgenoot, 27 September 1940.

De Vries,J.M.: oor Steenbok tot Poolsee, in Zuid-Afrika, September 1956.
: oor Enklawes van die Lig in Zuid-Afrika, April 1959.

Eybers,E. : oor Werda! van E. C. Pienaar, in Die Suiderstem, 5 November 1938.
: oor Terugtog in Die Brandwag 18 Oktober 1940.

Fromm,E, : Escape From Freedom. Nu York, 1941.

Grobler,P.du P. : oor die digter W.E.G.Louw, in Die Huisgenoot, 12 Maart 1948.
: oor een van Marais se vertalings in Standpunte, IX,6, 1955.

Grové,A.P. : Oordeel en Vooroordeel. Kaapstad, 1958.
: oor Opperman se "Nagwag", in Standpunte, XII, 4, April 1959.

Haarhoff,T.J. : oor F. van den Heever se Gedigte, in Die Huisgenoot, 15 Augustus 1924.

Hartmann,E. : oor Totius se lewensbeskouing, in Die Nuwe Brandwag, III, 3-4.

Hofstätter,P. : Psychologie, Frankfurt, 1857.

Jacobie,J. : De Psychologie van C. G. Jung. Amsterdam, 1949.

Jonker,A. : oor F. van den Heever en kuns in Die Huisgenoot, 20 Junie 1924.

Jonker,A. : id. Die Huisgenoot, 22 Augustus 1924.
Krige,U. : oor Die Halwe Kring in Die Burger, 18 Desember 1937.
: oor Leipoldt in Vandag, April 1947.
Kritzinger, M.S.B. : Letterkundige Kragte. Pretoria, 1932.
Kromhout,J. : Leipoldt as Digter. Pretoria, 1954.
Lindenberg,E. : oor "Is daar nog trane?"van Marais in Standpunte, XI, 5, Desember 1957.
: oor Enklawes van die Lig, in Die Huisgenoot, 3 Oktober 1958.
: oor Marais in Standpunte, XIII, Oktober 1959.
Louw,N.P.van Wyk,: Lojale Verset, Pretoria, 1938.
: Berigte te Velde, Pretoria, 1939.
: oor Jan Celliers in Die Brandwag 21 Junie 1940.
: id. in Die Huisgenoot, 28 Junie 1940.
: oor Leipoldt in Die Huisgenoot, 6 Desember 1940.
: Liberale Nasionalisme, Kaapstad, 1958.
Louw,W.E.G.: De Nieuwere Afrikaanse Poëzie, s'Gravenhage '39.
: oor D.F.Malherbe se Brood op die Weg, in Die Huisgenoot, 26 Januarie 1940.
: Oorsig van die Afrikaanse poësie na 1900, in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel III.
Malherbe,F.E.J. : Aspekte van Afrikaanse Literatuur. Kaapstad, 1940.
: Wending en Inkeer. Kaapstad, 1948.
: Afrikaanse Lewe en Letterkunde. Stellenbosch, 1958.
Mulder,H.A.: Opstelle oor Poësie. Pretoria, 1939.
: Twee Wêrelde. Pretoria, 1942.
Nienaber, G.S. en P.J. : Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde, (vanaf die begin tot aan die einde van die 19e eeu). Pretoria, 1941.
Nienaber,P.J. : Ds. S.J. du Toit, die Eeensame Ismael. Pretoria, 1940.
: C.P.Hoogenhout, Gedigte, Patriot-uitgawe,1941.
: Totius, Digter en Profeet. Johannesburg, 1948.
: Leipoldt, Eensame Veelsydige. Johannesburg, 1948.
: Mylpale, Johannesburg, 1951.
: Perspektief en Profiel. Johannesburg, 1951. Tweede druk, 1962.

Opperman,D.J. : Digters van Dertig. Kaapstad, 1953.
: Wiggelstok. Kaapstad, 1959.

Pienaar.E.C.: Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse Beweging. Tweede druk, Kaapstad, 1920, vierde druk 1931.
: oor Die Halwe Kring in Die Burger 11 Desember. 1937.
: Werda! Kaapstad, 1938.

Pirow,O. : James Barry Munnik Hertzog. Kaapstad, 1957(?)

Scholtz,J du P. : oor Die Halwe Kring in Die Burger, 18 Desember 1937.

Scholtz, M. : oor "Oom Gert Vertel", in Standpunte, XIV, 3, Februarie 1961.

Small,A. : Die Eerste Steen? Kaapstad, 1961.

Truter,H.W. : oor Die Dieper Reg, in Standpunte, XIV, 3, Februarie 1961.

Transvaal Publishing Company, (skrywer onbekend), oor Sir Pieter Faure in Men of the Times, 1906.

Van den Heever,C.M. : Generaal J.B.M.Hertzog. Tweede druk, Johannesburg, 1944.

Van Heerden,E. : oor I. D. du Plessis se Land van Ons Vadere in Ons Eie Boek, Maart 1946.
: oor Blom en Baaierd in Die Huisgenoot, 11 Junie 1956.

Van Jaarsveld,F.A. : Die Afrikaner en sy Geskiedenis. Kaapstad, 1959.

Van Niekerk,L. : oor D.F.Malherbe se Vir Vryheid in Die Huisgenoot, November 1919.
: De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen. Kaapstad, 1920.
: oor F.van den Heever se Gedigte in Die Huisgenoot, 15 Augustus 1924.

Verschaeve,C. : Voortrekkerspad. Brugge, 1938. Derde druk, Bloemfontein, 1958.